

**DIE INSKAKELING VAN DIE JODE BY DIE  
AFRIKAANSSPREKENDE GEMEENSKAP OP DIE  
PLATTELAND VAN 1880 TOT 1950**

**TALANA WEIL**



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die  
graad van Magister in Lettere en Wysbegeerte (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis)  
aan die Universiteit van Stellenbosch

**Studieleier: Dr M Burden**

Maart 2000

**Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.**

## OPSOMMING

Na 1880 is Jode (hoofsaaklik van Oos-Europese afkoms) toenemend op die Suid-Afrikaanse platteland aangetref. Aanvanklik het hulle as smouse die landelike gebiede deurkruis. Later het hulle egter permanent op die plattelandse dorpe gevestig – in die meeste gevalle het hulle ’n winkel of ander soort besigheid begin.

Die Jode het uit die aard van hulle werk oorwegend met die Afrikaanssprekende gemeenskap in aanraking gekom. Alhoewel daar definitiewe verskille tussen dié twee groepe was, veral ten opsigte van godsdiens en taal, het die Jode redelik gou aangepas en ingeskakel. Hulle het op verskillende terreine by die Afrikaanssprekende gemeenskap betrokke geraak en ’n substansiële bydrae gelewer. Hoewel hulle betrokkenheid en bydrae tot die ekonomiese terrein as die belangrikste beskou kan word, het hulle ook op baie ander gebiede soos byvoorbeeld politiek, opvoeding, taal, sport en ontspanning belangrike bydraes gelewer.

Die Jode se teenwoordigheid op die Suid-Afrikaanse platteland was nie slegs belangrik as gevolg van hulle inskakeling by die Afrikaanssprekende gemeenskap of die bydrae wat hulle as groep gelewer het nie, maar ook as gevolg van die mate waarin albei groepe mekaar beïnvloed het. Die Jode se aanwesigheid en hulle betrokkenheid by die dorp se bedrywighede en mense het meegebring dat albei groepe kultureel verryk is en dat die Suid-Afrikaanse platteland ’n unieke karakter verkry het.

Hoewel die Jode deur die Afrikaanssprekende gemeenskap beïnvloed is en hulle as groep nuwe kultuurgoedere bygekry het, het hulle steeds in ’n groot mate hulle Joodse identiteit behou.

Daar was oor die algemeen ’n baie goeie verhouding tussen die Afrikaanssprekende plattelanders en die Jode. Na ongeveer 1950 het daar geleidelik ’n toenemende getal Jode na die stede verhuis. Die ontvolking van die platteland met betrekking tot die Jode het in so ’n mate plaasgevind dat daar vandag slegs enkele Joodse gesinne op die meeste plattelandse dorpe oor is.

## SUMMARY

After 1880 more and more Jews (mostly of East European descent) moved into the rural areas of South Africa. Initially they travelled across the country as hawkers but later settled permanently in many of the smaller towns. In most cases they opened shops or started businesses of another kind.

Due to the nature of their work the Jews mostly came into contact with the Afrikaans speaking community. Although these two groups differed considerably in many ways, especially as regards language and religion, the Jews adapted and integrated fairly quickly. They became involved with the Afrikaans speaking community in various ways and made a substantial contribution. Although their involvement in and contribution to the economy can be considered as the most important, they also played a considerable role in other areas such as politics, education, language, sport and recreation.

The presence of the Jews in rural South Africa was important not only because of their integration with the Afrikaans speaking community and the contribution they made as a group, but also because of the extent to which the two groups influenced each other. Both groups were culturally enriched and the South African country town developed a unique character due to the presence of the Jews and their involvement in the life and activities of the townspeople.

Although the Jews were influenced by the Afrikaans speaking community and thus acquired new cultural assets, they still to a large extent retained their Jewish identity.

On the whole there was a very good relationship between the Afrikaans speaking rural population and the Jews. After 1950 an increasingly large number of Jews moved to the cities. The depopulation of the rural areas, as regards to Jews, took place to such an extent that today only a few Jewish families remain in rural areas.

*Ons het hier byna 'n polietse land. Kosmopoliets. Daar is nergens op aarde 'n nasie te kry of hy is, op een ná, hier te kry. En dan is daar nog nasies hier wat nergens anders te kry is nie. 'n Volledige lys sou my hele boek in beslag neem. Ek noem 'n paartjies uit die menigte: Skotte en ander Engelse, Britte, Iere, Hollanders, Duitsers, Jode, Russe, Russiese Jode, Portuganse, Hollanders, Vlamingoes, Jingoës, Fingoës, Dagoës, Sagoës, Dene en Noorweë, Kaffers, Soeloës, Koedoes, Basoetoës, Koelies, Vieterjoelies, Italianers, Spanjole, Minorkas, Indiërs, Slamaaiers en ander Turke, Vrystaters, Volstruisboere, Jode, Wolboere, Jode, Namakwalanders, Dokters, Lykbesorgers, Akademiese dokters, Swaksinniges, Senatore, Grafgangers, Dorkashuishouers, Winkeliers, Meulenaars, Prokureurs, Losieshouers, Rowers, Mynmagnate, Arbeiders, Stakers, Engelse, Skotte, Veroweraars, Roofbuiters, Jode, Vrughtewinkeliers, Grieke, Resensente, Doktore, Taungsape, Hereros, Administrateurs, Duitsers, Boesmans, Hottentotte, Kleurlinge, Kiesers, Suffragette, Prokureurs, Erfgename, Jode, Engelse, Skotte en Afrikaners.*

*Die leser moet 'n wêreld-atlas kry en die nasies bysit wat ek uitgelaat het. Buiten die Franse.*

(CJ Langenhoven: Ongepubliseerde manuskrip)

**Opedra aan my ouers en ter  
nagedagtenis aan my oupa,'n  
ware boerejood.**

## **DANKBETUIGINGS**

Graag wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor my studieleier, dr Matilda Burden vir haar volgehoue ondersteuning, aanmoediging en verdraagsaamheid. Sonder haar insig en leiding sou hierdie projek nie moontlik gewees het nie. Ek wil ook my ouers bedank vir hulle deurlopende motivering, waardevolle insigte en bydraes en geestelike sowel as finansiële ondersteuning. Baie dankie aan al die informante vir die beskikbaarstelling van waardevolle inligting. 'n Spesiale dankwoord aan my vriende wat altyd na my klagtes geluister het en my deurgaans moed ingepraat en ondersteun het.

## INHOUDSOPGAWE

	<b>BLADSY</b>
<b>INLEIDING</b>	1
<b>HOOFSTUK 1: AGTERGROND</b>	
1.1 Die immigrasie van Jode na Suid-Afrika	6
1.1.1 Die periode voor die eerste immigrasie-beweging	6
1.1.2 Die eerste immigrasie-beweging (±1806-1880)	9
1.1.3 Die tweede immigrasie-beweging (±1881-1914)	10
1.1.4 Die derde immigrasie-beweging (±1933-1938)	16
1.2 Die karakter en lewenswyse van die Afrikaner op die platteland	17
1.2.1 Die landelike aard en karaktertrekke van die Afrikaner	17
1.2.2 Die invloed van kommersialisering en industrialisering op die Afrikaners	19
1.2.3 Die verstedeliking van die Afrikaners	20
1.3 Die invloed van die veranderde platteland op die Jode	20
<b>HOOFSTUK 2: DIE PLATTELANDSE JOOD: LEWENSINGE- STELDHEID EN SOSIALE ONGANG</b>	22
2.1 Voorkoms, lewensingesteldheid en karaktertrekke	22
2.2 Die plattelandse Jode in verhouding met mekaar en met Afrikaners	24
2.2.1 Interaksie tussen Jood en Jood	24
2.2.2 Interaksie tussen Jood en Afrikaner	25
2.3 Die plattelandse Jode se betrokkenheid by ontspanning, sport en vermaak	30
2.4 Joodse betrokkenheid by politiek	32
2.4.1 Jode se deelname aan die Anglo-Boereoorlog	33
2.4.2 Die Jood en anti-Semitisme	33
2.5 Slot	34

<b>HOOFSTUK 3: TAAL EN WOORDKUNS</b>	35
3.1 Die plattelandse Jode en hul taalgebruik	35
3.2 Woordkuns	36
3.2.1 Naamgewing	37
3.2.1.1 Plek- en plaasname	37
3.2.1.2 Voorname en vanne	39
3.2.1.3 Byname	41
3.2.2 Uitdrukkings, gesegdes en segswyses	43
3.2.3 Volksvertellings	44
3.2.3.1 Belewensvertellings	44
3.2.3.2 Sages	50
3.2.3.3 Grappe	52
3.2.4 Rympies	57
3.3 Die Jode se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde	59
3.3.1 Joodse skrywers in Afrikaans	59
3.3.2 Die Jood as onderwerp in die Afrikaanse letterkunde	62
3.4 Slot	63
<b>HOOFSTUK 4: GELOOF EN LEWENSVORME</b>	64
4.1 Die grondbeginsels van die formele Joodse geloof (Judaïsme)	64
4.2 Uitvoering van Joodse geloofstradisies op die platteland	66
4.3 Die belangrikste Joodse feeste	67
4.3.1 Purim	68
4.3.2 Joodse Paasfees	68
4.3.3 Shavuot of Pinkster	68
4.3.4 Rosh Hashanah of Joodse Nuwejaar	68
4.3.5 Joom Kippoer of Dag van Versoening en Oordeel	69
4.3.6 Soekkot of Fees van die Tabernakels	69
4.3.7 Gannoeka, Fees van die Tempelinwyding of Fees van die Ligte	69
4.4 Afrikaners se siening van die Jode en hul geloof	70



4.5	Lewensvorme	70
4.5.1	Geboorte en besnydenis	70
4.5.2	Bar Mitzvah	71
4.5.3	Huwelik	71
4.5.4	Begrafnis	75
4.5.5	Bygeloof en volksgeneeskunde	76
4.6	Slot	77

## **HOOFSTUK 5: EKONOMIE** 78

5.1	Smouse	78
5.1.1	Frekwensie en omvang van smoustogte	79
5.1.2	Uitgebreide rol van die Joodse smous op die platteland	80
5.1.3	Besigheidsmetodes van die Joodse smous	81
5.1.4	Ware deur smous te koop aangebied	81
5.1.5	Die smous en sy nie-Joodse klante	82
5.1.6	Einde van die smouskultuur	85
5.2	Joodse winkels en winkeliers	85
5.2.1	Verskillende tipes Joodse winkels	85
5.2.2	Struktuur en uitleg van Joodse winkels	86
5.2.3	Karaktertrekke van die Joodse handelaar	87
5.2.4	Die Jood se besigheidsmetodes	88
5.2.5	Die Joodse winkelier en sy werknemers	89
5.2.6	Die Jood en sy nie-Joodse klante	90
5.3	Joodse hulp tydens die Depressie	90
5.4	Die Jood en boerdery	92
5.5	Slot	93

## **HOOFSTUK 6: ARGITEKTUUR EN MEUBELS, VERVOER-** 95

### **MIDDELS EN KLEREDRAG**

6.1	Argitektuur en meubels	95
-----	------------------------	----

6.1.1	Woning-argitektuur	95
6.1.2	Sinagoge-argitektuur	96
6.1.3	Meubels	98
6.2	Vervoermiddels	99
6.3	Kleredrag	99
6.4	Slot	100
<b>HOOFSTUK 7: EVALUERING</b>		101
7.1	Identiteit	101
7.2	Die Jode se inskakeling by en bydrae tot die Afrikaanssprekende gemeenskap	101
7.3	Wedersydse beïnvloeding	104
<b>BRONNELYS</b>		105
<b>BYLAAG 1</b>		i
<b>BYLAAG 2</b>		vi
<b>BYLAAG 3</b>		xiii
<b>BYLAAG 4</b>		xvii
<b>BYLAAG 5</b>		xxii
<b>BYLAAG 6</b>		xxiii

## INLEIDING

### Probleem en doel van ondersoek

Die moderne Joodse geskiedenis is dié van verskillende Joodse gemeenskappe in verskillende lande regoor die wêreld. In elk van die lande is die Jode beïnvloed deur die besondere omgewing en mense van daardie spesifieke land. Aan die anderkant het die Jode ook op hulle beurt die omgewing en sy mense beïnvloed.

In Suid-Afrika het baie van die Joodse immigrante vanaf die Russiese Ryk hulle op die Suid-Afrikaanse platteland gevestig. Die inwoners van die dorpe waar hulle hulle gevestig het, sowel as die plaasmense in die landelike gebiede, was oorwegend Afrikaanssprekend. Die vraag wat dus dadelik na vore kom is: In watter mate het die Jode by die Afrikaanssprekende gemeenskap ingeskakel?

Hierdie studie wil in die eerste plek vasstel in watter mate en op watter terreine die Jode by die Afrikaanssprekende gemeenskap ingeskakel het. Daar word ook ondersoek ingestel na die mate waarin hierdie twee groepe mekaar wedersyds beïnvloed of betrek het by hul geloofstradisies, algemene gebruike of gemeenskapsaangeleenthede.

Daar is reeds baie oor die Jode in Suid-Afrika geskryf, veral vanuit 'n historiese oogpunt. Ten spyte daarvan is die behoefte geïdentifiseer om spesifiek te fokus op die interaksie wat tussen die Jode en die Afrikaners plaasgevind het. Daar is so vroeg soos 1955 al gevind dat daar in hierdie opsig 'n leemte bestaan in die Jood-Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Saron en Hotz skryf in die inleidingshoofstuk van hulle boek *The Jews in South Africa – A history: It would be a fascinating study to compare the specific ways in which each of these communities (Jews in different countries) has become integrated into the country of its adoption while at the same time adapting the common Jewish heritage to the new environment. That study has still to be undertaken [...]* (1955:xii). Ook FA van Jaarsveld, bekende historikus, identifiseer hierdie

behoefte as hy skryf: *Wat die historiese verhouding van Jood en Afrikaner betref, dit moet nog geskryf word* (1970:19).

### **Begripsomskrywings**

Die terme **Jood** of **Jode** en **Afrikaners** of **Afrikaanssprekende gemeenskap** word deurgaans in die studie gebruik. Vir die doel van hierdie studie omsluit die term **Jood** twee groepe. Eerstens verwys die term na persone wat van 'n Joodse moeder gebore is (die Joodse geloof stipuleer dat die kind se geloof altyd dié van die moeder is). Dit sluit ook persone in wat volgens 'n ander geloof grootgemaak is of wat hulle later tot 'n ander geloof bekeer het. Tweedens verwys die term na 'n persoon wat lewe soos en aanvaar word as 'n Jood, ongeag of die persoon op grond van enige beginsel van die formele Joodse geloof kwalifiseer om 'n Jood te wees. 'n Aangenome kind wat nie van 'n Joodse moeder gebore is nie, maar as deel van 'n Joodse gesin grootword en al die Joodse gebruike en tradisies onderhou, sal ook vir hierdie doel as 'n Jood beskou word.

Volgens FA van Jaarsveld is die term **Afrikaner** reeds aan die begin van die 18de eeu gebruik, hoofsaaklik om 'n onderskeid tussen die Suid-Afrikaanse Westerlinge en die Europeërs (van die Europese vasteland) te tref (Van Jaarsveld 1970:17). Die gebruik van hierdie term dui dus noodwendig op die aanvaarding van 'n eie groep en nuwe vaderland (Van Heerden 1989: 22).

Abel Coetzee, alombekende volkskundige, omskryf die begrip **Afrikaner** soos volg: *Afrikaner is hy wat Afrikaans praat as die wesenlike taal van sy gees, wat hom deur sy aanvaarding van die tradisionele Afrikaanse lewenstyl gevoel as lid van die Afrikaanse volk, in verlede/hede/toekoms aantrek as sy eie lotgevallen en wat afstammeling is van Europese voorouers wat Suid-Afrika aanvaar het as hul enigste blywende geestelike en stoflike tuiste* (Coetzee soos aangehaal in Van Heerden 1989:22).

Die term **Afrikaner** moet egter onderskei word van die term **Suid-Afrikaner**. Volgens Hertzog moet die term **Suid-Afrikaner** in 'n suiwer staatsregtelike verband geïnterpreteer

word as 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika. Die term **Afrikaner** verwys na 'n volk (dit wil sê 'n groep met dieselfde kultuur) wat 'n enger betekenis as **Suid-Afrikaner** het (1970:10).

Die term **Afrikaanssprekende gemeenskap** sluit almal in 'n betrokke samelewing of groep in wat Afrikaans praat en Afrikaans as voertaal gebruik. Daar word in die studie ook gekyk na die mate van interaksie tussen die Jode en die bruin mense op die platteland.

### **Terreinafbakening**

Die tydperk wat deur hierdie ondersoek gedek word, strek van ongeveer 1880 tot 1950. Dit was in hierdie periode dat die Jode op die Suid-Afrikaanse platteland woonagtig was. Voor 1880 het die meeste Jode in die stede gewoon. Dit is egter nie moontlik om rigiede afsnydatums te gebruik in 'n studie van hierdie aard nie. Daarom word daar wel hier en daar na latere gebeure en tendense verwys om 'n vollediger beeld te gee.

Dit was hoofsaaklik die Joodse immigrante vanaf Oos-Europa (wat veral van 1880 tot 1910 na Suid-Afrika gekom het) wat hulle op die platteland gevestig het. Laasgenoemdes het die smouskultuur na die platteland gebring omdat dit min kapitale uitleg vereis het en omdat daar 'n behoefte daarvoor was. Die smouse het dikwels alleen (met slegs 'n handlangers of twee) op hul smoustogte gegaan, terwyl hulle gesinne nog in die stad woonagtig was. Mettertyd het die smous en sy gesin hulle egter op die platteland gevestig, veral in gevalle waar die smouse hulle beroep tot dié van winkelier of ander tipe sakeman uitgebrei het.

Na 1950 was daar 'n baie sterk verstedelikingstendens toe die meeste Jode die platteland verlaat en hulle in die stad gaan vestig het. Die vernaamste rede hiervoor was dat die Joodse kinders verder gaan studeer het en professionele beroepe bekleed het. Die kinders het dus nie voortgegaan met die bedryf van hulle ouers se winkels of ander besighede op die platteland nie. Wanneer die ouers afgetree het, het hulle stad toe getrek om nader aan hulle kinders te wees. Die verandering van bepaalde ekonomiese bedrywighede op die platteland (byvoorbeeld die koms van koöperasies) het ook tot die verstedelikingproses bygedra.

Daar is tydens die ondersoek primêr gefokus op die gewone lede van die Joodse gemeenskap op die platteland en nie noodwendig op die leiers of bekende figure nie.

Die studie verwys na verskynsels wat geldig is vir die grootste deel van die Suid-Afrikaanse platteland. Met onderhoudvoering is daar egter gekonsentreer op die Wes-Kaap en daarom is baie voorbeelde wat aangehaal of bespreek word uit hierdie geografiese streek afkomstig.

### **Metodologie en evaluering van bronne**

'n Wye literatuurstudie is gedoen, waarby sekondêre bronne van dokumentêre aard, sowel as letterkundige bronne ingesluit is. Die dokumentesentrum van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, bevat uiters waardevolle inligting oor die aard, doen en late van die plattelanders in die laat 19de en vroeg 20ste eeu. 'n Groot verskeidenheid brontipes word in die sentrum gehuisves.

Die informant is 'n waardevolle bron van inligting tydens die bestudering van volkskultuur. Onderhoudvoering was daarom 'n belangrike metode van ondersoek. Waar moontlik is feite deur middel van ander bronne gekontroleer. Onderhoude is met Jode sowel as nie-Jode gevoer om sodoende 'n verteenwoordigende beeld van die interaksie wat daar tussen die twee groepe plaasgevind het, aldan nie, te kon vorm.

Die brontipe wat waarskynlik die meeste inligting opgelewer het, was periodieke publikasies. Daar is veral twee publikasies, *Jewish Affairs* en *Buurman*, waaruit baie bruikbare inligting verkry is. Die kwartaalblad, *Buurman*, is vir die eerste keer in September 1970 uitgegee. Die doel van hierdie blad was die bevordering van beter buurskap en onderlinge begrip tussen die Joodse en Afrikaanse gemeenskappe in Suid-Afrika. Die blad is in Afrikaans uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes en bevat artikels en ander bydraes deur Jode sowel as nie-Jode. Die publikasie van *Buurman* is in die laat tagtigerjare van die 20ste eeu gestaak.

'n Ander baie belangrike bron was die bibliografie van Veronica Belling met die titel: *Bibliography of South African Jewry*, uitgegee in 1997. Hierdie publikasie is 'n waardevolle

hulpmiddel en kontrolemiddel vir die vind en bestudering van alle publikasies oor Suid-Afrikaanse Jode.

### **Aanbieding van stof**

Weens die beperkte omvang van 'n mini-tesis kon alle moontlike onderwerpe soos byvoorbeeld politiek, opvoeding, taal, ontspanning, sport, ensovoorts nie elk in 'n afsonderlike hoofstuk volledig uitgebou word nie. Daarom is van hierdie onderwerpe saamgevoeg.

In hoofstuk een word die geskiedenis van die Joodse immigrasie van Oos- sowel as Wes-Europa kortliks uiteengesit. Die interaksie en wedersydse beïnvloeding tussen die Jode en die Afrikaanssprekende gemeenskap word behandel binne die konteks van verskillende geestelike en stoflike kultuuruitinge. Hoofstuk twee tot vyf fokus op die geestelike kultuuruitinge, terwyl hoofstuk ses op die stoflike kultuur konsentreer.

Alle direkte aanhalings is in kursief gedruk. In gevalle waar van die woorde of sinne verander of paragrawe verkort is, word die betrokke gedeeltes nie in kursief gedruk nie. Van die grappe in hoofstuk 3 is direk aangehaal, terwyl ander weer verander, verkort of opgesom is.

## HOOFSTUK 1

### AGTERGROND

#### 1.1 Die immigrasie van Jode na Suid-Afrika

Tydens die 19de en 20ste eeu was daar drie afsonderlike immigrasie-bewegings van Jode na Suid-Afrika. Gedurende die eerste beweging, wat van 1806 tot ongeveer 1880 gestrek het, het daar sowat 4 000 Jode na Suid-Afrika gekom. Hierdie Jode het hoofsaaklik vanaf Brittanje en Duitsland gekom, hoewel 'n klein aantal ook vanuit Rusland geïmmigreer het (Kaplan 1986:9,10; Saron 1970:16; Saron 1979:4,5). Hierdie eerste beweging het met die koms van die eerste Britse setlaars in 1820 en die daaropvolgende dekade 'n hoogtepunt bereik. Die tweede beweging was van ongeveer 1880 tot in die 1920's. In hierdie periode was die meeste van die immigrante vlugteling van Rusland en die provinsies Litauë en Pole, as gevolg van die godsdienstige vervolging en ekonomiese onderdrukking van die Jode in hierdie gebiede (Saron 1979:6). Tot uniewording in 1910 het daar reeds meer as 40 000 Jode vanaf Oos-Europa na Suid-Afrika geïmmigreer (Kaplan 1986:9,10). Die derde beweging wat onderskei kan word, het die immigrasie van Joodse vlugteling van Nazi-Duitsland gekenmerk. Die beweging het gestrek van ongeveer 1933 tot 1938, met ander woorde die paar jaar voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (Kaplan 1986:9,10; Saron 1979:6). Die drie immigrasie-bewegings word later in die hoofstuk in meer detail bespreek.

##### 1.1.1 Die periode voor die eerste immigrasie-beweging

Die eerste Jode het reeds eeue voor die eerste immigrasie-beweging by die Kaap aangedoen - selfs voor die koms van die eerste Hollanders onder aanvoering van Jan van Riebeeck. Daar was Joodse matrose wat as deel van die bemanning van die eerste Portugese seevaarders, wat rondom die Kaap gevaar het in 'n poging om 'n seeweg na die Ooste te vind, by Mosselbaai en Delagoabaai aangedoen het (Berger 1976:8; Herrman 1970:92; Rowe 1968:21). Daar word beweer dat Fernao Martins die eerste Jood was wat op Suid-Afrikaanse bodem voet aan wal gesit het. Hy was een van die bemanningslede van Vasco da Gama se skip die San Gabriel. Sy taak was hoofsaaklik om as tolk op te tree tussen die bemanningslede en die volkere wat hulle tydens hulle togte teëgekom het,



vanweë sy kennis van Arabies en Hebreeus. Na bewering het Martins gesukkel om hond haaraf te maak met die Khoi-khoi se klapgeluide (Herrman 1970:92).

Tot met die “Great Expulsion of Jews” (die direkte gevolg van die Spaanse Inkwisisie wat meegebring het dat die meeste Jode uit Spanje gevlug het of later verban is) was Spanje die hoofsetel van die Jode in Europa. Hulle het hulle reeds in die voor-Christelike periode in Spanje gevestig (Herrman 1952:30). Hoewel twee gesaghebbende bronne na hierdie besetting verwys word daar nie gemeld waarom die Jode hulle juis in Spanje gevestig het nie (De Lange 1997:126; Herrman 1952:30).

In 1469 is Isabella (suster van die koning van Kastilië) met Ferdinand, opvolger van die troon van Aragon, getroud. Sy is in 1474 as koningin van Kastilië gekroon en in 1478 verkry dié twee monarge, bekend as die Katolieke Monarge, toestemming van Pous Sixtus IV om ‘n inkwisisie in hul ryke te vestig. Die Inkwisisie het ondersoek deur die kerklike owerheid van die Rooms-Katolieke Kerk geloods, wat daarop gemik was om kettery te bestry. In 1481 het die eerste van hierdie ondersoek in Seville onder leiding van die Dominikaanse monnike begin. Die feit dat dit ook ondergeskik aan die Spaanse monargie was, het gemaak dat dit spoedig ‘n instrument geword het om koninklike belange te beskerm (De Lange 1997:128; Kapp 1985:264).

In die begin het die Inkwisisie hoofsaaklik aandag gegee aan die “conversos” (ook genoem Nuwe Christene). Hulle was Christene van Joodse oorsprong wat dikwels slegs die Christelike geloof aangeneem het om vervolging en onderdrukking vry te spring. Hulle is dus dikwels met agterdog en vyandigheid deur ander Christene gesien as “crypto-Jews”, omdat hulle steeds in die geheim getrou was aan Judaïsme. Baie van die “conversos” is tydens die ondersoek skuldig bevind en op wrede wyse vervolgd. Dit was die Christene se ontevredenheid en vrese rakende die “Nuwe Christene” se volgehoue bande met die Jode wat die uiteindelijke verbanning van die Jode uit Spanje geïnspireer het. Die verbanningsverordening is op 31 Maart 1492 in Granada deur die monarge uitgevaardig. Baie van die Jode het na Portugal gevlug. Koning Manuel II het aan meer as 100 000 Jode toestemming verleen om hulle in Portugal te vestig (Herrman 1952:30). In 1536 is die Inkwisisie ook in Portugal gevestig. Dit het later bekend geword dat die vervolging van die Jode in Portugal selfs wreder afmetings aangeneem het. Die verskynsel van “crypto-

Judaism” het vir eeue in Spanje en Portugal voortgeduur. In die 17de eeu het baie “Nuwe Christene” Spanje en Portugal verlaat en hulle in ander Europese lande gevestig, waar hulle teruggekeer het tot die Judaïsme (De Lange 1997:128,129).

Baie van die vlugteling het hulle spesifiek in Amsterdam gevestig en ‘n sterk Joodse gemeenskap het daar tot stand gekom (De Lange 1997:130). Die feit dat die Nederlanders nog sterk negatiewe gevoelens teenoor die Spanjaarde gekoester het na die Tagtigjarige Oorlog (wat van 1568 tot 1648 tussen dié twee lande gevoer is), het bygedra tot ‘n bepaalde pro-Joodse ontvanklikheid (Sachs 1952:27). Die Amsterdamse Jode is toegelaat om vrylik hul geloof te beoefen (Herrman 1952:33,34).

Die verbanning van die Jode uit Spanje en Portugal het op twee afsonderlike maniere ‘n invloed op Suid-Afrika gehad. Volgens Berger was daar van die Joodse navigators wat op hul eie na Suid-Afrika gekom het, nadat die Jode uit Spanje en Portugal verban is. Op grond van hul kennis van seevaart is hulle deur ander Jode gevra om hulle per skip na ‘n veilige bestemming te neem (1976:8). In hul vorige seereise het die seevaarders (soos reeds genoem) van die land aan die suidpunt van Afrika bewus geword en daarom was Suid-Afrika een van die lande waarheen die Jode gevlug het. Baie van die vlugteling het nooit in Suid-Afrika aangekom nie, maar is dood of het in die hande van seerowers beland en is dan as slawe verkoop (Berger 1976:8). Van die sendelinge wat reeds aan die begin van die 17de eeu besig was om die evangelie van Christus te versprei, het later gesê dat hulle wel klein verspreide groepies mense met Europese gelaatstrekke en wat besny was, teëgekrom het. Met die jare wat verbygegaan het en veral as gevolg van die totale isolasie het hierdie Jode egter hul God en hul land van oorsprong vergeet (Berger 1976:8). Hulle het dus nie in Suid-Afrika hul Joodse geloof uitgeleef nie, maar dit dui daarop dat hier wel reeds baie vroeg Jode in Suid-Afrika was.

In die tweede plek het die verbanning van die Jode uit Spanje en veral Portugal tot gevolg gehad dat sommige van die Jode wat na Nederland gevlug het, as werknemers van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap gekom het. Die vooruitstrewende Jode van Holland het ‘n belangrike rol in die handel van dié land gespeel. Die Jode het veral in die vervaardiging van buskruit, gewere en kanonne gespesialiseer en het oor die algemeen gehelp om handel tussen Indië en Nederland te bevorder. Daar word selfs beweer dat die

magtige Hollandse Oos-Indiese Kompanjie in die 17de en 18de eeu deur die Jode beheer is. Daar is vasgestel dat daar ook 'n aantal Nederlandse Jode by was toe Jan van Riebeeck in 1652 deur die HOIK afgevaardig is om 'n halfwegstasie aan die Kaap te vestig (Berger 1976:9-11; Kaplan 1986:30).

Daar is baie min oor hierdie Jode en hul bydrae aan die Kaap bekend, omdat ook hulle nie as Jode kon praktiseer nie. Die rede hiervoor was dat dit die beleid van die HOIK was dat al die dienaars van die Kompanjie belydende Protestante moes wees (Bradlow 1970:100; Coetzee 1960:38; Saron 1970:16). Volgens die name wat voorgekom het en volgens oorlewering was daar Jode onder die heel vroegste koloniste aan die Kaap. Dit was eers tydens die Bataafse bewind in 1803 en die daaropvolgende Britse bewind vanaf 1806 dat Jode toegelaat is om hulle in Suid-Afrika te vestig en hul geloof te beoefen (Bradlow 1995:20; Coetzee 1961:28; Kaplan 1986:31; Pinshaw 1974:33; Saron & Hotz 1955:xiv). Die vroegste rekords van Jode aan die Kaap kan in die doopregisters van die Groote Kerk te Kaapstad gevind word. Sewentien jaar nadat die eerste aankomelinge hier geland het, verskyn die name van twee Jode in die doopregisters van die Kerk. Hulle was Samuel Jacobson (20) en David Heijlbron (22) en is volgens die registers op Kersdag van 1669 as volwassenes gedoop. Albei was soldate in diens van die Kompanjie (Pinshaw 1974:33; Saron & Hotz 1955:1).

Die vroegste Joodse pioniers aan die Kaap, hetsy deel van die Portugese ontdekkingsgeselskappe, gestrande seevaarders of passasiers op ekspedisies van die HOIK, het almal met die algemene bevolking van die land saamgesmelt en het geen poging aangewend om 'n aparte Joodse gemeenskap te vorm nie (Gershater 1955:59). Die belangrikste redes hiervoor was hul klein getalle en die feit dat hulle totaal geïsoleer was. Die skaarsheid aan Joodse vroue om mee te trou asook die bykans totale afwesigheid van geestelike bearbeiding is nog redes vir hierdie tendens (Saron & Hotz 1955:xiv). Die Jode het eers ná 1803 begin om stelselmatig hulle Joodse identiteit te erken en hul geloof te beoefen.

### **1.1.2 Die eerste immigrasie-beweging (±1806-1880)**

Baie van die Kaapstadse winkeliers en handelaars tydens die Eerste Britse Besetting het Joodse vanne gehad. Daar was byvoorbeeld IC Hertz, 'n algemene handelaar in Langstraat,

Joseph Fienstein, 'n kopersmid, Joseph Jacob Pero, 'n kleremaker en dan nog ander soos Solomon Jacobson en IH Tobias. Selfs op afgeleë plekke in die Kolonie was daar reeds voor 1806 Jode te vind. Kommissaris-generaal De Mist is rondom die begin van die 19de eeu by die Kaaimansrivier in die distrik van George deur Herz Grunstadt, 'n bekeerde Jood, ontvang (Herrman 1955:5). Dr. Siegfried Fränkel het in 1808 na Suid-Afrika gekom en het 'n mediese praktyk in Roelandstraat gehad. Hy was die eerste Joodse mediese praktisyn in Suid-Afrika, asook die eerste setlaar wat sy Joodse geloof aan die Kaap beoefen het. Fränkel was ook aktief betrokke by die stigting van die eerste Joodse gemeente (Herrman 1955:5; Pinshaw 1974:33).

In 1820 het die Engelse regering ongeveer 4 000 setlaars na die Kaap gestuur in 'n poging om die aantal blankes in die kolonie te vermeerder en om terselfdertyd die Engelse invloed aan die Kaap te versterk. Onder die setlaars was daar ook 'n aantal Joodse gesinne. Hulle het vinnig by die ander Jode wat reeds aan die Kaap was ingeskakel en het gou deel geword van die onderskeie breër gemeenskappe (Berger 1976:67,69; Herrman 1955:6). Ná die ontdekking van diamante in 1867 het die stroom van Joodse immigrante na Suid-Afrika, veral vanaf Engeland, 'n hoogtepunt bereik. Hierdie immigrasie vorm deel van die eerste groot immigrasie-beweging (Gershater 1955:59; Saron 1970:16). Sommige van hierdie Jode wat vanaf Engeland gekom het, was slegs Engels op grond van die feit dat hulle op hulle weg van Oos-Europa 'n tyd in Engeland deurgebring het. Aan die einde van die 19de eeu was die Engelse invloed aan die Kaap baie sterk, in die Joodse sowel as die nie-Joodse gemeenskappe. Daar is aanduidings dat die Joodse immigrante wat vanaf Engeland gekom het 'n leidende rol in die samelewing gespeel het, selfs toe die tweede immigrasie-beweging vanaf Oos-Europa, wat baie groot getalle Jode in die land ingebring het, reeds in volle swang was (Gershater 1955:59).

### **1.1.3 Die tweede immigrasie-beweging (±1881-1914)**

Tussen 1881 en 1914 het meer as 3 miljoen Jode vanuit Oos-Europa geëmigreer (Gershater 1955:60; Van Waart 1997:60). Verreweg die meeste van die emigrante het na Noord-Amerika (die sogenaamde Nuwe Wêreld) gegaan, terwyl daar omtrent 'n gelyke aantal na Argentinië, Suid-Afrika en Palestina verhuis het (Gershater 1955:60,61). Die meeste Jode wat na Suid-Afrika gekom het was van Litawe, Rusland, Pole en Roemenië afkomstig (Van Waart 1997:60).

Dit is nodig om kortliks aandag te gee aan die historiese verloop en die staatkundige verdeling van Oos-Europa in die periode voor die groot uittoeg van Joodse emigrante. Verder is dit ook nodig om te kyk na die geestesklimaat en spesifiek na die gesindheid wat in dié periode in Oos-Europa teenoor die Jode geheers het. Van al die Baltiese lande het Litawie die grootste Joodse bevolking gehad. Die meeste Litawiese Joodse emigrante het naas Noord-Amerika, na Suid-Afrika gekom en terselfdertyd was die meeste Jode in Suid-Afrika van Litawie afkomstig (Gershter 1955:61; Van Waart 1997:60; Von Rauch 1974:85). Daarom gaan daar merendeels na Litawie verwys word en die ander lande sal slegs in konteks met die Litawiese geskiedenis geplaas word. Daar word gesoek na 'n verklaring waarom daar dikwels na die Jode wat na Suid-Afrika gekom het, as die Russiese Jode verwys word.

In 1386 is Jaggiello, die prins van Litawie, met 'n Poolse prinses getroud. Dit het meegebring dat 'n nominale verbond tussen dié twee lande gestig is. In 1569 is hierdie verbond wetlik bekragtig en so is die Pools-Litawiese Koninkryk gevorm (Van Rauch 1974:3). Daar word ook na dié koninkryk as die Jagielloaanse Koninkryk of net die Poolse Koninkryk verwys (Palmer 1962:194; Van Rauch 1974:2). In die Poolse Koninkryk het die Jode die middelklas in 'n landelike gemeenskap van kleinboere en burgers gevorm. Die Jode was nie grondbesitters nie, en hulle moes grond en ander ekonomiese voorregte van die burgers huur (pag). Tog was die Jode by handel betrokke en het hulle 'n belangrike skakel tussen die landelike en stedelike ekonomieë gevorm. Hulle was ook 'n belangrike bron van vakmanskap (De Lange 1997:224). Dit is waarskynlik as gevolg van die voorafgaande redes dat die Oos-Europese Jode wat na Suid-Afrika gekom het so maklik aangepas het en hulle in die meeste gevalle op die platteland gevestig het. Die Jode se lewensomstandighede in die Oos-Europese lande het grootliks ooreengestem met die omstandighede waaraan hulle in Suid-Afrika onderworpe was (Pinshaw 1974:19; Mnr EL Hurwitz 1998:onderhoud).

As deel van die Poolse Koninkryk is Litawie noodwendig geraak deur die drie verdelings wat Pole tussen 1772 en 1795 beleef het. Die eerste verdeling het in 1772 plaasgevind (Magnus 1958:137; Palmer 1962:260). Kapp beweer egter, strydig met die ander geraadpleegde bronne, dat die eerste verdeling eers in 1777 plaasgevind het (1985:18). Die verdeling het beslis dat 'n derde van die Poolse grondgebied (wat nou Litawie ingesluit het)

tussen Rusland, Pruise (Duitsland) en Oostenryk verdeel is. Die tweede verdeling in 1793, was grootliks tot voordeel van Rusland. Tydens hierdie verdeling het Oostenryk geen grond bygekry nie. Met die derde verdeling in 1795 is die res van die Poolse Koninkryk tussen die drie lande, Rusland, Pruise en Oostenryk, verdeel (De Lange 1997:225; Kapp 1985:18; Magnus 1958:137; Palmer 1962:260). Na die drie verdelings was ongeveer die hele Litaue aan die Russiese Ryk onderwerp. Pole het eers in 1918 (na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog) weer onafhanklik geword, en in dieselfde jaar het Litaue ook onafhanklikheid van Pole verkry. In 1918 is die Litause Koninkryk weer in ere herstel, maar hulle moes 'n Duitse heerser hê. In 1940, tydens die Tweede Wêreldoorlog, is Litaue sowel as Pole weer eens by Rusland ingelyf (Palmer 1962:194).

Daar was 'n groot verskil tussen die Jodedom van Wes- en Oos-Europa in terme van hul graad van ontwikkeling. Die herverdeling van die Poolse Koninkryk het meegebring dat die Poolse en Litause Jode, wat 'n relatief hoë ontwikkelingspeil en lewenstandaard gehad het, nou deel was van die "agterlike" Rusland; hulle het dus 'n drastiese statusverandering ondergaan (De Lange 1997:224).

Tot met die eerste verdeling in 1772 het die Russiese tsaars doelbewus geen Jode in hul koninkryk toegelaat nie (De Lange 1997:224). Na die Poolse verdelings bevind die Litause Jode hulle dus as onwelkome onderdane van die anti-Semitiese Russiese Ryk. Die Russe het teësinning die Jode se teenwoordigheid aanvaar en het gedurende die 19de eeu die Jode se lewens op alle moontlike gebiede beperk (Mendelsohn 1991:1).

Die verdeling van 1772 het groot gebiedswinst vir Rusland ingehou, waaronder die Oekraïne en Wit Rusland waar daar baie Jode gewoon het (Kapp 1985:18; Prof. PH Kapp 1998:onderhoud). Rusland moes dus noodwendig ná die inskakeling van 'n deel van die Poolse Koninkryk 'n bepaalde beleid rakende die groot aantal Jode wat nou deel van die Russiese Ryk was, opstel. Die verdelings van die Poolse Koninkryk het dus meegebring dat die meerderheid van die Oos-Europese Jodedom onder tsaristiese-Russiese-beheer gekom het (De Lange 1997:227). Dit is waarom daar dikwels na die Joodse immigrante wat in hierdie periode na Suid-Afrika gekom het, as Russiese Jode verwys word. As gevolg van die feit dat die Russe nooit die Jode as deel van hul Ryk wou hê nie, is daar drie denkrigtings wat tot met die ondergang van die tsarisme deurlopend hul wetgewing

kenmerk. Eerstens was daar haatdraendheid teenoor die Jode op grond van die feit dat hulle Jode was, en 'n gepaardgaande vasberadenheid om hulle tot die Christendom te bekeer; tweedens die totale gebrek aan belangstelling in die ekonomiese stabiliteit van die Jode; en laastens die vaste voorneme om die lang tradisie van Joodse selfbestuur te vernietig (Magnus 1958:140). Die Russe het hul ryk as "heilig" gesien en het daarom dié nie-Christene se teenwoordigheid as 'n klad ervaar. Dit was juis as gevolg van laasgenoemde rede dat die Jode op elke moontlike terrein beperk is (Magnus 1958:146).

Die belangrikste beperking was ten opsigte van woonregte. Die Jode is streng beperk tot 'n gebied wat later bekend gestaan het as die "Pale of Settlement". Laasgenoemde was 'n halfmaanvormige gebied aan die westekant van Rusland, waartoe die Jode in terme van 'n tsaristiese verordening beperk was (Bradlow 1970:100; Fleisher 1994:57; Foxcroft 1981:71; Mendelsohn 1991:1). Die "Pale of Settlement" het grootliks bestaan uit die dele van Litawie en Pole waar die meeste Jode gewoon het voor die anneksasie deur Rusland. Binne die "Pale of Settlement" was daar ook nog verskeie ander beperkinge. Jode mag byvoorbeeld nie in sekere stede gewoon het nie, en ook nie in dorpe nader as 80 kilometer van die westelike grens nie. Hulle mag glad nie buite die grense van die "Pale of Settlement" gewoon het nie. Tydens die 19de eeu het byna twee derdes van die ganse Jodedom van die wêreld binne hierdie beperkte grondgebied gewoon. Hulle het in toestande van uiterste armoede en vernedering geleef (Magnus 1958:141). Hierdie haglike omstandighede het 'n klimaks bereik tydens die heerskappy van tsaar Alexander II (1855-1881). Die grootste rede vir die toenemende verswakte toestande was dat die getal Jode in die "Pale of Settlement" aansienlik gegroei het, terwyl die grondgebied nie vermeerder is nie (Magnus 1958:144).

Alexander II het net soos sy voorgangers probeer om die Jode met die Russiese bevolking te amalgameer. Hulle is gedwing om Russies te leer praat, hulle moes na Russiese skole gaan en hulle moes tradisionele Russiese klere dra. Die belangrikste was dat die Russiese heersers wou hê dat die Jode die Russies-Ortodokse geloof moes aanvaar (Magnus 1958:144). Indien 'n mens al hierdie feite in ag neem, is dit eintlik 'n wonderwerk dat die Joodse kultuur enigsins behoue gebly het.

In 1881 is Alexander II in 'n sluipmoordaanval dood. Alhoewel die Jode niks met die aanval te doen gehad het nie, het die Russiese burokrasie die Jode as die sondebokke uitgewys en die volk opgesweep om teen die Jode te draai. Wrede aanvalle op die Jode het gevolg en dit het die begin van die groot uittog van die Jode uit Rusland ingelei (Magnus 1958:145). Alexander III het tydens sy heerskappy (1881-1894) met behulp van sy ministers 'n polisiestaat gestig, wat meegebring het dat die Jode aan nog meer verdrukking en vervolging onderworpe was. Die polisie is opdrag gegee om in die Joodse kwartiere van die stede en dorpe in te gaan en mense voor die voet te vermoor. Massaslagtings het in hierdie tydperk plaasgevind. Die burokrasie het voortdurend beloof dat daar 'n regverdige reëling of skikking in terme van die Joodse vraagstuk gevind sal word. Dit was egter glad nie die geval nie. Die "Tydelike Reëls" wat vir meer as 20 jaar gegeld het, het in werklikheid die las van die Jode swaarder gemaak. Die Jode is byvoorbeeld in terme van die "Tydelike Reëls" verbied om in enige dorp te woon; hulle moes almal in stede binne die "Pale of Settlement" woon. Dié "Tydelike Reëls" het aan die polisie die reg gegee om die Jode te vervolg en af te pers. 'n Stad sou somer sonder waarskuwing tot 'n dorp verklaar word en dan is al die Jode op grond van die regulasies van die "Tydelike Reëls" vervolg (Magnus 1958:210).

Nikolaas II, die laaste tsaar van Rusland, het sy vader (Alexander III) in 1894 opgevolg. Alhoewel hy nie die Jode met soveel haat vervolg het nie, het die onderdrukking en vervolging tog voortgeduur (Magnus 1958:210).

Dit is daarom glad nie vreemd dat byna elke Jood dit oorweeg het om uit hierdie verdrukking en ellende te vlug nie. Dit was nie maklik om te vlug en alles wat bekend was, asook die meeste van hul aardse besittings agter te laat nie. Meer as 3 miljoen Russiese onderdane het van 1881 tot ongeveer 1914 (tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog) gevlug. Die Russiese owerhede het nie juis veel gedoen om die emigrasie van die Jode uit die Russiese Ryk te keer nie. In der waarheid het hulle alles wat moontlik was gedoen om die emigrasie van die Jode aan te help, nadat hulle die Jode van al hul besittings beroof het (Magnus 1958:211). Die Russiese owerhede het toegestem om aan die Jode "exit permits" te verleen, op dié voorwaarde dat hulle nie weer na Rusland mag terugkeer nie (Foxcroft 1981:71). Dit was dus nie maklik om te vlug sonder om nogmaals



verneder en beroof te word nie. Dikwels was die enigste manier om veilig oor die grens te kom slegs deur middel van omkoperij en algehele geheimhouding (Magnus 1958:211).

Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat die tweede immigrasie-beweging saamgeval het met 'n baie belangrike periode in die Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedenis. Die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) en die daaropvolgende ontginning daarvan het gelei tot 'n ongekende ekonomiese opbloeit. Die land (wat in daardie stadium nog uit verskillende kolonies en republieke bestaan het) het in 'n oogwink verander tot 'n moderne industrieel-toonaangewende moondheid. Fortuinsoekers het vanaf Brittanje, Duitsland, Frankryk, Amerika en elders gestroom. Onder dié fortuinsoekers was daar ook 'n kwota Jode (Saron & Hotz 1955:xiv). Hierdie Jode was 'n baie klein aantal in vergelyking met die groot aantal Russiese Jode wat vanaf 1881 na Suid-Afrika gekom het. Die tweede immigrasie-beweging is dus eintlik gesien as die periode waartydens die "Russiese Jode" na Suid-Afrika geïmmigreer het.

Die redes vir die emigrasie van die meeste Litause Jode na Suid-Afrika was moontlik omdat suksesverhale van die eerste baanbrekers wat hulle in Suid-Afrika gevestig het, Litauë bereik het en ander aangemoedig het om ook te probeer. Immigrante wat hulle reeds hier gevestig het, het dikwels hulle familie en vriende oorreed en gehelp om ook na Suid-Afrika te kom. Die feit dat die immigrante met soveel vriendelikheid en gasvryheid, veral deur die Boere, behandel is, het verder bygedra tot toenemende immigrasie-syfers (Saron 1979:6).

Tog is baie van die immigrante se verwagtings teleurgestel en baie van hulle het aanvanklik swaar gekry en moes vele ontberings verduur. Die nuwelinge is veral deur die Jode wat reeds gevestig was, bygestaan. Aanvanklik het die Oos-Europese Jode baie probleme ondervind omdat Jiddisj nie as Europese taal erken is nie. Volgens die Kaapse Wet op die Beperking van Immigrasie van 1902, moes 'n persoon met sy aankoms aan die Kaap sy naam in 'n Europese taal kon skryf. Alhoewel die meeste van die Oos-Europese immigrante wel geletterd was, kon hulle nie hul naam in 'n Europese taal skryf nie, omdat Jiddisj in Hebreeuse karakters geskryf word. Jiddisj het later wel erkenning as Europese taal verkry, hoewel daar onduidelikheid is oor presies wanneer dit gebeur het. Verskillende moontlike datums word genoem, byvoorbeeld 1903 deur McCormick (1993:31) en 1906

deur Saron (1979:7). Volgens laasgenoemde is hierdie bepaling ook in die immigrasiewet van 1913 vervat.

Die getal immigrante in Suid-Afrika het grootliks gewissel volgens die ekonomiese situasie in die land. Daar was 'n toename in die laat twintigerjare, toe sowat 'n derde van alle immigrante Jode was, op 'n tydstip toe groot getalle Engelssprekendes die land verlaat het. Dit het aanleiding gegee tot die nuwe immigrasiewet in 1930 wat ook as die Kwotawet bekend gestaan het. Deur immigrasie uit Oos- en Suid-Europa tot bepaalde getalle te beperk, het dit tot 'n merkbare afname in die getal Joodse immigrante gelei. Hierdie maatreëls is in omstrede omstandighede ingestel en het tot groot ongelukkigheid in die Joodse gemeenskap gelei (Saron 1979:7).

#### **1.1.4 Die derde immigrasie-beweging (±1933-1938)**

Die derde en laaste immigrasie-beweging het van ongeveer 1933 tot 1938 plaasgevind, met ander woorde die vyf jaar wat die Tweede Wêreldoorlog voorafgegaan het. In hierdie tydperk was dit veral Joodse vlugteling vanaf Nazi-Duitsland wat na Suid-Afrika gekom het in 'n poging om weg te kom van die grusame vervolging en onderdrukking (Kaplan 1986:10; Saron 1979:7).

Die Jode is vanaf 1933, toe Hitler Kanselier van Duitsland geword het, toenemend aan vervolging en onderdrukking onderwerp. Hulle is geleidelik van meer en meer regte ontnem - hulle is byvoorbeeld uit beroepe waar hulle in kontak kon kom met nie-Jode, ontslaan. Die Jode is ook verder verbied om professionele beroepe te beoefen. Die Duitse kinders is selfs in die skool voorgesê om die Joodse kinders te verag en af te knou (Johnson 1987:274; Magnus 1958:242). Dit is dus te verstane dat die Jode begin het om Duitsland te verlaat. Dit was nie maklik nie, behalwe miskien vir dié met geld of besondere talente. Geen land wou immigrante aanvaar tensy hulle seker was dat hulle daarby sou baat nie (Magnus 1958:242).

Volgens mev Alice Ackermann (1997:onderhoud), 'n Duitse Jodin wat in 1937 saam met haar man gevlug het, was die hele skip vol Duitse Jode wat na Suid-Afrika geïmmigreer het. Sy en haar man, Walter, is getroud die dag toe hulle hul families agtergelaat en Duitsland verlaat het. Hulle is vanaf Duitsland per trein na Italië en daarvandaan het hulle

per skip na Suid-Afrika gekom. Met hulle aankoms is hulle veral deur die Joodse bevolking wat reeds hier woonagtig was, bygestaan. Sy sê dat daar van die begin af 'n goeie verhouding tussen die nuwe immigrante en die nie-Joodse Suid-Afrikaners bestaan het. Die taalverskil was aanvanklik die grootste struikelblok.

Die skrywer se eie grootvader, Arthur Weil, het in 1936 op negentienjarige ouderdom vanaf Duitsland na Suid-Afrika gevlug. Hy was die enigste van sy gesin van vyf kinders wat na Suid-Afrika gekom het. Sy vader was 'n spekulant in Duitsland en daarom het hy hom ook met sy aankoms in Suid-Afrika hierop toegespits.

Die Duitse Jode het saamgestaan en hulle identiteit as Jode, sowel as Duitsers, in 'n groter mate behou as die Joodse immigrante van die eerste en tweede immigrasie-bewegings (Mev A Ackermann 1997:onderhoud; Mnr D Weil 1998:onderhoud).

## **1.2 Die karakter en lewenswyse van die Afrikaner op die platteland**

### **1.2.1 Die landelike aard en karaktertrekke van die Afrikaner**

Daar kan gesê word dat die Afrikaner se landelike lewe in 1657 begin het toe die eerste vryburgers grond ontvang het en begin het om te boer (Cronje 1974:143). Ná die verspreiding na die binneland was die boeregesinne ver van mekaar verwyderd en het hulle selde met mekaar in aanraking gekom. Die eensaamheid op die plaas, waar die boerehuisgesin 'n hoogs afgesonderde bestaan gevoer het, was die bakermat van die eg-Afrikaanse huisgesin en familie. Elke huisgesin het 'n hegte eenheid gevorm, op hulself aangewese en selfversorgend binne die breër patriargale familie verband (Cronje 1974:145). Die isolasie wat kenmerkend was van die Afrikaners se bestaan was nie die afsondering van individue nie, maar die afsondering van families. Dit was die familie wat as groep saam in isolasie gelewe het. Hierdie mate van afsondering het gelei tot die versterking van familiebande en het meegebring dat die lede van 'n familie of huisgesin in 'n besondere mate op mekaar aangewese was (Wilcocks 1968:96).

Die eerste landelike Afrikaners het oorwegend 'n pioniersbestaan gevoer. Met die pionierskarakter van die landelike lewe het 'n besondere eenvoudige lewenswyse gepaard gegaan. Huise en meubels, sowel as kos en klere was eenvoudig (Schumann 1940:40).

Hulle was oorwegend veeboere wat in hul lewenswyse 'n hoë mate van mobiliteit vertoon het. Die veeboere het slegs van natuurlike weiding gebruik gemaak en moes daarom dikwels agter nuwe weiveld aantrek. Die reënval was oor die algemeen laag en daarom was die drakrag van die weiveld nie groot nie. Die boere moes gevolglik ver van mekaar af woon om ekstensiewe boerderymetodes toe te pas en sodoende 'n bestaan te maak (Cronje 1974:145). Daar was dus 'n onophoudelike proses van uitbreiding na die binneland aan die gang. Die meeste van die swerwende trekkers se grootste ideaal was om hulle êrens blywend te vestig. Soos Preller tereg opmerk, het die meeste trekkers verlangend daarna uitgesien om hulle permanent te vestig op een of ander plaas, landerye aan te lê en aan hul kinders 'n beter opvoeding te gee (1918:237).

Aanvanklik het die stad baie min invloed op die landelike lewe gehad. Selfs boere wat betreklik naby die Kaap gewoon het, het die stad baie min besoek. Baie mense het net een maal in hul lewe in Kaapstad gekom, naamlik om in die huwelik te tree (Cronje 1974:146).

Tiperend van die invloed van isolasie is die gasvryheid van die Afrikaner. Die eensame boer en sy familie het die besoeker verwelkom as geselskap, as iemand wat nuus en berigte bring en weer kon meeneem, as middel van kontak met die buitewêreld en ook as hulp in tye van nood en gevaar (Wilcocks 1968:94).

Isolasie was ook die vormende faktor vir die individualisme en die vryheidsin van die Afrikaner. Dit het meegebring dat die Afrikaners nie altyd goed as 'n groep saamgewerk het nie. Daar was eerder 'n neiging tot dwarstrekkerie (Wilcocks 1968:94). Namate die isolasie opgehef is deur die proses van verstedeliking was die vermindering van konserwatisme kenmerkend (Wilcocks 1968:95).

Die Afrikaners was bekend as 'n familievaste, gasvrye, individualistiese, dwarstrekkerige groep. Daar is ook ander karaktertrekke wat aan hulle gekoppel word. Die pionierboere het kennis van diere, grondwaardes, natuurtoestande en die inheemse bevolkingsgroepe nodig gehad om 'n bestaan te voer. In hul stryd met die natuur, met die inheemse groepe en om politieke onafhanklikheid het die Afrikaner nie net eienskappe ontwikkel van persoonlike moed en durf, deursettingsvermoë en liggaamlike gehardheid nie, maar ook individualisme en selfstandigheid (Eloff 1942:61; Schumann 1940:43).

Die Afrikaner is ook as vindingryk, positief, liberaal en progressief beskryf. Ander karaktertrekke wat ook aan hulle toegeskryf is sluit onder meer in openhartigheid, eiesinnigheid, hardkoppigheid en partydigheid (Kruger 1970:11).

‘n Ander kenmerk van die Afrikaners was hulle diepgewortelde godsdienssin. Hulle geloof het die karakter van hulle Calvinistiese lewensingesteldheid gedra (Kruger 1970:11). Dit het ‘n groot invloed gehad op hulle sedelikheid, hulle matige en waardige lewenswyse, hul omgang met die inheemse bevolkingsgroepe en hul moed en geduld in moeilike tye (Schumann 1940:43,44).

Bun Booyens, alombekende kultuurhistorikus, noem die volgende aspekte as wesenskenmerke van die Afrikaner se volksaard: sy godsdienstigheid, sy taaie konserwatisme, sy landelike inslag, sy individualisme, sy gesinsverbondenheid, sy waardigheidsbesef en sy taal (Booyens soos aangehaal in Potgieter 1974:91).

### **1.2.2 Die invloed van kommersialisering en industrialisering op die Afrikaners**

Suid-Afrika het geleidelik ontwikkel vanuit meer primitiewe toestande tot ‘n land met ‘n ingewikkelde kapitalistiese stelsel en groot welvaart. Die lewenskrag van die Afrikanervolk is swaar op die proef gestel na die ontdekking van goud en diamante en die daaropvolgende snelle proses van kommersialisering en industrialisering van Suid-Afrika (Wilcocks 1968:94).

Die ontdekking van diamante het die uitbreiding en modernisering van vervoer genoodsaak. Die verbetering van die vervoerstelsel vanaf die ossewa, na die vinniger perdekar, na uitgebreide spoorwegverbindinge, het meegebring dat die Afrikaner nie meer in algehele isolasie gelewe het nie. Die verbreking van die geïsoleerde lewenswyse van die Afrikaner het samewerking en interafhanklikheid tot gevolg gehad. Dit het daartoe gelei dat politieke ontwikkeling kon plaasvind en dat daar ‘n nasionale politieke bewussyn tot stand gekom het (De Kiewiet 1937:15).

Tydens industrialisasie was daar ook ‘n toestroming van nuwe immigrante na Suid-Afrika (Wilcocks 1968:94). Die nuwe mynbou- en ander onderneminge is hoofsaaklik opgebou en

bestuur deur hierdie immigrante, produkte van die 19de-eeuse kapitalisme van Europa (Schumann 1940:74,75). Hierdie verlies aan seggenskap en leiding van die Afrikaner is vererger deur die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. Ná die oorlog moes plase en veestapels van vooraf herstel word, en dikwels moes die geld daarvoor geleen word. Hoewel baie van die boere hierdeur verhard en sterker gemaak is, kon baie nooit weer uit hierdie geldskuld kom nie. Hulle het uitgesak en so deel geword van die armlankdom en het meermale die platteland verlaat om hoofsaaklik as myn- of spoorwegwerkers in die stede te gaan werk (Schumann 1940:78; Wilcocks 1968:94).

### **1.2.3 Die verstedeliking van die Afrikaners**

Die verstedeliking van die Afrikaner het 'n radikale breuk met sy verlede meegebring. Anders as in ander lande is die industriële omwenteling nie voorafgegaan deur 'n landbouomwenteling waardeur die stede geleidelik uit bestaande dorpe gegroei het nie. Die ontstaan en groei van stede en dorpe was hier die gevolg van 'n skielike ekonomiese omwenteling wat 'n nuwe ekonomiese struktuur vir die land as geheel gebring het. Hierdie verandering het meegebring dat die tradisionele selfonderhoudingseconomie omvergewerp is en die draers daarvan nie daarop voorberei was nie (Van Jaarsveld 1979:162).

Die invloed van die snel ontwikkelende stede het byna oral in die landelike lewe merkbaar geword. Die stede waardeur die Afrikaanse boerebevolking beïnvloed is, was egter nie Afrikaans nie, maar wel kosmopolities met 'n oorheersende Engelse inslag. Die invloed van hierdie stede sou dus nie net die ontwikkelingsverloop van die Afrikaanse plattelanders effens wysig of versnel nie, maar eerder ontwig en in 'n krisis dompel (Cronje 1974:168). In Suid-Afrika het hierdie veranderings so skielik gekom dat daar geen sprake van 'n geleidelike oorgang was nie. Hierdie skielikheid het die oorgangsprobleem en die gepaardgaande ontwigting vir die Afrikaner vererger (Cronje 1974:168).

### **1.3 Die invloed van die veranderde platteland op die Jode**

Die Oos-Europese Jode van die tweede immigrasiebeweging het hulle meestal op die Suid-Afrikaanse platteland gevestig. Die belangrikste rede hiervoor is dat baie van hulle in hul lande van herkoms op die platteland gewoon het, en hulle hulself dus met hierdie tipe lewensomstandighede kon vereenselwig. Myns insiens is nog 'n belangrike rede vir hierdie

verskynsel die feit dat die meeste immigrante met niks meer as die klere aan hul lyf in Suid-Afrika aangekom het nie. In die eerste plek het die Jood na die platteland gegaan omdat hier 'n behoefte was waarin hy as smous kon voorsien, en tweedens kon hy op die gasvryheid van die boer staatmaak om vir hom kos en slaapplek te voorsien. Dit het dikwels gebeur dat, sodra die smous dit kon bekostig, hy vir hom 'n klein winkeltjie geopen het. Die Jood was gewoonlik reeds bekend met die bepaalde omgewing en het dan verkies om daar, eerder as in die stad, sy besigheid te begin.

Ten spyte van die feit dat veral die Oos-Europese Jode van die tweede immigrasiebeweging hulle ná 1880 op die platteland gevestig het, het die ontdekking van diamante en goud, wat die verstedelikingsproses in Suid-Afrika geïnisieer het, tog ook Jode na die stede gelok. Spesifiek in Johannesburg het die Jode rondom die einde van die 19de eeu 10% van die totale blanke bevolking uitgemaak (Kaplan 1986:29). Die Jode het so 'n kardinale deel van die Johannesburgse ekonomie uitgemaak, dat selfs die aandeelbeurs op Joom Kippoer, die Jode se allerheiligste dag, gesluit was (Johnson 1987:573). Van die Joodse immigrante het as produkte van die 19de-eeuse kapitalisme in Europa, die voortou geneem in die opbou en bestuur van die nuwe mynbou- en ander ondernemings (Schumann 1940:75).

Wat verder bygedra het tot die ontvolking van die platteland deur Jode was die feit dat die Joodse immigrante hul kinders aangemoedig het om verder te studeer. Baie van die Joodse kinders het hulle op professionele gebied as dokters, prokureurs, tandartse, ensovoorts onderskei. Hulle het hulle dan dikwels in die stad gevestig en nie weer na die platteland teruggekeer nie (Mnr I Katz 1997:onderhoud).

## HOOFSTUK 2

### DIE PLATTELANDSE JOOD: LEWENSINGESTELDHEID EN SOSIALE ONGANG

Die Jood op die platteland het 'n bepaalde lewensuitkyk en spesifieke karaktertrekke gehad wat soms verskil het van die Jode in stede en ook van die Afrikaanssprekendes op die platteland. Dié bepaalde lewensingesteldhede het meegebring dat daar besondere verhoudings ontwikkel het en interaksie plaasgevind het tussen Jood en Jood en Afrikaanssprekende en Jood. Die mate waarin die Jood by die res van die gemeenskap ingeskakel het op sosiale (veral in terme van ontspanning en vermaak), kulturele en politieke gebied, word ook in hierdie hoofstuk ondersoek.

Die plattelandse bevolking het bestaan uit 'n mengsel van mense van alle nasies, rasse en kulture (Blignault 1992:21; Mann 1981:18). George Aschman, 'n Jood wat in 1906 op Oudtshoorn gebore is, stel dit soos volg: [...] *but the world into which I and my brothers and sisters were born at Oudtshoorn and in which we grew up was neither solely British nor German nor Latvian, neither exclusively English or Afrikaans, neither solely Christian or Jewish, but an amalgam of all these nationalities and creeds and cultures* (Ashman 1969:28).

#### 2.1 Voorkoms, lewensingesteldheid en karaktertrekke

Oor die algemeen is die Jode as kort van gestalte met donker, dikwels krullerige, hare beskryf. 'n Groot haakneus word definitief as die mees onderskeidende kenmerk van die Jood se voorkoms beskou. Daar is ook gesê dat baie van die Jode donker gelaatskleure gehad het en van die informante was van mening dat heelwat van die Jode geset was (Mnr AS Bellgrove; mev AM Engelbrecht; mnr JHN Hanekom; mev ME Hanekom; mnr CJ Visser 1997:onderhoude).

Die gesin as eenheid was vir die meeste Jode van die allergrootste belang. Hulle het veral die opvoeding en geleerdheid van hul kinders vooropgestel (Blignault 1992:21; Dicoovsky 1971:37). Om nie jou kinders ordentlik op te voed nie, is selfs as een van die ernstigste



sondes beskou (Katz 1982:19). Ouers het dikwels baie hard gewerk en hulself baie luukshede ontsê om hul kinders die geleentheid te bied om verder te studeer (Blignault 1992:21).

Alhoewel daar dikwels na die Jode as suinig en materialisties verwys word (Mev R Slabbert 1997:onderhoud; Mnr C Zieff 1997:onderhoud), is daar tog ook talle bewyse van hulle eenvoudige lewenswyse (Mnr SPJ de Greeff, dr FD du Toit, mnr JHN Hanekom 1997:onderhoude). Baie Jode het ook mede-Jode sowel as Afrikaners finansiële gehelp wanneer daar groot nood was (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; Mev R Slabbert 1998:onderhoud).

Die Jode op die platteland het 'n sterk sin vir sosiale verantwoordelikheid gehad en het dikwels openbare belange op die hart gedra (Ginsberg 1985:25,27; Goldberg 1980:26). Hierdie ingesteldheid was baie kenmerkend van die Oos-Europese Joodse gemeenskappe en die Joodse immigrante het dit met hul saamgebring. Sodoende het dit 'n onderskeidende kenmerk van die Suid-Afrikaanse Joodse gemeenskap geword (Goldberg 1980:26). Die komitees wat in 1900 groot bedrae geld ingesamel het vir die Oranje Vrystaatse Fonds vir Weduwees en Wese was vol Joodse name (Brauer 1980:21). Verder het die Jode omtrent altyd (ook op die platteland) 'n leidende rol in organisasies, klubs en veral welsynswerk gespeel (Levinson 1979:35; Dr FD du Toit 1997:onderhoud).

Baie van die Oos-Europese Jode wat na Suid-Afrika geïmmigreer het, het 'n sterk godsdienstige opvoeding gehad en was daarom konserwatief en toegewyd ten opsigte van hul godsdienstebeleving. Tog het die Jode van daardie tyd, indien hulle met die Afrikaanssprekendes plattelanders vergelyk word, 'n meer liberale lewensuitkyk gehandhaaf (Van Jaarsveld 1970:20). Die belangrikste rede vir die Jode se sterk afkeur van rasse-diskriminasie was, die feit dat hulle seker meer as enige ander volk ter wêreld, oor die eeue heen aan rasse-haat en diskriminasie onderwerp was (Bradlow 1970:102; Saron 1979:8).

Die Jode op die platteland het meestal steeds in voeling gebly met Joodse gebeure in die buiteland, ongeag hul geografiese afsondering. Hulle het gereeld Engelse, Duitse en Jiddisjse koerante en tydskrifte gekry en sodoende op hoogte gebly van nasionale sowel as

internasionale gebeure (Hotz 1970:25). Hierdie belangstelling en kennis van gebeure op nasionale en internasionale vlak moes noodwendig 'n invloed gehad het op hul lewensuitkyk.

Die belangrikste karaktertrekke wat aan die Jode (die meeste bronne verwys veral na die eerste Jode wat hulle op die platteland gevestig het) gekoppel is, sluit die volgende in: inisiatief, geesdrif, verbeeldingrykheid, hardwerkendheid, aanpasbaarheid, avontuurlustigheid, ondernemingsgees, selfstandigheid, oorlewingsinstink, organisasievermoë en administratiewe talente en die vermoë om alles wat hulle aanpak suksesvol te doen (Ferreira 1982:26; Helfet 1977:9; Hotz 1970:24; Levinson 1979:35; Mendelow 1971:14; Terreblanche 1983:15; Yellin 1985:21). Die Jode het hulle ook op verskillende gebiede as leiers onderskei. Leon Helfet, 'n Jood wat rondom 1900 en daarna op Calvinia gewoon het, was byvoorbeeld baie nou betrokke by die stigting van die munisipaliteit, die Skoolraad, die Eksekuteurskamer, die Hospitaalraad, die Hebreeuse gemeente, die Kamer van Koophandel en die Calviniasse gholf- en wedrenklub (Helfet 1977:11). Ander karaktertrekke wat genoem word sluit in suinigheid, sluheid en die vermoë om 'n klant 'n gat in die kop te praat (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; Mnr CJ Visser 1997:onderhoud).

## **2.2 Die plattelandse Jode in verhouding tot mekaar en met Afrikaners**

### **2.2.1 Interaksie tussen Jood en Jood**

'n Hele paar van die informante was dit eens dat daar 'n baie besondere verhouding onderling tussen die Jode bestaan het. Hulle was daarop ingestel om mekaar te ondersteun en te help (DAKDS CER A10: Mnr HB Swart; Mev S du Toit, mnr S Engelbrecht, mnr JHN Hanekom, mnr S Zetler 1997:onderhoude).

Nuwe Joodse immigrante wat hulle op die platteland gaan vestig het, is dadelik in die reeds gevestigde Joodse gemeenskappe opgeneem en aanvaar. Newman, 'n rabbi wat in 1951 vanaf Engeland na Suid-Afrika gekom het en wat spesifiek aangestel is om die plattelandse gemeenskappe te bedien, vertel die volgende om dit te illustreer: *One evening before I addressed a certain community the chairman told me, with a smile on his face, that the whole congregation was assembled except for two families. They were unable to be present*

*and he apologised for their absence. Enquiring about them I learnt that they had recently acquired a business in partnership in this dorp, but were only due to arrive later. Although none of the local Jewish people had met them personally, the two families were already regarded as full members of the community and, as such, an apology was rendered for their absence (Newman 1952:12).*

Die Jode op die klein plattelandse dorpie het gewoonlik 'n baie hegte eenheid gevorm. Hulle het 'n bepaalde verpligting teenoor mekaar gehad, want indien almal nie betrokke was by die sosiale en kulturele aktiwiteite wat daar spesifiek vir die Jode gereël is nie, sou dit nie aangebied kon word nie. Selfs die Jode wat nie regtig baie godsdienstig was nie, moes hulle deel doen en hulle verantwoordelikheid nakom. Die plattelandse Jode moes dikwels baie moeite doen om 'n betekenisvolle Joodse bestaan te kon handhaaf (Levine 1958:6; Newman 1952:12,13). Jode wat op verskillende dorpe gewoon het moes soms meer as 80 kilometer aflê om bymekaar uit te kom. Dan het hulle gewoonlik oor plaaslike sowel as internasionale Joodse aangeleenthede gesels (Bernstein 1957:11).

Tog het daar soms ook onderling probleme opgeduik. Daar was 'n baie duidelike verskil tussen die Jode van Wes- en Oos-Europese oorsprong. Die Jode van Wes-Europa het definitief in 'n mate op die Oos-Europese Jode neergesien en het hulleself as meer gekultiveerd en geletterd beskou. Tog het hierdie snobisme gou die wyk geneem wanneer die Jode as groep bedreig is (Aschman 1969:28). Indien daar wel 'n argument tussen twee Jode in die gemeenskap ontstaan het, sou die hele gemeenskap saamwerk om die probleem op te los, want 'n argument tussen twee persone kon uitkring en die voortbestaan van die hele Joodse gemeenskap bedreig (Newman 1952:14).

### **2.2.2 Interaksie tussen Jood en Afrikaner**

Die Afrikaanssprekendes het die Jode as suksesvol en 'n geseënde nasie beskou (Prof GG Cillié 1997:onderhoud). Oor die algemeen het die Afrikaners die Jode met baie respek behandel (DAKDS CALV A3:WA Coetzee). Die Boere het geglo dat die Jode God se volk is en dit het definitief bygedra tot die respek wat hulle teenoor die Jode getoon het. Die Afrikaners, wat oor die algemeen diep godsdienstige mense was, het gevind dat die Jode ook hierdie selfde waardes gehuldig het. Daar word selfs vertel dat die Afrikaners verwag het dat die Jode vir hulle die moeilike vrae uit die Bybel wat hulle nie verstaan het nie,

moes beantwoord omdat hulle die volk van God is (Helfet 1977:11,13; Kruger 1967:33; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud).

In sy boek *Sonde met die bure* stel CJ Langenhoven ook sý siening van ene meneer Hotz, 'n Jood van Oudtshoorn, duidelik. Hy skryf onder meer : *Ek begin toe jammer te kry vir hulle, maar gelukkig kom ou meester Hotz by, die enigste verstandige man in die dorp. Hoe op aarde hy tot stadsraadslid gekies is, sal ek nooit begryp nie* (1972:39).

Dit wil voorkom of daar tye was dat die Afrikaners en die Jode beter oor die weg gekom het as die Engelse en die Afrikaners. Volgens prof Gawie Cillié was dit beslis die geval in die tydperk na die Anglo-Boereoorlog. Die oorlog was nog vars in die geheue en daar was verbittering en haat tussen die Afrikaners en die Engelse. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was die Afrikaners ook, volgens hom, eerder anti-Engels as pro-Duits (1997:onderhoud).

Daar was nie net respek en wedersydse goeie betrekkinge nie. Daar is byvoorbeeld na die Jode verwys as *Israelitiese Boereverneukers* (Van Waart 1997:63). Ook is hulle uitgekryt as skelm en suinig (Mnr C Zieff 1997:onderhoud). Van Waart verwys in haar artikel na 'n publikasie van ene Charles Pentstone, waarin daar kort voor die Jameson-inval die volgende oor die Oos-Europese Joodse smouse geskryf is: *who lives in dirtier style than the Kafirs* (Van Waart 1997:63).

Daar is talle voorbeelde wat 'n duidelike bewys lewer van die samewerking en onderlinge begrip wat daar tussen die twee groepe bestaan het. Medallie, 'n Jodin wat in Stellenbosch groot geword het, stel dit soos volg: *In daardie vergange dae het ons mense in vriendskap, vrede en verdraagsaamheid met hul nie-Joodse bure gewoon [...]. Hulle het mekaar met raad en daad te alle tye bygestaan* (1963:22).

Op Calvinia was daar een jaar groot konsternasie toe daar ontdek word dat die Oktobernagmaal en die Joodse nuwejaar op dieselfde datum val. Op 'n noodvergadering het die Joodse gemeente besluit om die kerkraad te vra om tog die nagmaaldatum te wysig. Die kerkraad het die versoek na die NG kerkowerhede in Kaapstad verwys, met die verduideliking dat dit die gemeentedele sou verontref indien die Joodse winkels tydens die

nagmaaltyd sou toe wees. Die nagmaaldatum is toe verskuif en sodoende is albei groepe geakkommodeer (Helfet 1977:13,15; Saron & Hotz 1955:30).

Die skrywer Audrey Blignault skryf baie oor die Chait-familie van Bredasdorp en die besondere plek wat hulle op dié plattelandse dorp ingeneem het. Uit haar vertellings oor *mrs* Chait kan 'n mens duidelik agterkom watter deernis sy (mevrou Chait) met haar dorpsgenote gehad het. *Mrs* Chait se kinders moes byvoorbeeld altyd vir haar kom sê as hulle dr. Myburgh se groen *two-seater* by iemand se huis sien staan, want dan weet sy dat daar by daardie huis siekte is, en dan stuur sy altyd 'n mandjie lekker kos daarheen (Blignault 1992:20). Mev. Breach, die predikantsvrou van die Engelse gemeente op Bredasdorp, het dikwels wanneer een van die bruin kinders in die gemeenskap siek was en voedsame kos nodig gehad het, vir *Mrs.* Chait 'n briefie geskryf en dan het sy elke dag vir daardie kind 'n beker sop gegee totdat dit nie meer nodig was nie (Blignault 1979:9).

Die mate waarin die Jode en die Afrikaanssprekendes mekaar ondersteun en bygestaan het, is sprekend van die goeie gesindheid wat daar tussen die twee groepe bestaan het. Bennie Klein, 'n Jood van Calvinia, was daarvoor bekend dat hy uit sy pad gegaan het om hulpbehoewendes by te staan. Wanneer daar geld ingesamel is vir 'n weduwee en haar kinders, was Bennie se naam altyd eerste op die lys en hy sou ook self die lys neem en rondgaan om vir hulle te kollekteer (DAKDS CALV D1: Mnr J Brynard). Die Jode het soms bydraes gemaak tot die bou van 'n nuwe kerk of kerksaal vir die NG Kerk. Dit was ook algemeen vir die Jode om by te dra tot die kerkbasaar van die NG Kerk (Einfuss 1978a:29; Mnr WB Giliomee 1997:onderhoud; DAKDS CER B9: Mnr PdT du Plessis). Meneer Khan van Prince Alfred's Hamlet het byvoorbeeld altyd die vark op die NG Kerkbasaar gekoop en dan weer terug gegee om verkoop te word en sodoende ook sy bydrae tot die basaar gemaak (DAKDS CER B9: Mnr PdT du Plessis).

Daar is ook baie gevalle waar Jode finansiële bydraes gemaak het om dit vir nie-Joodse kinders moontlik te maak om verder te studeer. Die skrywer PH Nortje skryf byvoorbeeld die volgende van die tyd toe hy hoërskool toe moes gaan en hy bekommerd was dat hulle nie genoeg geld het om daarvoor te betaal nie:

*Ons hét reggekom. Julius Musikanth, die ander boere-Jood op die dorp, het my met 'n boodskapper na sy winkel laat roep.*

*“Jy moet jou niks worry nie, Henry. As jy iets kortkom – ‘n broek of ‘n hemp of ‘n paar skoene – kom na my winkel toe en ek help jou. Ek ken Gerty Nortje. Sy’s ‘n eerlike mens. Sy sal betaal – met groente of botter of met hoendereiers, of met ‘n paar stukke biltong. Ek sal nie ‘n pennie verloor nie, ek weet.”*

*En so het Ma en Julius Musikanth my saam-saam gedra, nie net deur die hoërskool nie, maak ook die drie jaar op kollege (Nortje 1989:106).*

Ondersteuning en bystand het nie net van die Jode se kant af gekom nie. Vooraanstaande Afrikaanssprekendes het dikwels vrywillig bygedra tot die boufondse van Joodse sinagoges. Hulle het ook bygedra tot die noodlenigingsfondse vir Joodse gemeenskappe in Europa wat die slagoffers van vervolging en onderdrukking was (Saron 1979:6). ‘n Ander voorbeeld van die goeie gesindheid was die gulle verwelkoming wat Calvinia se mense (hoofsaaklik nie-Jode) vir die bruid van Leon Helfet in 1905 gereël het. Helfet het sy bruid in die Kaap gaan haal (sy het per skip vanaf Engeland gekom) en na hul wittebrood het hy haar Calvinia toe geneem. Hul is twintig myl van Calvinia af ingewag deur die Louw-gesin en ‘n klomp jong manne van die dorp. Dáár was ‘n spaaider en vier wit perde vir hulle gereed gemaak vir die laaste deel van hulle reis en ‘n groetsalvo is afgevuur. Op die dorp het die vroue die Helfets se huis versier en die eetkamertafel was vol van die heerlikste lekkernye. Die bruid uit Engeland het dus met die intrapslag kennis gemaak met die gasvryheid van die Suid-Afrikaners (Helfet 1977:11).

Die sonderlinge interaksie tussen die Jode en die nie-Jode het ook daartoe gelei dat twee besondere pogings aangewend is om verdere interaksie te stimuleer. In 1937 is die Vereniging van Jode en Christene gestig (vir plattelanders sowel as stedelinge). Die doel was om goeie verhoudings te bevorder en kennis betreffende die twee groepe te versprei om sodoende misverstande en moontlike wrywing uit die weg te ruim. Een van die doelstellings van die vereniging was spesifiek om anti-semitisme teë te werk. Lede van die vereniging het gereeld bymekaargekom om na toesprake van bekende mense te luister. Die toesprake is dan op pamflette gedruk en versprei (JSGDS: VER PAM 17; Slotow 1982:17). Tweedens het die Suid-Afrikaanse Raad vir Joodse Afgevaardigdes vanaf September 1970 die tydskrif, *Buurman*, uitgegee. Die doel van die tydskrif was spesifiek om wedersydse begrip tussen die Afrikaanse en Joodse gemeenskappe te versterk. Toe die tydskrif in 1970 begin is, was die Joodse gemeenskap reeds tot ‘n groot mate verstedelik, en daarom was

daar moontlik reeds 'n geleidelike verwydering tussen die twee groepe. Dit is opvallend dat verreweg die meeste artikels in Afrikaans verskyn het. 'n Groot aantal van die artikels, veral in die heel eerste uitgawes, handel oor die Joodse immigrante en hoe hulle hul op die platteland gevestig het.

Sam Zetler, Joodse boorling van Stellenbosch, sê prontuit dat hy meer van die Afrikaanse mense as van die Jode of die Engelse gehou het (1997:onderhoud). Tog is daar seker ook diegene wat van mening is dat daar nie 'n goeie verhouding tussen die Jode en die Afrikaanssprekendes op die platteland bestaan het nie. Baie min verwysings na negatiewe verhoudings tussen die Afrikaanssprekendes en die Jode kon gevind word (uitgesonderd sekere opmerkings oor 'n periode in die geskiedenis toe anti-semitisme ook sy kop in Suid-Afrika uitgesteek het, waarna later in hierdie hoofstuk kortliks verwys word). Stories (wat negatiewe gevoelens weerspieël) het wel die rondte gedoen dat Jode van die Afrikaners se plase bekom het deur te veel krediet te gee tydens die Depressie (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud).

Die vriendskappe en interaksie wat daar tussen die Joodse en nie-Joodse kinders op die platteland bestaan het, verdien afsonderlike vermelding. Myns insiens het die kinders wat op die platteland gebore is en dus vanaf hul vormingsjare by die nie-Joodse gemeenskap ingeskakel het, in so 'n mate deel geword van die nie-Joodse gemeenskap dat hulle dikwels nie eers as "anders" beskou is nie. Die kinders het in teenstelling met hul immigrante-ouers nie ongewone (snaakse of vreemde) aksente gehad nie – hulle kon vlot Afrikaans praat.

Hulle het net soos alle ander kinders gespeel, katterkwaad aangevang en aan sport en ander skool- en buitemuurse aktiwiteite deelgeneem (Aschman 1969:27; Saron & Hotz 1955:123). Denis Diamond som in sy artikel *Wat is jy – Jood of Suid-Afrikaner?*, wat in 1971 in *Buurman* verskyn het, die situasie baie raak op. Hy skryf onder meer: *Op ons dorp was hierdie soort vriendskappe heg, en hulle het nog taal- nog kultuurverskille geken. Die feit dat my maat 'n Afrikaner was en ek 'n Jood, het vir ons nie saak gemaak nie. Maar deur die jare het andere dit goedgevind om op die verskille te wys, verskille wat ons nie sou raakgesien het nie* (Diamond 1971:31).

Die kinders het nie onderskeid getref tussen Joods en nie-Joods nie (Mev AdW Pauw 1997:onderhoud). Die plattelandse gemeenskappe was kosmopolities van aard en die kinders het sonder voorbehoud saamgespeel (Aschman 1969:28; Nortje 1970:11). Nortje skryf ook oor die kinders van verskillende nasionaliteite wat in hulle buurt op Wellington woonagtig was en altyd saamgespeel het: *die Hollanders oorkant die parkie, die Duitsers agter ons, die kindere Israels die hele Eerste Laan vol en die Boere en die Engelse soos masels tussenin* [...] (Nortje 1970:60).

Solly Press, 'n Jood wat in die Paarl grootgeword het, skryf oor die Afrikaanssprekende bende waarvan hy die leier was: *Die bende se permanente lede was 'n wonderlike mengelmoes wat 'n mens seker net in die destydse Paarl kon kry. Daar was Abie die Kleurling, Tembu die Xhosa, Ali die Moslem, Pietie die Afrikaner, Johnny die Anglikaan en die Joodjie Sollai, soos ou Tante die Bruin posbode my genoem het. Ons bende se hoofdoel in die lewe was om saam te speel* (Press 1981:29).

Tog is dit ongelukkig ook so dat die Joodse kinders soms spot moes verduur. Louis Hotz, die Joodse geskiedskrywer, sê onder meer: *Onvermydelik was daar soms dinge wat seergemaak het, [...] die "Joodjie" was 'n natuurlike skyf vir die bullebakke wat maar in enige groep kinders voorkom* (Hotz 1970:25).

### **2.3 Die plattelandse Jode se betrokkenheid by ontspanning, vermaak en sport**

Baie van die informante was van mening dat die Jode nie werklik by die sosiale en kulturele bedrywighede op die platteland betrokke was nie. Die meeste van die informante het gesê die Jode was in so 'n mate betrokke by hulle besigheid dat hulle in niks anders belanggestel het nie. Hulle het byvoorbeeld gesê dat hulle nooit met vakansie gegaan het nie, juis omdat hul besigheid te belangrik was en dat hulle nooit hulle winkel in iemand anders se hande sou los nie (Mev A Ackermann, mev C Adonis, mnr AS Bellgrove, dr FD du Toit, me G Lazarus, mev A Leith, mev EMJ van Zyl 1997:onderhoude).

Hoewel bogenoemde klaarblyklik 'n sterk persepsie by die informante is, het dit tog duidelik geblyk dat die Jode wel betrokke was by verskillende kultuuruitinge. In die artikel *Die handhawing van die Joodse volksidentiteit buite Israel* wat in 1984 in die *Buurman*



verskyn het, bespreek die Rabbi, prof S Rappaport, sommige van Mordecai Kaplan, een van die grootste moderne filosowe in die Judaïsme, se teorieë. Hy noem onder meer dat, omdat die Judaïsme 'n kultuur sowel as 'n religie is, aktiwiteite soos musiek, kuns en literatuur 'n integrale deel daarvan is en daarom is die bevordering van die kunste vir die Jode net so belangrik soos hul geloof self (Rappaport 1984:19). Mordecai Kaplan het in 1984 op die ouderdom van 102 jaar gesterf (Rappaport 1984:17).

Die Jode was nie net betrokke by verskillende vorme van ontspanning en vermaak nie, maar was selfs in sommige gevalle die leidende figure. Hulle het dikwels 'n integrale deel van die kultuurlewe van 'n dorp uitgemaak (Einfuss 1981:20). Daar is selfs gesê dat die Jode die kultuur van vreemde plekke (Europa) na die klein dorpie gebring het en die nie-Jode daaraan bekendgestel het (Einfuss 1978a:29). Mev. Helfet, 'n Jodin wat in 1905 as bruid vanaf Engeland geïmmigreer het, het byvoorbeeld die dramavereniging en kroukieklub op Calvinia gestig (Helfet 1977:11). Op Oudtshoorn het daar reeds in 1880 'n *Musical and Dramatic Society* bestaan en daar was baie Jode wat nou betrokke was by dié vereniging. Morris Lipschitz, oupa van die bekende aktrise Moira Lister, het selfs 'n teater in sy volstruispaleis, Montagu House, op Oudtshoorn laat inrig (Van Waart 1997:63). Rabbi Emmanuel Lipkin, ook van Oudtshoorn, was 'n groot musiek liefhebber en hy het baie geskrifte en verhandelings geskryf oor sinagogemusiek (Van Waart 1997:60).

In 1927 is die eerste dansorkes in Namakwaland deur vier Joodse mans, Julius Gordon (klavier), Mick Farber (viool), Sidney Windisch (dromme) en Abe Schapera (banjo), van Springbok gevorm. Nadat Julius Gordon en Mick Farber die distrik verlaat het, is hulle deur twee ander Jode, Simie Jowell (klavier) en Joe Jowell (viool), vervang. Schapera skryf die volgende oor dié Jode se bydrae tot die ontspanning en vermaak van die omgewing: [...] *the fact cannot be denied that these four Jews, influenced the pattern of social life in Namaqualand to a considerable extent. Dances were frequently held in Springbok, O'kiep, Nababeep, Concordia and even as far afield as Garies (72 miles distant) and Port Nolloth (96 miles distant), and in providing a fair measure of pleasurable entertainment, the spirit of camaraderie among the local Afrikaners, Englishmen, and Jews, were greatly enhanced* (1981:19). Ook op ander dorpe was daar Jode wat "bekendheid" verwerf het as eersteklas musiekmakers en sangers (Goudvis 1956:24). Op

Moorreesburg het ene Sammy ('n Joodse seun) baie van die rugbyliedjies wat tydens rugbywedstryde gesing is, gekomponeer (Mnr CJ Visser 1997:onderhoud).

Net soos in die geval van ander ontspanning en vermaak, was die informante weer eens van mening dat die Jode nie betrokke was op sportgebied nie. Tog is daar ook in hierdie geval bewyse dat dit nie in alle gevalle waar was nie. Behalwe vir die kroukieklub wat mevrou Helfet op Calvinia gestig het, was daar ook nog 'n gholf- en wedrenklub op dié dorp wat onder andere deur meneer Helfet gestig is (Helfet 1977:11). Daar is ook verwysings na Jode wat aan rugby (Babrow 1983:31; Cooper 1952:4-6; Terreblanche 1983:13), snoeker (Van Waart 1997:61) en skaak (Mendelow 1971:14) deelgenem het. Daar is selfs geglo dat indien daar nie 'n Jood in die Springbokrugbyspan was nie dit ongelukkig sou wees (Me AM Lategan 1997:onderhoud). Daar is ook 'n verwysing in PH Nortje se boek *Nuut onder die son* dat miesies Gafenowitz aan die honderd tree vir mans en dames oor vyf-en-twintig, op Wellington se jaarlikse boeresport deelgeneem het (1970:65). Laasgenoemde was natuurlik meer pret as sport.

#### **2.4 Joodse betrokkenheid by politiek**

Baie van die informante was van mening dat die Jode nie juis by politieke bydrywighede betrokke was nie, en dat hulle in 'n groot mate apolities was (Mnr JP Carstens, mev I de Villiers, dr FD du Toit, mev ME Hanekom 1997:onderhoude). Tog is daar talle voorbeelde waar die Jode op die platteland burgerlike sowel as politieke posisies bekleed het. Hulle was burgemeesters, stadsklerke, vrederegters, lede van die Volksraad en daar was selfs 'n senator of twee (Brauer 1980:18; Ginsberg 1985:25,27; Kaplan 1973:14; Pinshaw 1974:33; Scholtz 1995:303; Saron & Hotz 1955:14).

Saron (1979:8) noem dat daar nooit 'n kollektiewe Joodse benadering tot politieke vraagstukke in Suid-Afrika was nie, en dat daar nie iets soos 'n "Joodse stem" was nie. Volgens hom het die Jode slegs as individue, dienooreenkomstig hul eie siening, aan die politiek deelgeneem.

#### **2.4.1 Jode se deelname aan die Anglo-Boereoorlog**

Tydens die Anglo-Boereoorlog het die Jode hulle nie as kollektiewe groep saam met die Britte of Afikaners geskaar nie. Sommige Jode het aan die kant van die Republieke geveg en het 'n integrale deel van die kommando's gevorm, terwyl ander weer saam met die Britte geveg het (Foxcroft 1981:71; Rosenthal 1972:11). Die Jode wat hulle wel by die Boere geskaar het, het nie 'n bepaalde korps gevorm nie. Hulle het gewoonlik ingeskakel by die Boeremagte van die omgewing waarin hulle woonagtig was (Van Wyk 1999:147).

Volgens Foxcroft was daar verdeelde gevoelens onder die Jode. Die Oos-Europese Jode het baie simpatie met die Afikaners gehad. Hulle het gevoel die Britte onderdruk die Afikaners soos wat hulle vroeër onderdruk is. Die Wes-Europese Jode daarenteen het weer 'n bepaalde verpligting teenoor die Britte gevoel, omdat Brittanje tydens die 19de eeu in 'n groot mate as die Jode se "beskermer" opgetree het. Brittanje het in baie gevalle Jode gehuisves wanneer hulle uit hul lande van oorsprong gevlug het as gevolg van vervolging en onderdrukking (1981:71,72).

Behalwe dat die Jode saam op kommando gery het, het hulle ook waardevolle mediese dienste tydens die oorlog gelewer. 'n Vrywillige Joodse ambulanskorps het byvoorbeeld in die Bloemfonteinse hospitale gehelp (Brauer 1980:21). Jode het ook in die beskermingsdienste, as spioene, handelaars en voorsieners van produkte soos voer vir perde, en as vervaardigers van ammunisie dienste gelewer (Van Wyk 1999:140).

#### **2.4.2 Die Jood en anti-Semitisme**

By tye het daar onaangename gevoelens tussen die Jode en die Afrikaanssprekendes ontstaan wat hoofsaaklik die gevolg was van die geweldige opkoms van anti-Semitisme in die dertigerjare van die 20ste eeu (Diamond 1978:13; Van Jaarsveld 1970:19,20; DAKDS TUL B1: Mnr DS Theron).

Na aanleiding van die Nazi-propaganda en die geslaagde anti-Semitisme wat deur Hitler en sy party in Duitsland gevoer is, het die regse Afikaners ook twee nuwe organisasies, naamlik die Ossewabrandwag en die Gryshemde in Suid-Afrika gestig. Die Gryshemde was die Suid-Afrikaanse weergawe van die Swarthemde wat in die strate van Duitsland gemarsjeer het en anti-Semitiese slagspreuke geskreeu het. Die Gryshemde het maandeliks

vergader en beplan hoe hulle die Jode uit die weg gaan ruim (Helfet 1977:15; Newman 1972:15). Die depressie van die dertigerjare het duisende Afrikaners geruïneer. Baie van hulle het hul plase of werk verloor (baie moes hul plase afstaan aan die Jode) en moes vernederende handarbeid in die stede verrig. Die Jode is as sondebokke uitgewys en dit was daarom 'n vrugbare teelaarde vir anti-Joodse beskuldigings en bedrywighede (Helfet 1977:15). Die Gryshemde het nooit 'n baie sterk organisasie geword nie en was nie regtig 'n bedreiging vir die Jode nie. Tog het dit die Jode weer nader aan mekaar gebring en meegebring dat bande weer versterk is (Levine 1969:19).

## 2.5 Slot

Die plattelandse Jode met hul bepaalde lewensuitkyk en karaktertrekke het in 'n besondere verhouding tot mekaar en die res van die gemeenskap gestaan. Hulle was in wisselende mate, afhangend van die individu en die gegewe dorp, betrokke by die kulturele, sosiale en politieke aangeleenthede van die dorp.

## HOOFSTUK 3

### TAAL EN WOORDKUNS

#### 3.1 Die plattelandse Jode en hul taalgebruik

Die Jode, wat reeds vanaf die vroeg 19de eeu op die platteland gewoon het, het omtrent almal in 'n mindere of meerdere mate Afrikaans gepraat. Baie van die Joodse immigrante was 'n hele paar tale magtig. Hulle kon Russies of Duits of die taal wat hulle in hulle moederland gebesig het, praat. Jiddisj, 'n tipe Duitse dialek wat in Hebreeuse karakters geskryf word (Mendelsohn 1991:2), is in die algemene omgang gebruik, omdat dit 'n informele taal is wat deur verskillende groepe verstaan is (McCormick 1993:29). Jiddisj stem grootliks ooreen met die Suid-Afrikaanse Fanakalo wat ook 'n informele taal is wat deur verskillende groepe verstaan word. Laasgenoemde is 'n soort verbasterde, mengsel en vereenvoudigde Bantoetaal wat dien as omgangstaal in Suidelike Afrika. Dit word veral op die myne, in stedelike gebiede en in sommige dele ook op boereplase gepraat (WAT 1956:652).

Die Joodse immigrante wat na Suid-Afrika gekom het, het in die stede Engels leer praat. Die Jode op die platteland daarenteen, het Afrikaans geleer, omdat dit die taal was wat die mense op die platteland gepraat het (Mnr D Weil 1998:onderhoud). Die Joodse immigrante het redelik maklik Afrikaans aangeleer, omdat Afrikaans en Jiddisj baie in gemeen het. Albei is Germaanse tale en toon veral ooreenkomste ten opsigte van woordeskat en bou (Kriel 1975:21; McCormick 1993:29).

Met die bekendstelling van die tydskrif *Buurman*, is die volgende opmerking gemaak: "Wanneer jy 'n Engelsman teëkom wat goed Afrikaans praat, moet jy weet dat hy 'n Jood is" (Grosskopf 1971:13). Grosskopf noem verder dat, in die tyd toe daar nog groot getalle Jode op die platteland gewoon het, die Jode as die bevolkingsgroep met die hoogste graad van tweetaligheid, te wete Afrikaans en Engels, beskou is (1971:13). Daar was van die Jode op die platteland wat ook in hul gesin of familiekringe Afrikaans gepraat het (Mann 1981:17; Medallie 1963:23).

Van Waart noem dat die Jode aanvanklik geen Engels geken nie, slegs Jiddisj, Russies en toe gebroke Afrikaans. Volgens haar het die Jode later na Engels gedraai, omdat die Britse regering die Jode toegelaat het om uit verdrukking en vervolging in vryheid sy geloof en besigheid te beoefen. Daarom het die Jood uit erkentlikheid die taal van sy “bevryder” gebruik (1997:62). Die geldigheid van hierdie stelling word sterk bevraagteken. Myns insiens het die Jode altyd aangepas by die gemeenskap waar hulle hul gevestig het of waarby hulle ingeskakel het. In die vorige paragraaf is reeds hierna verwys.

Joodse kinders wat op die platteland grootgeword het, kon vlot Afrikaans praat. Hulle was in Afrikaans-medium skole en het heeltemal ingeskakel by die skoolaktiwiteite. Norman East van Moorreesburg het nadat hy gematrikuleer het ‘n sportkommentator by ‘n radiostasie geword. ‘n Mens kon duidelik hoor dat hy van die Swartland is, want hy het ‘n kenmerkende bry-uitspraak gehad (Mnr SPJ de Greeff 1997: onderhoud).

Op groter dorpe waar daar dubbelmediumskole of aparte skole vir Afrikaans- en Engelssprekendes was, het die Joodse kinders gewoonlik na die Engelse klasse of skole gegaan. Alhoewel baie van die Joodse kinders van die platteland in plaaslike Afrikaanse skole was, het ook hulle na Engelse universiteite gegaan. Die rede waarom die Jode hulle kinders aangemoedig het om Engelse klasse, skole of universiteite by te woon, was omdat die Joodse ouers geglo het die kinders het Engels nodig om in die stad professionele beroepe te beklee (Mnr D Weil 1998: onderhoud). Dit beteken egter nie dat die kinders nie wel Afrikaans ook gepraat het nie. Al was hulle in die Engelse skool, het hulle steeds meestal Afrikaans gepraat. Mej Lettie Lategan, ‘n boorling van Stellenbosch, sê die Joodse kinders op Stellenbosch het omtrent nooit Engels gepraat nie (Mej AM Lategan 1997:onderhoud).

### 3.2 Woordkuns

*Een van die aspekte van die volkskultuur waaruit ‘n mens die meeste te wete kom van ‘n bepaalde groep mense, is die taal wat hy praat... en daarmee word vanselfsprekend nie bedoel of die taal Afrikaans of Engels of Xhosa of Duits is nie, maar hoe hy sy taal besig, hoe hy dit aanwend, hoe hy daarmee speel, wat hy daarmee vorm. Vanuit die volkstaal kan ‘n profiel van ‘n groep geskep word want die humor en erns, die spotsug en die*

*waardigheid, die vindingrykheid, die lojaliteit, die trots, die vrese en angs, die geloof en vertrouwe, spreek uit 'n groep se taalgebruik, naamgewing en vertellings* (Burden 1996:32).

Dit is moeilik om met sekerheid uit te sonder watter bydrae tot Afrikaans deur die Jode spesifiek as gebruikers van die taal gelewer is. Daarom gaan die verskillende aspekte van die volkswoordkunde ondersoek word, deur te konsentreer op die bydraes waar die Jode as groep of as individue figureer. Ongeag of die bydraes in hierdie verband deur Jode of nie-Jode gelewer is, hier is die belangrike feit dat dit dui op die insluiting van die Jood as sentrale figuur in die Afrikaanse volkswoordkunde.

### **3.2.1 Naamgewing**

#### **3.2.1.1 Plek- en plaasname**

In Suid-Afrika is plekname van 'n Westerse oorsprong gewoonlik deur offisiële amptenare of instellings gegee. Die hoofmotiewe was gewoonlik die vernoeming van verdienstelike persone of van die oorspronklike eienaar/s van die bepaalde plek. Die vernoeming van Europese stede en dorpe was ook 'n algemene gebruik. Plekname was selde bodembeskrywend. Daarteenoor is plaasname dikwels deur die boere self gegee en hulle het bodemgesteldheid, volksvernuf, volkshumor en analogie as bronne vir naamgewing gekies (Nienaber 1971:12).

Plek- en plaasname is in baie gevalle draers van die verlede en kan dui op toestande en gebeurtenisse wat nêrens anders opgeteken is nie (Nienaber 1971:12). *In 'n sekere sin is plekname 'n inhoudsopgawe van 'n land se geskiedenis (Vegkop, Bloedrivier), van volksgebruike en volksgewoontes wat dikwels lankal in onbruik geraak het (Mensvreetersberg), van 'n volk se godsdienssin en sy godsdienstige oortuigings (Bethlehem, Bethel); hulle roep name van helde en vergete heldedade voortdurend in herinnering (Retiefklip, Woltemade); plekname word dus tereg beskryf as "a word map of the past"* (Du Plessis 1973:xiii).

Volgens Raper, bekende naamkundige wat navorsing gedoen het oor plekname in Suider-Afrika, is die belangrikste funksie van plekname die volgende: *to refer to an entity; that is, to select one particular entity from a host of others of a similar or different nature, and to identify it and distinguish it from others* (Raper 1987:21).

Daar is plekke wat na Jode vernoem is, soos die spoorweghalte Cachet, wat na die bekende Jan Lion Cachet vernoem is (Nienaber 1971:188). Alhoewel Cachet hom later in sy lewe tot die Christendom bekeer het, is hy van Joodse ouers gebore en word hy daarom by hierdie studie ingesluit.

Warmbad, 'n dorp in die huidige Noordelike Provinsie, word soms Jodebad of Jodenes genoem, omdat daar so baie Jode woon. "Muizenberg" wat in Engels "Mewsenburg" heet, word ook soms in die volksmond vervorm na "Jewsenburg". Die feit dat dit vroeër jare 'n gewilde vakansiedorp was waarheen veral welgesteldes, onder wie baie Jode, gegaan het, kan 'n moontlike rede vir die benaming wees (Coetzee 1994:302).

Naby die Paarl, teenaan die Bergrivier, is 'n plasie met die naam *Jodentempel* geleë. Daar is baie teorieë oor wat die moontlike rede vir dié besondere naam is. Sommige mense beweer dat die Jode van die Paarl en die omliggende streek, asook die smouse wat gereeld in die omgewing was, reeds vanaf ongeveer 1830 op die plaas byeengekom het om religieuse dienste daar te hou. Ander is weer van mening dat "crypto-Jews" reeds in die laat 18de eeu, in die geheim hier byeenkomste gehou het en dat die plaas toe later, nadat die feit bekend geword het dat Jode hier aanbid het, die naam gekry het (Levine 1959:30). Die term "crypto-Jews" verwys na Jode wat hulle tot die Christendom bekeer het, maar steeds in die geheim die Joodse geloof beoefen (De Lange 1997:128). Daar is nie werklik grondige historiese bewyse vir enige van die teorieë nie; intendeel, daar is eerder argumente daarteen. Die smouse het byvoorbeeld eers baie later, teen ongeveer 1880, op die voorgrond getree en die eerste Joodse dienste wat volgens bronne in die Kaapkolonie gehou is, het eers sewe jaar nadat die plaas reeds as die *Jodentempel* geregistreer is, plaasgevind (Levine 1959:30,31). Charles Press, skrywer van die boek *The light of Israel* (1993) wat spesifiek oor die Paarlse Joodse gemeenskap handel, skryf ook oor die legende dat smouse op die plaas *Jodentempel* byeengekom het vir religieuse dienste. Volgens hom kon daar geen verband tussen Jode en die plaas vasgestel word nie (Press 1993:10).

Daar is wel 'n ander teorie wat dalk nader aan die waarheid kan wees. Die plaas is op die 30ste Januarie 1829 in die naam van Johannes Wynand Louw geregistreer. In daardie jaar het hierdie datum op 'n Vrydag geval en dit is dus baie moontlik dat hy werklik eers die



Maandag, die 2de Februarie, op die plaas begin werk het. In *Die Bybel* in 2 Kronieke 3:1,2 staan geskryf: “*Salomo het begin bou aan die huis van die Here in Jerusalem. Dit was op Moriaberg [...]. Hy het begin bou op die tweede dag van die tweede maand in die vierde jaar van sy regering* (1994:400). Dit is dus moontlik dat Johannes Wynand Louw hierdie ooreenkoms raakgesien het. Net soos Salomo begin het op die tweede dag van die tweede maand, het hy ook sy plaas begin bewerk op die tweede dag van die tweede maand en daarom moontlik die besondere naam (Levine 1959:30,31).

### 3.2.1.2 Voorname en vanne

Voordat name ‘n staatsregtelike karakter verkry het, het mense al vanne gehad. Aanvanklik kon ‘n persoon sy van na willekeur verander het. Die seuns van ‘n vader kon byvoorbeeld elkeen hul eie aparte van hê. Agtername (vanne) het min of meer van die begin van die 17de eeu af begin voorkom, tog was dit vóór die begin van die 19de eeu nie noodwendig vas nie (Nienaber 1975:151).

In die vroegste tye het mense net één naam gehad, ‘n sogenaamde roepnaam. Later het die adel en ryk patrisiërfamilies van die Romeinse Ryk begin om ‘n tweede naam vir al die mense van dieselfde familie te gebruik – ‘n algemene familienaam (Nienaber 1975:151; Pienaar 1988:11). ‘n Persoon van die adelstand het dus nou ‘n dubbelnaam gebruik – een doopnaam en die algemene familienaam. Namate die burgerlike stand ryker geword het, in stede saamgetrek het, vir hulle mag toegeëien het en hulle in gildes georganiseer het, het die samelewing ingewikkelder geword. Die mode om dubbelname te gebruik het ook onder die burgers posgevat (Nienaber 1975:152).

Die praktiese eise in die “veranderde” stede was sodanig dat ‘n enkele doopnaam nie voldoende was nie. Daar het ‘n behoefte ontstaan om ‘n persoon nader aan te dui, veral wanneer hy ‘n naam met baie ander persone in dieselfde samelewing of gemeenskap gedeel het. Daar kan dus gesê word dat die nuwe samelewing wat ontstaan het deur die opkoms van volkryke stede, die toevoeging van vanne as ‘n nadere onderskeidingsmiddel gebiedend noodsaaklik gemaak het (Nienaber 1975:152).

In die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika is die kinders streng volgens die beginsels van die tradisionele vernoemingstelsel vernoem (Burden 1996:39). Die oudste

seun is vernoem na sy grootvader aan vaderskant, die tweede seun na sy grootvader aan moederskant en die derde seun na sy vader. Die oudste dogter is vernoem na haar grootmoeder aan moederskant, die tweede dogter na haar grootmoeder aan vaderskant en die derde dogter na haar moeder (Pienaar 1988:29).

Daar word verskeie staaltjies vertel oor hoe sommige van die Joodse immigrante nuwe name met hul aankoms in Suid-Afrika gekry het, omdat hulle nie Afrikaans of Engels magtig was nie. Op Bredasdorp was daar die Orwin-broers, Louis en klein Orwin, wat die slagtery op die dorp gehad het. Daar word vertel dat toe Louis na die Kaap gekom het, die enigste Engels wat hy geken het was: "Win or lose, we come!". Hy het dit egter altyd verkeerdom gesê en toe die amptenare aan die Kaap met sy aankoms hier vir hom vra wat sy naam is, antwoord hy: "Lose or win, we come!". Hulle skryf toe op sy dokumente sy naam as Louis Orwin neer. Hy het van daardie dag af die naam behou (Dr FD du Toit 1997:onderhoud).

'n Soortgelyke storie word vertel oor ene Newman. Toe hy aan die Kaap geland het kon hy ook bykans geen Engels of Afrikaans praat nie. Hoe meer hulle hom vra wat sy naam is, hoe meer antwoord hy: "Me new man, me new man". Hulle kon niks meer uit hom kry nie en besluit toe einde ten laaste om hom Newman te noem (Dr FD du Toit 1997:onderhoud).

Mej Bessie Lazarus van Bredasdorp noem dat hulle van nie oorspronklik Lazarus was nie – haar pa se van was in werklikheid Gerzoenie. Die boere het verskriklik gesukkel om die van uit te spreek en daarom het haar pa besluit om sy tweede naam, Lazer, wat die Hebreeus vir Lazarus is, eerder te gebruik. Die hele familie het van toe af as die Lazarusse bekend gestaan (1997:onderhoud).

Daar was ander families wat hulle vanne verkort het toe hulle na Suid-Afrika gekom het. Dit was egter eerder die uitsondering as die reël. Die rede hiervoor was moontlik dat die vanne te lank was en/of dat die Afikaanssprekendes dit nie kon uitspreek nie. Die Jode kon waarskynlik makliker oor die weg kom met die verkorte vanne. Voorbeelde van die verskynsel is Davidowitz wat in sommige gevalle net Witz geword het, Norisky wat Noris geword het, Abromowitz wat Abrahams geword het en Shabanzazi wat Shaban geword het (Levinson 1979:31; Mev R Slabbert 1997:onderhoud; Mnr D Weil 1998:onderhoud). Dit is

belangrik om te onthou dat nie al die families met hierdie betrokke vanne hulle vanne verkort het nie.

Op 'n ander manier het die Jode ook soms hulle vanne aangepas om 'n bepaalde doel te bereik. Piet Bester van Wolseley se oupa was 'n Jood met 'n lang, moeilike Joodse van. Hy het in die distrik gesmous en het gevoel dat sy van die mense negatief teenoor hom instel en dat hulle hom daarom eenkant behandel. Hy besluit toe om sy van te verander. Hy neem toe die van Bester aan en laat hom herregistreer (DAKDS CER A9: Mnr S Bester). Uit laasgenoemde vertelling kan afgelei word dat daar wel soms negatiewe gevoelens teenoor die Jode was. Dit is teenstrydig met die siening van die meerderheid raadgepleegte bronne en informante wat aanvoer dat daar deurgaans 'n baie positiewe gesindheid tussen die Afrikaanssprekendes en die Jode bestaan het. Daar kan dus afgelei word dat die negatiewe gevoelens wat daar wel bestaan het eerder die uitsondering as die reël was.

### 3.2.1.3 Byname

Daar is verskillende redes waarom mense byname gee. Die belangrikste aanleiding is in baie gevalle spotlus. Indien iemand 'n uitstaande karaktertrek of voorkoms het word daar aan hom of haar 'n bynaam gegee waarmee daar goedig gespot word. Dit is selde dat daar werklik kwade bedoelings agter 'n bynaam is. 'n Ander rede is om tussen mense met dieselfde voor- en/of familienaam te onderskei (Burden 1996:38). In Afrikaans het die tradisionele vernoemingstradisie wat redelik presies nagevolg is (sien 3.2.1.2) verder aanleiding gegee tot die behoefte aan bynaamgewing ter onderskeiding (Pienaar 1988:28,29).

Volgens die skrywer Sue van Waart het sake soms moeilik verloop vir die Joodse immigrante, want alhoewel die boeregemeenskap vriendelik en behulpsaam was, het die Jode gesukkel met die Afrikaanse kultuur. Hulle het byvoorbeeld geen benul gehad van die inwoners van die Klein Karoo se onhebbelike gewoonte om mekaar byname te gee nie. Op Lerouxsvier het twee Gawie le Rouxs gewoon, Gawie Hoëkop en Gawie Maltrap. Op 'n dag kom jong Boerbeitz, 'n smous, oom Gawie Maltrap op 'n vendusie teë en dit is net "Miesters Maltrap" voor en "Miesters Maltrap" agter, totdat oom Gawie, wat gedink het die Jood spot met hom, dit nie langer kon verduur nie. Hy loop hom met die karwats by en skel: "Wie's miskien jou miester Maltrap? Ek is miester le Roux!" (Van Waart 1990:62).

Dit is nie net in die Klein Karoo waar sulke misverstande voorgekom het nie. Willem Burger van die plaas Hoesaar, naby Calvinia, se bynaam was Willem Houtkop. Een dag vra die smousjood vir iemand wie op daardie plaas woon. Die antwoord kom: "Willem Houtkop van die plaas Hoesaar." Die Jood het gedink: "Dit is seker 'n fout." Toe hy op die plaas aankom groet hy vriendelik: "Môre, mnr. Hoesaar! Wil jy nie 'n windpomp koop om op Houtkop te sit nie?" (DAKDS CALV A1: Mev STW Visagie).

Die volkskundige Abel Coetzee gee 'n hele lys benamings wat aan die Jode gegee is, wat almal as kollektiewe byname beskou kan word, naamlik Platvoete, Jooiens, Lappiesmouse, Bondeldraers (smouse), en die voddekopers in die stede het volgens hom Bottelbekjode (afgelei van "Bottles, bags, anything to sell?") geheet. Verder noem hy dat hulle ook soms Suurbekke of Suurbekjode genoem is vanweë hul voorliefde vir argurkies (1948:93).

Menige Jood is "Joodjie" genoem. Dit het in die meeste gevalle glad nie 'n negatiewe konnotasie gehad nie (Hotz 1970:25).

Cohen ('n Jood wat op Ceres gewoon het) het die bynaam King George gekry, nadat hy King George-aartappelmoere ingevoer het om hier op die proef te stel. Cohen was die eerste persoon in die Ceres-distrik wat met aartappels geboer het (DAKDS CER A10: Mnr HB Swart).

Daar was ook van die Jode wat byname verkry het omdat die Afrikaanssprekendes hulle vanne verdraai het. Daar was ene Voëlman, wat altyd in die Loeriesfontein-omgewing gesmous het. Sy van was in werklikheid Vogelman - 'n van met 'n Nederlandse oorsprong (Spies 1984:101).

Daar is ook nie-Jode wat hulle byname aan Jode te danke of dalk eerder te wyte gehad het. Die bynaam Kaplan is afkomstig van 'n Jood met dié naam wat 'n smous was. Hy het altyd 'n groot hoed en 'n lang jas gedra. Die boer het toe vir ou Kaplan gevra om vir hom (die boer) ook so 'n hoed en jas te kry. Toe die boer hierdie uitrusting op 'n geleentheid dra, het die mense hom Jan Kaplan begin noem (DAKDS CALV VI:3). Daar was ook 'n familie in die Riversdal-omgewing wat as die Jode bekend gestaan het, omdat daar in hul

voorgeslagte 'n spekulant was (DAKDS RIV V:3). En ou Hans "Kejof" Linde is na die Jood Skideljofski vernoem, omdat hy so baie na hom gelyk het (DAKDS RIV I:7). Boet Immelman van Halfmanshof is deur almal Boet Levine genoem. Die rede hiervoor is omdat die Immelmans en die Levines soos bloedfamilie was. Boet se oupa het vir die Levines gehelp om 'n winkeltjie te begin, deur vir hulle 'n stukkie grond te gee. So het die jarelange vriendskap ontstaan (DAKDS TUL C3: Mnr CJM Langenhoven).

### 3.2.2 Uitdrukkings, gesegdes en segswyses

Volgens Odendal e.a. is uitdrukkings *die uitdrukking van gedagtes en gevoelens* (1965:1184), gesegdes is *spreekwoordelike uitdrukkings* (1965:274) en segswyses is *vaste, dikwels gebruikte uitdrukkings of geykte uitdrukkings* (1965:949). Dié verklarings is ondoeltreffend as hulpmiddel om te onderskei tussen die drie verskynsels. Vir die doeleindes van die studie is daar gesoek na uitdrukkingsvorme met betrekking tot Jode, wat **uitdrukkings, gesegdes of segswyses** kan wees

Slegs 'n paar voorbeelde is tydens die ondersoek gevind: "Jy is so gewild soos 'n hamtoebroodjie op 'n Joodse piekniek." Dit beteken dat jy nie baie gewild is nie (DAKDS GEO IV B:1). Wanneer daar in 'n geselskap skielik 'n stilte neerdaal word die uitdrukking: "Nou is daar 'n Jood hemel toe" algemeen gebruik (Mev A van Zyl 1998: onderhoud). Nog 'n uitdrukking wat tydens die ondersoek gevind is: "In elke boer se lewe is daar een goeie Jood" (Serfontein 1971:35). Die oorsprong of betekenis van hierdie gesegdes kon nie vasgestel word nie.

Ettiene de Roubaix, skrywer oor die lewe in die Boesmanland aan die begin van die eeu, skryf die volgende oor die Afrikaner tantes by die jaarlikse NG-kerkbasaar: *...Dit lyk of nuwe lewe in iedereen gekom het. Die tantes, oud en jonk, spring die basaartafels by en begin verkoop koek, koffie, tee, koeldranke, konfyt, naaldewerk, poppe en baie ander dinge, dat dit wel lyk of hulle 'n klomp Jodinne was* (1928:39). De Roubaix gebruik hierdie vergelyking om te illustreer hoe ywerig en met hoeveel verkoopsvernuif die basaartantes hulle ware verkoop het. Volgens De Roubaix was die kerkbasaar ter insameling van fondse vir die nuutgeboude kerk en dit verklaar dalk waarom daar met soveel ywer verkoop is.

### 3.2.3 Volksvertellings

‘n Vertelling bestaan uit ‘n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat op ‘n besondere manier saamgevoeg is. Met “besondere manier saamgevoeg” word bedoel dat daar ‘n bepaalde element by die gebeure gevoeg moet word om ‘n alledaagse gesprek tot ‘n vertelling te “verhef”. ‘n Verbeeldingselement moet dus by ‘n gespreksonderwerp gevoeg word om ‘n vertelling te verkry (Grobelaar 1981:24). Vertellings kan in verskillende kategorieë ingedeel word, maar ter illustrasie van die Jode se insluiting by Afrikaanse volksvertellings word daar slegs na belewenisvertellings, sages en grappe gekyk.

#### 3.2.3.1 Belewenisvertellings

‘n Belewenisvertelling is ‘n verhaal wat rondom ‘n ware gebeurtenis verweef word. Dit moet meer as net ‘n feitelike weergawe van die ware gebeurtenis wees - iets moet daaraan gekoppel word om dit ‘n volksvertelling te maak. Dit kan óf die verbeeldingselement wees wat bykom om die storie meer trefkrag te gee óf dit kan ‘n besondere verhaal wees wat die volksmens se emosies aangryp (Burden 1996:44).

In die Afrikaanse volksverhaal vind ons die Jood gewoonlik as smous of handelaar. Die rede hiervoor is dat dié volksgroep hulle besonder skerp toegespits het op die handel en nywerheid, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in baie ander dele van die wêreld. Hulle het bewys gelewer van deursettingsvermoë, ondernemingsgees en ‘n besondere mate van skerpsinnigheid wat baie van hulle laat ontwikkel het tot geslaagde sakemanne wat finansiële welvaart beleef het. Dit is nie net positiewe eienskappe wat in die volksverhaal of –vertelling “besing” word nie. Dikwels word die Joodse handelaar of smous ook as skelm, uitgeslape, suinig, en dies meer beskryf.

Reeds so vroeg as September 1899 verskyn ‘n verhaal oor ‘n Joodse smous in die tydskrif *Ons Klyntji*, getiteld ‘n *Jodestreek*. Die verhaal handel oor ‘n Jood wat met sy wa en ag osse gesmous het. Eendag pik ‘n slang sewe van sy osse dood. Hy staan toe gestrand, maar bedink vinnig ‘n plan. Hy besluit dat die beste sou wees om sy vrou uit te loot. Die Jood se vrou was baie ontsteld, maar hy het hom glad nie daaraan gesteur nie. Hy gaan toe by al die boere in die omgewing rond met ‘n portret van sy vrou, om haar uit te loot vir die betaling van ‘n os per lootjie. Sy vrou was besonder mooi en daarom het hy 40 lootjies vir 40 osse verkoop. Toe die Jood die lootjie trek om die wenner aan te dui, is dit ‘n stokou

man van 80 jaar wat sy vrou wen. Dié wou opsluit sy prys saamneem, maar die vrou wou glad nie saamgaan nie. Die ou man sê toe ontsteld: “Maar niggie, ek het jou tog eerlik gewen!” Die vrou weier egter volstrek. Die ou man maak beswaar en beveel die Jood om sy os terug te gee. Die Jood gee toe die os terug. En so kry die Jood nie alleen sy vrou terug nie, maar word ook nog 39 osse ryker.

Die slinksheid van die Jood word in hierdie verhaal uitgebeeld. Dit is tog opvallend hoe die Jood se vrou niks gedoen het om hom teë te gaan nie, al was sy kennelik nie ten gunste van sy plan nie. Die verhaal vertel dus nie net hoe slim en uitgeslape Jode kan wees nie, maar beeld ook die verhouding tussen die Joodse man en sy vrou uit.

Die volgende verhaal getiteld, *Die hemp wat nie sal krimp nie*, beklemtoon weer eens die Joodse handelsvernuf.

‘n Joodse winkelier vertoon ‘n hemp in sy venster, en hy waarborg dat die hemp nie sal krimp as dit gewas word nie. ‘n Klant daag op en wil die hemp koop, maar dit pas nie heeltemal nie. Die Joodse seun wat die klant bedien, vra aan sy pa: “Pa, hierdie hemp wat nie sal krimp as dit gewas word nie, die klant vra of dit wel sal krimp as dit gewas word?”

“My kind, is die hemp wat nie sal krimp nie, te groot of te klein?”

“Te groot, vader.”

“Nou my kind, sê vir die klant, die hemp wat nie sal krimp as dit gewas word nie, sal krimp as dit gewas word net tot dit groot genoeg is” (Coetzee 1959:4).

Die vertelling wys ook hoe die fynere kunsies van handeldryf wat van vader na seun oorgedra word.

In die volgende vertelling van die skrywer Fritz Joubert word die Joodse smous as aartskelm, wat tot byna enige uiterste sal gaan om iets te verkoop, beskryf.

### ***Dis mos die Pous***

*Vroeër jare toe daar nog geen TV was wat die volk in staat gestel het om te sien hoe sy politieke of rugbyhelde lyk nie, was daar etlike smouse met twyfelagtige motiewe wat goedere aan die boere op die platteland verkwansel het.*

*Daar was geen tasbare verbintnisse met die mense se rugbyhelde nie, want hulle moes op die radiokommentator staatmaak om hulle te vertel hoe 'n speler lyk en hoe hy speel.*

*'n Kenmerk van daardie tydperk was ook die groot klomp handelsreisigers wat die land deurkruis het om 'n kunsmis- of oliemaatskappy te verteenwoordig. Een so 'n reisiger, Johnny van der Merwe, het die vermoë gehad om sy politieke sienswyse aan te pas by die portret wat hy in die plaashuis teëkom.*

*Indien genl. Smuts se foto teen die muur hang, is hy 'n vurige Sap. As dit dr. Malan se foto is, dan word Johnny 'n Nat.*

*Op 'n dag beland hy in 'n huis waar daar geen teken van 'n Smuts of 'n Malan is nie, maar teen die muur pryk daar 'n foto van die Pous.*

*Johnny is heeltemal uit die veld geslaan, want 'n foto van die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk hoort mos nie tuis in 'n boerehuis nie.*

*Hy dra ook sy skok oor aan oom Piet, baas van die plaas. "Oom, ek verstaan dit nie. Op oom se buurplase is daar of foto's van genl. Smuts of van dr. Malan. Wat soek die foto van die Pous nou hier by oom?"*

*Oom Piet antwoord: "Wil jy nou vir my sê dis 'n foto van die Pous? So 'n blêddie Joodse smous, hy het my al weer bedonner. Ek het al die tyd gedag dis 'n foto van Danie Craven" (Joubert 1995: 89).*

Die skrywer Audrey Blignault vertel die volgende verhaaltjie om die besondere verhouding tussen Miesies Chait en ant Hannie, albei van Bredasdorp, uit te beeld:

*Tant Hannie het 'n groot muurteks met die woorde: **Christ is the head of this house, the unseen guest at every meal, the silent listener to every conversation** teen haar muur gehad. "Weet jy, Audrey, missies Chait kom toe nou die dag hier by my en sy gaan staan daar voor daai teks en sy lees die woorde, en wee jy, Audrey, haar oë skiet vol trane. Ek lieg nie vir jou nie. Haar oë skiet behoorlik vol trane en sy vra vir my 'n potlood en stuk papier, want, sê sy, sy wil die woorde afskryf en vir haar voorkamer ook so 'n kaart laat maak. Toe kyk ek haar aan en ek sê: "Christ, missies Chait? Christ?" Het jy mooi reg ge lees? En wee jy kind, wat sê sy: "Aag, Ant Hannie, sê sy, "ek krap net Christ uit en ek skryf Gawd!" (Blignault 1992:17).*



Die volgende vertelling is in die Stellenbosch-omgewing opgeteken en dui op die suinigheid en die gepaardgaande uitgeslapeheid van ou Chait ('n Jood).

Die manne het dikwels by 'n sekere perdestal byeengekom en dan is daar oor groot dinge gepraat. Ou Chait het dan oudergewoonte sy sigarette uitgehaal, een aangesteek en dan die pakkie weggegooi met die woorde: "Jammer, maar dit was my laaste een". 'n Sekere Rosenberg het al gewonder hoe op aarde dit dan altyd ou Chait se laaste sigaret kan wees. Op 'n goeie dag, toe dit herhaal word, stap Rosenberg doodluiters na waar die "leë" pakkie op die grond lê, sit sy hak daarop neer en draai dit in die grond in. Ou Chait het soos blits omgevlieg en geskree: "Mein sigarette, mein sigarette!" Dit was toe al die tyd feitlik 'n vol pakkie. Dit was die einde van sy "leë" pakkie weggooi-gewoonte (DAKDS STE I).

Die volgende vertelling grens byna aan 'n spook storie. Dit is moontlik dat die ou smous 'n lang baard gehad het, soos die figure in die Kinderbybel meestal geïllustreer word. Uit die gegewens in die vertelling kan 'n mens dus 'n beeld van die smous se voorkoms vorm.

Daar was 'n smous, Lavinejood, wat toe een nag met sy smouskar op die plaas Papkuilsfontein van Joachim Nel oorgebly het. Oupa Kallie, wat ook op die plaas gewoon het, het die môre vroeg opgestaan en koffie gemaak. Hy het nie geweet dat die smous daar is nie. Oupa Kallie gaan sit toe by die tafeltjie voor die venster om sy Bybel te lees. Die Jood sien die lig brand en stap nader. Hy kap liggies aan die venster, en toe oupa Kallie opkyk sien hy die Jood voor hom staan. Oupa Kallie wat die môre uit die boek Jesaja gelees het, skrik so groot (hy was maar 'n bang man) dat hy nie kon loop nie – hy kruip na Joachim toe en sê: "Hy's hier, hy's hier!" "Wie?", vra Joachim. Hy antwoord benoud: "Jesaja!" (DAKDS CALV A2: Mnr JC Boltman).

In *Storie-Konsertina*, 'n bundel humoristiese verhale van AAJ van Niekerk, saamgestel deur Daniel Hugo, kom 'n treffende vertelling voor waarin 'n Jood figureer. Uit hierdie vertelling, *Danksy die vlieë* (sien bylaag 1), kan die kultuurhistorikus baie belangrike en interessante gegewens rakende die Jode en hulle omgang met die nie-Jode waarneem. Die leser kry 'n duidelike beeld van Litae en wat die Jode daar moes deurmaak voordat hulle geïmmigreer het. Baie van die Jode wat na Suid-Afrika geïmmigreer het, het juis van hierdie Oos-Europese land gekom.

Die verhaal handel oor David Shapiro, 'n jong seun, wat in 1918 saam met sy ouers uit Litaue na Suid-Afrika gevlug het. Met hulle aankoms in Suid-Afrika het David se pa 'n winkel geopen. Jare later het hy die familiesaak verlaat en op sy eie 'n winkel begin.

David, 'n volkome analfabeet, het 'n betroubare Afrikaner-kêrel as boekhouer gekry, maar vir die res het hy self gesorg. 'n Groot struikelblok was die merk van nuwe voorraad. Hy het 'n bepaalde stelsel (met pers kolletjies vir elke pond en sjieling) ontwerp om die probleem te oorkom. Later het hy op sy stelsel uitgebrei, hy het ook kommatjies en strepies vir bepaalde eenhede gebruik.

Op 'n keer moes David Kaapstad toe gaan. Hy het sy oudste seun, Seppie, aangesê om sy plek vol te staan en voor sy vertrek het hy hom behoorlik les gegee in die punt-kommatjie-strepie stelsel. Met sy terugkeer moes Seppie verslag doen van elke transaksie wat in David se afwesigheid plaasgevind het. Seppie vertel opgewonde dat hy die "blue suit" wat al so lank al bo-op die rak gelê het, verkoop het. "Vir hoeveel het jy dit verkoop?", wil David dadelik weet. "Ag pond," sê Seppie en gee die papiertjie met die dotjies vir sy pa. David kyk lank en aandagtig na die papiertjie en sê: "Thanks for die flies" (Opsomming: Van Niekerk 1993:46-50)

Die verhouding tussen vader en seun (Israel en David en ook David en Seppie), die mate waarin die besigheid as allerbelangrik beskou word (David werk vir jare sonder betaling en Seppie bly sommer twee dae uit die skool uit) en die samewerking tussen die Afrikaanse boekhouer en sy Joodse kliënte kom ook uit die vertelling na vore.

Die gedagte dat die Jode nie opleiding as besigheidslui nodig het nie, maar instinktief oor handelsvernuf beskik, word ook in die verhaal gestaaf. Seppie is nog 'n skoolgaande kind, maar hy is reeds so knap *dat die boere-kliënte hulle verwonder het aan die seuntjie se behendigheid om hulle "af te help"*. Ook in hierdie verband is dit insiggewend om te let op watter argumente en eise David aanvoer wanneer hy met die groothandelaars in Kaapstad "bots", as in ag geneem word dat hy 'n analfabeet was. Dit wil dus voorkom asof die sin vir besigheid instinktief was.

Die verhouding David en die res van sy gesin blyk ook uit die verhaal. Hy bring vir elkeen 'n geskenk uit die Kaap en hy laat ook nie toe dat sy swanger vrou die hele dag agter die toonbank in die winkel staan nie.

In dieselfde bundel verskyn die verhaal *Ditto*. 'n Variasie van hierdie vertelling is reeds in 1984 deur Spies in sy boek *Poort deur die koue*, opgeteken (sien bylae 2 en 3). Daar is 'n paar verskille en ooreenkomste tussen die vertellings van Spies (1984:93-97) en dié van Van Niekerk (1993:5-11), waarna kortliks verwys sal word .

Albei verhale handel oor 'n boer wat dorp toe moes gaan om inkopies vir sy vrou by die Jood se winkel te gaan doen. Die vrou het 'n baie gespesifiseerde lysie gegee en beklemtoon dat die boer op sy hoede moet wees dat die Jood hom nie verneuk nie.

Die interaksie en onderhandeling oor die prys van die ware wat die boer aan die Jood verkoop het en andersom word in detail bespreek. Wanneer die boer terugkom by die huis kyk sy vrou dadelik na sy aankope en die rekening. Sy bestudeer die rekening aandagtig en sien dan 'n yslike fout. Op die rekening staan daar onder die lys van items aangekoop: Ditto en dit kos 'n bepaalde bedrag. Die boer se vrou is briesend, want óf die Jood het hulle verneuk óf haar man het iets gekoop wat sy nie ken nie.

Die boer moes noodgedwonge weer sy perde inspan en dorp toe ry. Toe hy baie laat die aand vir die tweede maal van die dorp af terugkeer vra sy vrou dadelik of hy die Jood goed uitgetrap het oor sy sluideid. Die boer antwoord toe skaam-kwaad dat hy vanaand nie net die betekenis van die woord ditto geleer het nie, maar ook agtergekom het dat sy vrou 'n bleddie fool is en hy is ditto.

Dit is slegs die karakters se name, die plek waar dit afspeel en die voorwerp of objek waaroor die hele misverstand handel, wat verskil. Die strekking van die verhaal is presies dieselfde. Die variasie van Van Niekerk is baie meer uitgebreid en het meer detail verweef rondom elke karakter, asook rondom die hele verloop van die verhaal as sodanig. Die verhouding tussen oom Niklaas en tant Lenie word byvoorbeeld in detail bespreek (in Spies se vertelling word daar slegs van die boer en sy vrou gepraat, sonder dat voor- of persoonsname aan hulle toegeken word). Die Joodse handelaar, Suburski, stem ooreen met

die karakter van oubaas Charney in Spies se vertelling. Behalwe vir die boer, sy vrou en die Joodse handelaar, het Van Niekerk se vertelling ook nog die plaasarbeider, Koopman, wat saamgaan dorp toe en “kougoed” aan die Jood verkoop. Hierdie karakter, Koopman en sy vrou, Grietjie, figureer glad nie in Spies se vertelling nie.

Uit al hierdie vertellings kan waardevolle inligting rakende die Jode en hul omgang met die nie-Jode op die platteland verkry word. Nie alleen kan ‘n idee gevorm word van die verhouding tussen smous en boer, winkelier en klant nie, maar ook tussen smous en smous, Joodse werkgewer en nie-Joodse werknemer, ensovoorts. Die manier waarop die Jode Afrikaans gepraat het, kom ook in sommige van die vertellings na vore en is vir die kultuurhistorikus van onskatbare waarde (sien veral bylae 1 en 2).

### 3.2.3.2 Sages

In die ware sin van die woord is ‘n sage ‘n verhaal waarin geesverskynsels ‘n rol speel (Burden 1996:46). In hierdie onderafdeling word spookstories waarin ‘n Jood betrokke is, ongeag op welke wyse hy betrokke is, beskryf. Van Niekerk (1974:101-106) het in sy boek *Bittergousblom* die verhaal getiteld *Smous uit die dode* opgeteken (sien bylaag 4). Twee variasies op hierdie verhaal is in die Dokumentesentrum van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch opgespoor (DAKDS PAR II; DAKDS VIC IV). Die een lui soos volg (sien die ander in bylaag 5):

‘n Sekere smous, mnr. Morris, wat altyd ‘n vaste slaapplek by ‘n gesin in die Karoo gehad het, het sommer altyd in die wa wat buite op die werf gestaan het geslaap wanneer hy deur die Karoo reis. Dit gebeur toe dat een van die familielede van sy gasheer oorlede is. Hulle sit die lyk in ‘n kis onder die wabed waar die smous die nag wou oorbly. Die volgende oggend vroeg moes twee mans die lyk na die familieplaas neem, en salig onbewus van die man wat op die wa lê en slaap, het hulle ingespan en vertrek. ‘n Ruk later word die smous wakker van ‘n gestamp, en hy besef dat die wa besig is om te ry. Hy staan op, en vanuit die tent van die wa sê hy: “Haai waar gaan julle met my heen?” Die twee mans dink dit is die spook van hul gestorwe familielid, en dit was die laaste sien van die twee kêrels. Hulle het laat spaander en die arme smous, onbewus van alles, het agter hulle aangehardloop, maar verniet. Hy het toe maar die wa na die naaste plaas laat gaan, en groot was sy ontsteltenis toe hy verneem dat hy die hele nag op ‘n lyk geslaap het (DAKDS PAR II:4).

Die drie verhale stem grootliks ooreen. Van Niekerk se weergawe is net langer met meer detail rakende die karakters.

Karel Veerkar was 'n bekende grootliegkarakter in die Porterville-distrik. Die volgende spookverhaal is in dié omgewing opgeteken en is na bewering as die reïne waarheid deur hom (Karel Veerkar) vertel.

By geleentheid het Karel Veerkar op 'n uitspanning 'n spook ontmoet. Hy het sy geweer in die kar gelos. 'n Jood met 'n eenperd-kar kom span toe ook daar uit. Om en by twaalfuur die nag word hy wakker en sien 'n baie lang man aangestap kom na sy kar. Terselfdertyd het hy die Jood vreeslik hoor kerm (volgens Karel Veerkar is 'n Jood nes 'n hond omdat hy 'n spook eerste sien). Omdat Karel nie sy geweer gevat het nie, hardloop hy na sy kar toe. Toe hy aan die geweer vat, buig die "lang man" oor die kar en vat aan die geweer se agterkant. Die "lang man" het hom in sy gesig gestaan en kyk. Vir Karel het dit gevoel of die man dwarsdeur hom kyk. Karel het toe die geweer net so gelos, omgedraai en gaan lê. Op daardie stadium het die Jood nog aanhoudend gekerm. Die spook het darem niks gedoen nie, en het die geweer gelos (DAKDS POR V:4).

Volgens Karel Veerkar besit Jode die een of ander magiese eienskap om spoke voor ander mense te sien. Of dit waar is word betwyfel, veral as die bedrewenheid van Karel Veerkar as grootliegverteller in aanmerking geneem word.

Dan is daar ook die verhaal waarin die Jood voordeel getrek het uit die feit dat die mense geglo het dat dit op 'n spesifieke plek spook. Uit die feit dat die Jood daar gaan slaap het, ten spyte daarvan dat die mense vertel het dat dit daar spook, word afgelei dat dié Jood nie aan spoke geglo het nie.

Daar was een maal 'n boer wat 'n plaas naby Eendekuil gekoop het. Elke nag as hy gaan slaap het, was daar eienaardige fluitgeluide in die huis. Hy het dadelik gedink dit spook en het toe besluit om liever weer die plaas te verkoop. Een aand kom slaap daar 'n Jood op die plaas. Hy het gehoor dat dit kamtig daar spook en staan toe die nag op en loop om die huis om vas te stel wat die fluitgeluid maak. Hy kom toe agter dat dit die wind is wat deur

die geute van die huis fluit. Hy vertel niemand van sy bevindinge nie en koop die plaas. Later het die waarheid tóg uitgekóm (DAKDS STEL XXXVIII).

### 3.2.3.3 Grappe

Die grap kan as 'n kort volksvertelling beskou word, omdat die grap as't ware al die ander soort volksvertellings oorkoepel. Die rede vir laasgenoemde stelling is dat die meeste soort vertellings in 'n grap uitmond (Wortley 1992:5). Die geldigheid van laasgenoemde stelling word betwyfel. Daar is baie vertellings met 'n treurige uitkoms of met 'n deurlopende treurige storielyn. Net soos in die geval van belewenisvertellings en sages kan baie inligting betreffende die Jode, hul karaktereenskappe, hul geloof en die verhouding waarin hulle met ander Jode en nie-Jode gestaan het, uit grappe verkry word. Die meeste grappe waarin Jode voorkom het gewoonlik te make met besigheid, die Joodse geloof of dit beeld die Jood as suinig of skelm uit.

Die Jode word ook dikwels as suksesvol uitgebeeld. Na aanleiding hiervan kan sukses selfs as 'n karaktereenskap van die tipiese Joodse figuur beskou word. Myns insiens is daar verskillende redes hiervoor. Die feit dat die meeste Jode geïmmigreer het met weinig meer as die klere aan hulle lyf, dat hulle in al die lande waar hulle 'n heenkome kon vind 'n minderheidsgroep was en dat hulle dikwels nie eers die taal van die mense kon praat of verstaan nie, maar steeds in die meeste gevalle 'n sukses gemaak het (veral op finansiële gebied), het die bewondering van ander bevolkingsgroepe afgedwing.

Nog 'n rede wat nie uit die oog verloor moet word nie is dat die Calvinistiese Afrikaanssprekende die Jode as God se uitverkore volk beskou het en dit daarom vir hulle te verstane was dat die Jode so 'n geseënde nasie is. Ten spyte daarvan dat hierdie goeie eienskappe soms beklemtoon word, word karaktereenskappe soos suinigheid en skelmheid baie meer dikwels aan die Jode gekoppel. Abel Coetzee (1959:1) se stelling oor die verskynsel van massa-oordeel is ook hier van toepassing. Dit kom kortliks daarop neer dat die volk mens al die goeie eienskappe aan homself toe-eien, terwyl die minder goeie aan die "ander volk" toegewys word.

Dit is ook belangrik om te onthou dat dit juis die eienskappe wat die Jood van die nie-Jood onderskei is, wat in 'n grap (net soos in die geval van ander vertellings) uitgesonder word.

Die feit dat die Jode meestal in die besigheidswêreld betrokke is en sodoende dikwels met geld werk, het daartoe bygedra dat die Jood dikwels met eienskappe soos skelmheid en suinigheid geassosieer word. Tydens die depressiejare het die Jode dikwels vir die boere op skuld laat koop, en omdat van die boere dan nie in staat was om hul skulde te delg nie, het hulle hul plase verloor. Dit het verder bygedra tot dié assosiasie. Grappe wat van hierdie karaktereenskappe uitbeeld, word vervolgens aangehaal:

### **Selfmoord**

*'n Jood wat moeg was vir die wêreld wou homself om die lewe bring.*

*Hy loop toe na 'n apteek toe en vra om gif.*

*"Watter soort gif wil u hê?" vra die man agter die toonbank. "Ek het strikniene en arsenik en nog 'n paar ander soorte."*

*"Watter is die goedkoopste?" vra die Jood (Die Huisgenoot Februarie 1920:326).*

### **Spaar bietjie**

*'n Jood sê eenkeer vir sy seun: "My kind, maak jou treë langer as jy loop, dan slyt jou skoene minder" (Die Huisgenoot Januarie 1922:392).*

### **Per tjek**

'n Boer het drie dogters gehad. Die eerste kêrel, 'n Afrikaner, kom vra toe die boer of hy met sy dogter kan trou. "Goed, maar as ek doodgaan, moet jy honderd pond in my kis sit." Dit was ook die voorwaarde vir die Engelsman om die tweede dogter, en 'n Jood om die derde dogter te kry. Elk van die skoonseuns het die voorwaarde aanvaar en het met 'n dogter getrou. Met die boer se dood sit die Afrikaner en die Engelsman elkeen hul 100 pond in; maar die Jood, na hy die wêreld mooi deurgekyk het, haal sy tjekboek uit, en skryf 'n tjek van 300 pond uit, sit dit in die kis, en haal die 200 pond uit met die opmerking: "Hy kan die tjek maar anderkant gaan wissel" (Die Huisgenoot November 1919:212).

### **Kul hulle**

*Huisvrou aan die Jood: "Maar jy het my uitdruklik gesê dat ek 'n egte wolkomers koop, en toe ek by die huis kom, sien ek daar staan met groot letters 'KATOEN' geskrywe.*

*Die winkelier: "Maar miesies! Das net om die mot te verkul!" (Wortley 1992:467).*

### Help...vir 'n donkie

Twee Jode wat nie kon swem nie, was besig in 'n droë rivier; en terwyl hulle daar werk, kom die rivier af en spoel hul saam. Hulle sien 'n Boer in die water wat goed swem, en die een roep die Boer en sê: "Asseblief help ons uit; ek sal jou 'n donkie gee!"

Die ander Jood, wat agter sy maat is, roep uit: "Abraham, maar jy het mos nie 'n donkie nie!"

"Stiel, man," fluister die eerste Jood terug; "kan jy nie sien ek wil biesnis maak met die Boer nie?" (*Die Huisgenoot* Februarie 1922:434).

### Klein stukkie

Eendag sit 'n Jood 'n stukkie varkvlies en eet. Dit het gereën, en toe meteens kom daar 'n swaar donderslag. Die Jood skrik geweldig en sê: "Net so klein stukkie vark geëet, nou so tamaai lawaai!" (*Die Huisgenoot* 1919:122).

### 'n Yard

'n Jood loop eendag langs die straat en wonder op watter manier hy iets kan verdien. Naderhand sien hy 'n opskrif voor 'n slaghuis wat lui dat 'n vyf pond beloning uitgelooft word vir enigeen wat nie bedien kan word met wat hy vra nie. Die Jood is in sy skik en dink by homself dat dit die gulde geleentheid is vir hom om geld te maak. Hy stap binne en ewe droog vra hy aan die man agter die toonbank: "Gee my asseblief een yard varkvlies." Die man sê toe dat hulle in die slaghuis net by die pond verkoop. "Gee my dan my vyf pond wat julle belooft het." Die Jood het so aangehou dat die slagter later genoodsaak was om die vyf pond vir hom te gee. Die slagter bied hom toe somer net daar en dan 'n werk aan. Die Jood wik en weeg en besluit toe om die werk te aanvaar en daarna word die man wat hom aanvanklik gehelp het, weggejaag. 'n Paar dae later kom die gewese werknemer die slaghuis binne en hy vra of hy 'n yard varkvlies kan kry. Ewe bedoord sny die Jood drie varkvoetjies af en gee dié aan hom. Die man kyk die Jood verbaas aan en toe antwoord die Jood ewe parmantig: "Na watter skool het jy dan gegaan? Weet jy dan nie dat drie voet een yard is nie?" (*Die Huisgenoot* Julie 1918:434).

### Nie daarte'en bestand nie

*Oom Gert (net so kwaad als kan kom): "Kijk hier, jou naarheid, die hele rug is oopgebars van die baatje wat ik gister hier bij jou gekoop het."*



*Jode Winkelier: "Mij maskas! Maar meneer het ook seker probeer om die baatje voor toe te knoop" (Wortley 1992:19).*

### **Plesierig**

Jood: "Is jou baas, die professor, tevrede met die perd wat hy laas by my gekoop het?"

Stalkneg: "Uiters tevrede."

Jood: "So, so!"

Stalkneg: "Ja, hy het twaalf nuwe siektes ontdek wat hy tot nou toe nie geken het nie." (Wortley 1992:18).

### **Die Hoofingang**

Lazarus het 'n nuwe klerewinkel in Kerkstraat geopen. Sake het so fluks gegaan dat Moses besluit het om amper langs hom ook 'n klerewinkel oop te maak. Ook by hom het die klante mekaar verdring.

Sandy, 'n Skot, het geredeneer dat as die twee Jode so vinnig vorder, kan hy ook miskien 'n kans hê en huur toe die winkel tussen die twee.

'n Maand later stap Lazarus oor na Moses.

Lazarus: Hoe gaan dit mit jou besnis?

Moses: Morsdood.

Lazarus: Wat is dan verkeerd?

Moses: Ek wiet nie. Dit lyk of dit goed gaan mit Sandy. Kom ons gaan kyk na sy winkel.

Hulle stap oor die straat. Skielik steek Lazarus vas: "Wat ies dit. Kyk daar Moses! Met 'n uitgestrekte hand wys hy na die Skot se uithangbord waarop met goue krulletters te lese staan: Hoofingang (*Die Huisgenoot* 8 Augustus 1935:73).

### **Ham**

*Oom Willem was jare lank winkelier en vertel dat 'n Jood eendag by sy winkel inkom, na die vleis in die yskas kyk en met sy vinger na 'n stuk ham wys. "'n Pond daarvan, asseblief..."*

"Ham?" vra oom Willem.

*Geskok kyk die Jood na hom: "Did I ask you to name it?" (Wortley 1992:1058).*

### **Die slim polisieman**

*'n Springbok-rugbyspeler moes op 'n keer doen wat duisende ander jong mans voor hom al gedoen het: hy moes in die Polisiekollege in Pretoria 'n belangrike eksamen aflê voordat hy 'n offisier kon word.*

*Die rugbyspeler vaar baie goed met die antwoorde op die vraestel totdat hy die volgende vraag teëkom: "What are rabies and how do you treat it?"*

*Die Noord-Transvaalse Springbok het 'n ruk lank kopgekrap voordat hy uiteindelik skryf: "Rabies are Jewish priests and you treat them with respect" (Joubert 1995:87).*

### **Vindingryk**

Twee Jode reis in die Midde-Ooste per trein met net een kaartjie. Toe die kondukteur opdaag, glip hulle na die volgende passasierswa en sluit hulself in die toilet toe. Toevallig sit daar twee Arabiere regoor die deur en wonder hoekom die Jode gelyk by die toilet ingaan. Ná 'n rukkie klop die kondukteur aan die deur. Hulle druk die kaartjie onder die deur deur. Die kondukteur knip dit en stoot dit weer terug.

Wonderlike plan, dink die Arabiere. Toe hulle die volgende keer ry, koop hulle ook net een kaartjie, maar tot hulle verbasing koop die Jode glad nie 'n kaartjie nie. In die trein gaan sit die Jode naby die Arabiere. Toe die kondukteur aankom, glip die twee Arabiere na die toilet. Die Jode gaan klop aan die deur, neem die kaartjie onder deur die deur en glip weg na die volgende toilet.

Nodeloos om te sê, die twee Arabiere is vasgetrek en die twee Jode het weer met een (gratis) kaartjie weggekrom (*Duwweltjie* 1996:52).

### **Regte prioriteite**

*Abe lê op sterwe. Een na die ander het hy gevra of sy agt seuns daar is. En elkeen was.*

*Maar al was die einde naby, kon die seuns sien Abe werk homself al hoe meer op hoe verder hy op die lys gevorder het en hoor of almal daar is.*

*Toe die agterste een klaar geantwoord het, kon Abe dit nie meer langer hou nie.*

*Sukkelend beur hy orent en vra briesend en met trane in sy oë: "En as julle almal nou hier is, wie kyk na die winkel?" (*Duwweltjie* 1996:89).*

### 3.2.4 Rympies

Die bronne van herkoms vir Afrikaanse volksrympies is dieselfde as vir alle volkskultuurprodukte: daar is erfgoed uit die stamlande (veral Nederlands en Duits, maar ook vertalings uit Engels), leengoed (veral by die Maleiers) en nuutskeppinge deur die volksmense self (Grobelaar 1997:175). Dit is belangrik om te onthou dat alle nuwe volkskultuurskeppinge die werk van enkelinge is. Geen volksrympies of volksliedjies (wat baie nou bymekaar aansluit, omdat rympies dikwels ook gesing is) wat spesifiek oor Jode handel of spesifiek deur Jode geskep is, kon by informante gekry word nie. 'n Paar ryme wat oor Jode handel is wel in gepubliseerde bronne aangetref.

*'n Grys ou Jood stap in die pad  
toe hy drie seuns ontmoet,  
en hul begin met hom spot –  
die onbeskofte goed.*

*“Jong, hier kom vader Abraham.”  
“Of is dit Isak wel?”  
“Nee, dit is vader Jakob, man:  
Ek ken hom aan sy vel.”*

*Die Jood gaan staan en sê bedoord:  
“Jul het dit mis, al drie;  
ek is nie vader Abraham,  
Isak of Jakob nie.*

*“Maar ek, dit kan julle my glo,  
is Saul, seun van Kis:  
ek soek die esels van my pa,  
en hier is hul gewis (Grobelaar 1973:122).*

**Slaan Haman Dood!**

*Slaan Haman dood, slaan Haman dood*

*met skoene en met kouse:*

*Haman het 'n galg gebou*

*vir Jode en vir smouse (Grobbelaar 1969:48).*

*My baas trap in die ring*

*En sit terug*

*Dat die Rabbi kan sy nek buig.*

*As jy op die bult uitkom,*

*Trek hom so na die wiegkant toe.*

*Dan sal Fytjie sê: "Daar kom die Dysman."*

*Dan staan die nonnie op haar skaarkant en kyk.*

*Dan sê sy: "Fytjie, dit is hy!"*

*Dan staan sy so effentjies terug.*

*"Ja, toe maar, Nonna, nou sal jy 'n ding sien!*

*Dit is hy. Plaatjie sal netnou kom met die handperd.*

*Aitsjê, Nonnie, dan sal die ding werk" (Grobbelaar 1994:247).*

In die reël: "Dat die Rabbi kan sy nek buig" word 'n vergelyking getref tussen die perd wat sy nek krom maak en 'n biddende Joodse geestelike. Die volgende tergrympe is ook in die boek *Waar die volk skep* opgeteken:

*Een twee drie, die Jood is in die pot,*

*Fyn gestamp en die deksel daarop,*

*Toe kook hulle die Jood met peper en sout,*

*En o! wat lyk so 'n Jood benoud (Coetzee 1994:197).*

Daar is ook 'n ABC-rympie in die Springbok-distrik opgeteken waarin 'n Jood figureer. In hierdie rym staan die letter J vir 'n Jood wat klere verkoop (DAKDS SPR III).

### 3.3 Die Jode se bydrae tot die Afrikaanse Letterkunde

#### 3.3.1 Joodse skrywers in Afrikaans

Daar word vermoed dat een van die heel eerste skrywers wat 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde gemaak het met sy dagboek uit 1705, te wete Adam Tas, van Joodse afkoms was. Na bewering was sy van in werklikheid Tasch en het hy hom voor sy aankoms aan die Kaap tot Christen bekeer (Pheiffer 1970:34; Pinshaw 1975:16). Tas se dagboek is tot vandag een van die kultuurhistorikus se belangrikste bronne uit die vroeg 18de eeu. Sy inskrywings bied 'n rykdom van waardevolle inligting wat aan die kultuurhistorikus insig en begrip verleen oor die alledaagse lewe van die vroeë koloniste.

Spesiaal van betekenis vir Afrikaans is die bydrae van Joseph Suasso de Lima (1791-1858) (SABW I 1968:227). Dié Nederlander van Portugees-Joodse afkoms het hom in 1818 met sy eggenote in die Kaap kom vestig. Hy het baie verse, toneelstukke en ander werke geskryf en vertaal. Kort nadat John Fairbairn begin het met sy blad *The New Organ*, het De Lima in 1826 gevolg met sy weekblad *De Verzaamelaar*. Sy blad was so vol persoonlike teregrywings, satiriese humor en skinderpraatjies, dat hy baie vyande gemaak en groot opskudding veroorsaak het (Berger 1976:74; Coetzee 1961:30; Pheiffer 1970:34; Wortley 1992:29). Hy het ook die eerste Suid-Afrikaanse geskiedenisboekie, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, geskryf. De Lima het homself ook geadverteer as vertaler uit Hebreeus, Grieks, Latyn, Arabies, Maleis, Chinees, Malabaars en ander Oosterse tale, in Frans, Spaans, Hoog- en Nederduits (Pheiffer 1970:34).

Jan Lion Cachet word beskou as die Jood wat die grootste enkele bydrae tot die Afrikaanse letterkunde gemaak het (Coetzee 1961:30; Van Waart 1997:64). Cachet is in 1838 uit 'n Portugees-Joodse familie in Amsterdam gebore. Hy het hom tot die Christendom bekeer en het later 'n predikant van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geword (Nienaber 1971:188; Pheiffer 1970:34). Jan Lion Cachet was een van die eerste medewerkers van die koerant *Di Patriot* en die tydskrif *Ons Klyntji*. Hy het 'n reeks sketse in dié tydskrifte gepubliseer. Later is hierdie sketse versamel en gebind onder die titel *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het* (1907) (Pheiffer 1970:34; Pinshaw 1975:17). Cachet het ook 'n baie belangrike rol in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging gespeel. Hy was byvoorbeeld een van die stigters van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns en ook die

stigter van die *Het Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk (Pinshaw 1975:17). Hy het ook 'n aantal verse in Afrikaans geskryf onder die skuilnaam "Oom Jan wat versies maak" (Pheiffer 1970:34). Daar word selfs gesê dat die eerste gedig in Afrikaans, in 1860, deur hom geskryf is (Pinshaw 1975:17). Hierdie stelling is egter nie korrek nie aangesien Cachet eers in Januarie 1861 na Suid-Afrika gekom het. Sy gedig *Die Afrikaanse taal* (sien bylaag 6) het hy reeds in 1869 geskryf, maar dit het eers in 1896 in *Ons Klyntji* verskyn (SABW I 1968:151,152).

In die twintigste eeu maak die Joodse digteresse Olga Kirsch en Sheila Cussons opgang met hul Afrikaanse poësie (Coetzee 1975:32; Medallie 1963:23; Van Rensburg 1980:45). Olga Kirsch het op Koppies in die Vrystaat grootgeword. Sy het Engels in die huis gepraat, maar het in Afrikaans skoolgegaan. Kirsch was in 1944 slegs die tweede vrou wat 'n digbundel in Afrikaans gepubliseer het. In 1949 het sy na Israel geëmigreer, waar sy tot met haar dood in 1997 gewoon het. Vanaf 1949 tot 1972 het sy geen gedigte in Afrikaans gepubliseer nie, maar in 1972 het haar bundel getiteld *Negentien gedigte* verskyn en later het daar nog vier van haar bundels in Afrikaans verskyn (Hugo 1994:9).

Sheila Cussons, hoewel oorspronklik van Joodse herkoms, het haar later tot die Christelike geloof bekeer, en haar latere werk het 'n baie sterk geestelike inslag (vanuit 'n Christelike oogpunt). In haar titelgedig van die bundel *die somerjood* (1980) gebruik Cussons die Jood as simbool vir haar begrip van volheid van bestaan. Volgens Van Rensburg (1980:45,46) getuig alles in die gedig van 'n ongeïnhibeerde volheid en vryheid. Hy noem verder dat dit nie die eerste keer is dat Cussons die Jood as gegewe in haar poësie gebruik nie, ook in die gedig *Himne in wit* in haar bundel *Die swart kombuis* gebruik sy die Jood as simbool.

Peter Blum is 'n moderne Joodse digter van die vyftigerjare van hierdie eeu, wat Afrikaans as uitdrukkingsmedium gebruik. Hy is in Triëst van Duits-Joodse ouers gebore en het op twaalfjarige ouderdom na Suid-Afrika gekom. Hier het hy Afrikaans vlot leer praat en dit selfs gebruik as instrument vir sy poësie (Pheiffer 1970:36).

Sarah Goldblatt het nie net 'n eie plek in die Afrikaanse letterkunde met haar versies *Liefdekransie* en *Wolf en Jakkals* behaal nie (Pinshaw 1975:17; Saron 1976:28), maar sy het veral beroemdheid verwerf as die eksekutrice van CJ Langenhoven se letterkundige

nalatenskap (Coetzee 1961:30; Van Waart 1997:64). Reeds op die ouderdom van 22 jaar het Sarah Goldblatt haar stryd vir Afrikaans begin en dit het sy volgehou tot die dag van haar dood, op 85-jarige leeftyd. Kannemeyer het bedenkinge oor Saartjie (soos sy bekend gestaan het) se vermoë as skrywer en digteres. In Afrikaans was haar styl en woordkeuse dikwels skeef of foutief. Volgens Kannemeyer kry 'n mens die gevoel dat sy nooit ten volle in Afrikaans tuis was nie, ten spyte van die feit dat sy deur haar vriendskap met Langenhoven lokale en idiomatiese woordgebruik in Afrikaans aangeleer het wat die deursnee immigrant nooit sou aanleer nie (1995:24). Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat hoewel sekere skrywers daarop dui dat Sarah Goldblatt wel 'n eie plek in die Afrikaanse letterkunde behaal het, daar ander is wat haar nie as 'n belowende digteres aangeprys het nie. Myns insiens sal sy definitief eerder vir haar betrokkenheid by CJ Langenhoven en sy nalatenskap onthou word as vir haar eie gedigte in Afrikaans.

Ongeag Saartjie se eie vermoë as digteres, moet sy erkenning kry vir die werk wat sy gedoen het om CJ Langenhoven se werk te bewaar. Daar was 'n baie hegte vriendskap tussen Langenhoven en Sarah Goldblatt, wat oor 'n paar dekades gestrek het. Sy was nie net sy sekretaresse en praktiese hulp nie, maar ook 'n emosionele steunpilaar (Kannemeyer 1995:48). Nadat Sarah weggetrek het van Oudtshoorn het die vriendskap bly voortbestaan en het hulle veral deur briefwisseling met mekaar gekommunikeer. Volgens Van Waart (1997:65) het sy in haar omgang met die ou garde van die Klein Karoo die siening teëgekrom dat Langenhoven en Saartjie altwee "uitgeworpenes" was, sy as Jodin en Langenhoven as strawwe drinker, en daarom troos by mekaar kon vind.

Ander Joodse skrywers wat in Afrikaans geskryf het, is onder meer SG Millin, Nadine Gordimer, Annette Joelson (kortverhale) en Sadie Merber (kinderverhale) (Pinshaw 1975:17; Slotow 1982:27).

Die vertaling van twee belangrike Joodse religieuse werke in Afrikaans is nog 'n bewys tot watter mate Jode Afrikaans gebruik het. Roman Egert het die *Haggada* (1943) in Afrikaans vertaal (Medallie 1963:23; Slotow 1982:29). Dit is genoem *Die Paasfeesverhaal* (Baneshik 1994:41). In 1952 het die rabbi doktor M Romm 'n Afrikaanse vertaling van die *Sidoer* (die *Daaglikse Gebedeboek*) privaat uitgegee (Medallie 1963:23; Pinshaw 1975:19; Slotow 1982:29).

### 3.3.2 Die Jood as onderwerp in die Afrikaanse letterkunde

Die Jood word bykans sonder uitsondering uitgebeeld as 'n handelaar of smous op die platteland. 'n Bepaalde stereo-tipe word voorgehou: die Jood is altyd betrokke by die handel, hy is skelm, hy is kort en vet en hy het 'n haakneus (Burger 1960:15,16). Die Jood word amper nooit as 'n individu of 'n mens in eie reg uitgebeeld nie, maar word meestal verteenwoordig deur 'n karikatuuragtige figuur (Burger 1960:15; Tannenbaum 1951:14).

Van die grootste skrywers in Afrikaans, onder meer CM van den Heever (*Droogte-1930*) en Jochem van Bruggen (*Die sprinkaanbeampte van Sluis* en *Op veld en rante*) het ook die Jood as stereo-tipe uitgebeeld en nie as 'n mens in eie reg met 'n eie persoonlikheid nie (Tannenbaum 1951:14). Ander voorbeelde hiervan is Eugene Marais in sy verhaal *M'Vubu* wat deel vorm van die versameling *Die leeus van Magoeba* en Regina Nesor in haar boek *Die verstoteling* (1932) (Tannenbaum 1951:17).

Daar is wel skrywers wat tog in 'n mindere of meerdere mate die Jood as mens in eie reg uitgebeeld het. In Holmer Johanssen se boek *Die ontferdes*, wat handel oor die lewens van 'n aantal arm blankes, kom die Joodse handelaar Rabinowitz, tot lewe. Hy word uitgebeeld as 'n man wat berekenend of selfs koelbloedig is as dit by besigheid kom, maar wat tog ook 'n vriendelike en vrygewige kant het, wat in bepaalde omstandighede na vore kom (Tannenbaum 1951:15). Die boek *Die huisgesin van Dawid Barinsky* deur JJ Groeneweg (1935) is die eerste boek in Afrikaans wat in die geheel oor 'n Joodse gesin handel. Die verhaal speel af in Rusland en dit is duidelik dat die skrywer baie akkurate navorsing gedoen het oor Joodse tradisies en rituele (Tannenbaum 1951:16).

'n Baie belangrike werk oor die moderne Joodse lewe en beskouinge is Ettiene Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962). Sy roman is onder meer met die Hertzog-prys bekroon. In die verhaal verteenwoordig Jock Silberstein die moderne onortodokse Jood, terwyl die figuur van ou Mrs Silberstein weer die ortodokse Joodse geloof verteenwoordig. Die grondargument van die verhaal is dat die goeie en die bose onafskeidbaar is, en dat iemand wat werklik goed wil wees ook kennis van die kwaad moet opdoen (Pheiffer 1970:37). Leroux het later ook 'n opvolgroman geskryf, getiteld *Onse Hymie* (1982).



Johan de Jager se eerste digbundel *Haggada vir 'n wit Afrikaan*, illustreer die affiniteit tussen Jood en Afrikaner in die Afrikaanse letterkunde (Coetzee 1975:32). Haggada is die verhaal van die uittog uit Egipte na Kanaän (Pinshaw 1975: 19). Behalwe vir die titel en die Joodse simbole op die omslag, is daar ook ander tekens van aansluiting by die Jode en die Joodse geloof. Die eerste gedig is getiteld *Kaddesj* en kom grootliks ooreen met die Kiddusj (seëngebed) van die Paasfees-Haggada. Daar is ook verdere verwysings na ondermeer Joom Kippoer, Eksodus, 'n Joodse vader en die nuwe Jerusalem (Coetzee 1975:32).

Daar is ook talle ander letterkundige werke (prosa en poësie) in Afrikaans met verwysings na Jode (wat nie onder vertellings resorteer nie). Voorbeelde hiervan is die werke van Audrey Blignault (*Pasop vir Jantatarat*, 1979); Cecile Cilliers (*Reënboogmense reënboogland*, 1995); E de Roubaix (*Boesmanlandse sketse en verhale*, 1928); Louis Eksteen (*Verse van 'n landloper*, 1969); CJ Langenhoven (*Sonde met die bure en Skaduwees van Nasaret*, 1972); Petra Müller (*In die omtes van die hart*, 1995); PH Nortje (*Nuut onder die son*, 1970; *Aan die sonkant*, 1971; *Matewis en sy mense*, 1973 en *Korsies van growwebrood*, 1989); AHM Scholtz (*Vatmaar*, 1995) Lina Spies (*Van sjofar tot sjalom*, 1987); Sue Van Waart (*Swartberg en sy mense*, 1989 en *Paleise van die pluime*, 1990).

### 3.4 Slot

Myns insiens het die Jode op die platteland nie net tot 'n groot mate Afrikaans gepraat nie, maar het hulle ook op verskillende maniere 'n waardevolle bydrae tot die Afrikaanse taal gelewer. Baie van die Jode op die platteland het Afrikaans gepraat, nie net as handelsmedium nie, sommige het selfs in hul huise en in familieverband Afrikaans gepraat. Die Jood het as sentrale figuur in al die verskillende aspekte van die volkswoordkunde gefigureer. Op die gebied van die Afrikaanse letterkunde het die Jode op twee maniere 'n bydrae gemaak. Eerstens, as skrywers of digters wat Afrikaans as uitdrukkingsmedium gebruik het en tweedens as onderwerpmateriaal deur Afrikaanse skrywers of digters.

## HOOFSTUK 4

### GELOOF EN LEWENSVORME

Die doel van die ondersoek na geloof en lewensvorme is om te probeer vasstel tot watter mate die gebruike van die Jode van dié van die oorwegend Christelike Afrikaanssprekendes verskil het of daarmee ooreengestem het en ook tot watter mate die twee groepe mekaar betrek het in hierdie verband. Die gebruike rondom sekere lewensvorme, te wete geboorte, hofmaak en huwelik, en begrafnis word ook bespreek. Hierdie gebruike word saam met die geloof behandel, omdat al die tradisies en rituele rondom die lewensvorme van die Jode hul oorsprong in die Joodse geloof het.

#### 4.1 Die grondbeginsels van die formele Joodse geloof (Judaïsme)

Die Joodse en Christelike geloof deel dieselfde siening van God (soos wat God in die Ou Testament van die Bybel bekendgestel word) en dieselfde spreuke, psalms en profetiese gedeeltes net soos wat dit in die Ou Testament voorkom (Engelbrecht 1971:6). Aan die hand van Rabinowitz kan die belangrikste beginsels van die Joodse geloof soos volg saamgevat word: Die Jode glo in die bestaan van God. Hulle glo dat Hy 'n persoonlike God is en daarom verwerp hulle die rol van 'n tussenganger of bemiddelaar. In die Judaïsme is die rabbi se rol om te onderrig en te lei en nie om as bemiddelaar tussen die mens en God op te tree nie. Verder glo die Jode dat die mens verantwoordelik is vir sy eie lot op grond van sy dade (1953:4-6). Hulle glo met ander woorde dat die mens self verantwoordelik is vir sy eie redding of verlossing.

Die belangrikste kenmerk van die Judaïsme is hul interpretasie van die mens se verpligting teenoor God om hul liefde vir God te betoon. Hierdie liefde vir God word nie alleen bewys deur gevoelens en emosie nie, maar ook deur gedissiplineerde gehoorsaamheid. Die Joodse geloof onderskryf bepaalde "wette" wat elke aspek van 'n Jood se lewe reguleer en hierdie "wette", soos byvoorbeeld die dieetvoorskrifte, moet baie nougeset toegepas word.

Volgens die Judaïsme word verlossing nie deur aanvaarding van 'n spesifieke geloofsbelydenis bewerkstellig nie, maar deur “reg” te doen en te lewe. Die Tien Gebooe dien as grondslag om te bepaal wat reg en wat verkeerd is. Die Jode glo ook dat die mens 'n vrye keuse het. Die mens het dus die mag en die geleentheid om sy eie heil en verlossing uit te werk of te vernietig.

Die Jode verwerp ook die doktrine dat die mens in sonde gebore is en dat die mens inherent boos is. Rabinowitz sê byvoorbeeld: [...] *in each man, however lowly, there resides a spark of the devine, which must only be tended and fanned to burn. If man sins, it is through apathy and spiritual lethargy, and his task is to awaken to his spiritual potentialities* (1953:6). Ten slotte glo die Jode dat die Messias nog moet kom. Hulle erken wel dat Jesus 'n profeet was, maar hulle glo dat hy nie die ware Messias was nie (Rabinowitz 1953:4-6).

Die Jode gebruik die Bybel (Ou Testament), die Torah en die Talmoed as middele vir godsdiensoonderrig. Hulle glo dat God tot jou spreek deur bogenoemde middele. Die Torah bestaan uit die vyf boeke van Moses en is die woord van God soos deur Moses aan die mensdom oorgedra. Die Talmoed is die godsdienstige kommentaar op die Torah soos deur die Joodse skrifgeleerdes uiteengesit vanaf die tweede eeu. Die Talmoed bestaan uit die Misjna (die mondelinge wet wat God by Sinaï aan Moses gegee het) en die Gemora (kommentaar op die Misjna). Daar is ook nog ander Goddelik geïnspireerde uitbreidings op die Talmoed wat deur die eeue bygevoeg is en wat deel vorm van die Joodse geloofstradisie (Goldberg 1975:10; Katz 1982:19; Newman 1962:26).

Volgens Steinberg gaan die Judaïsme akkoord met die meeste van Jesus se idees en ideale. Hy noem dat Paulus hoofsaaklik verantwoordelik was vir die ontstaan van die Christendom as 'n afsonderlike, nuwe godsdien. Die belangrikste verskille tussen die Judaïsme en die Christelike geloof is, volgens hom, kortliks die volgende:

- Die Judaïsme, in teenstelling met die Christendom, glo nie dat die mens in sonde gebore word nie en ook nie dat die mens inherent boos is nie.
- Die Jode glo dat Jesus 'n mens was, maar nie dat Hy God is wat vlees geword het nie.

- Die Jode glo ook nie in die begrip dat die mens deur genade alleen verlos word nie; hulle glo dat 'n mens deur jou eie daede gered word. Hulle glo dus nie in die leerstelling van die uitverkiesing soos die Christene nie.
- Die Jode glo ook nie soos die Christene dat Jesus sal terugkeer na die aarde en dat daar 'n dag van veroordeling sal wees nie (Steinberg 1975:21).

#### 4.2 Uitvoering van Joodse geloofstradisies op die platteland

Die Joodse immigrante was oor die algemeen streng godsdienstig en hulle het hul godsdienststradisies en –rituele nougeset nagekom (Van Waart 1990:61; Mnr SPJ de Greeff 1997:onderhoud). Daar was duidelike religieuse en kulturele verskille tussen die “groen” Russiese Jode en die meer gevestigde Joodse gemeenskappe (wat hoofsaaklik van Wes-Europa afkomstig was) wat reeds in Suid-Afrika gevestig was. Die Russiese of Oos-Europese Jode was baie meer nougeset en geloofsvas. Die vernaamste rede hiervoor was waarskynlik omdat hulle in hul lande van oorsprong onderdruk is en nie toegelaat is om openbare skole of universiteite by te woon nie. Baie van hulle is daarom slegs in die studie van die Torah en ander geloofstradisies onderrig (Katz 1982:17; Saron 1976:25).

Aanvanklik was daar nie sinagoges op die platteland nie. Godsdienstige byeenkomste is in private wonings van Jode gehou (Ferreira 1982:10; Helfet 1977:13; Mev R Slabbert 1997:onderhoud). In gevalle waar daar te veel Jode was om in 'n huis byeen te kom, is die dienste in die stadsaal (Slotow 1982:29) of soos op Oudtshoorn in die vereverkoopsaal gehou (Ferreira 1982:10). Op Calvinia het die Jode selfs in die NG-kerksaal vir dienste byeengekom (Helfet 1977:13).

Later van tyd is daar op baie plattelandse dorpies sinagoges gebou. Christene het dikwels vrywillig tot die boufondse van sinagoges bygedra (Ferreira 1982:10; Saron 1976:6). Die sinagoge speel 'n belangrike rol en is tradisioneel die middelpunt van die Joodse lewe. Volgens Ziskind is baie Suid-Afrikaanse Jode feitlik heeltemal aangewese op die sinagoge vir die voortbestaan van hul Joodse identiteit. Hebreeuse onderrig vir kinders sowel as volwassenes het een van die belangrikste funksies van die sinagoge geword (1980:18).

Die woord sinagoge is afgelei van die Griekse “synagoge” wat samekoms of saamwees beteken. Dit was dan ook die vernaamste funksie wat die sinagoges op die platteland vervul het (Ziskind 1980:18). Baie van die dorpe op die platteland het nie net ‘n sinagoge gehad nie, maar ook ‘n aparte begraafplaas vir Jode (Mann 1981:16; Mnr SPJ de Greeff 1997:onderhoud; Mev AC Weil 1998:onderhoud). Laingsburg het selfs ook ‘n Mikvah (rituele bad) gehad (Mann 1981:onderhoud).

Volgens die Joodse geloof moet daar altyd ‘n kworum van tien Joode mans (minyan) teenwoordig wees, voordat ‘n godsdienstige byeenkoms in ‘n sinagoge gehou kan word. Op sommige plattelandse dorpe was daar baie min Joodse mans en daarom het elkeen ‘n bepaalde verpligting gehad om dienste by te woon om sodoende ‘n minyan te vorm. Nadat ‘n seun sy Barmitsvah gehad het, gewoonlik wanneer hy dertien jaar oud is, is hy as ‘n man beskou en kon hy ook bygetel word om ‘n minyan te verseker (Goudvis 1956:24; Kaplan 1973:13). Seuns van dertien is soms selfs betrek voordat hulle formeel hul Barmitsvah gehad het (Goudvis 1956:24).

#### **4.3 Die belangrikste Joodse feeste**

Die meeste plattelandse Jode het met die belangrikste feesdae dienste in die sinagoge bygewoon (Einfuss 1978:53). Soos reeds genoem, is ‘n kworum van tien mans nodig om ‘n diens in ‘n sinagoge te kan hou. Tydens die groot feesdae is Joodse familie en vriende dikwels aangemoedig om op die platteland te kom kuier. Daar word byvoorbeeld vertel dat Joe Jowell (bekende sakeman van Namakwaland) familie en vriende aangemoedig het om te kom kuier, om sodoende te sorg dat die Judaïsme kon voortleef in Namakwaland. Dit was selfs gebruikelik dat vervoer uitgestuur is tydens Joodse feesdae om Jode in die buite-distrikte na die naaste dorp te bring om religieuse dienste in die sinagoge by te woon (Saron & Hotz 1955:40,41).

Vir die Calvinistiese Afrikaanssprekendes was dit vreemd om so baie van die rituele waarvan hulle in die Bybel lees voor hul oë te sien afspeel (Van Waart 1990:61). Tydens Joodse feestye het hulle die Afrikaanssprekendes genooi en dan is daar saam feesgevier. Daar is meer klem gelê op die feestelikheid en die letterlike viering daarvan, as op die dieper betekenis daarvan (Mev AdW Pauw 1997:onderhoud).

### 4.3.1 Purim

Die Purimfees staan ook soms as die Hamansfees bekend. Die fees herdenk die wyse waarop koningin Ester en Mordegaai die Joodse volk van uitwissing gered het. Die fees word op die 13de tot die 15de dag van die maand Adar gevier, wat gewoonlik in Maart is.

### 4.3.2 Joodse Paasfees

Die Joodse Paasfees, wat gewoonlik in April gevier word, is die geleentheid waardeur die bevryding van die Joodse volk uit die hand van die Farao's herdenk word. Deur die gebruik van sekere voedsel en tekens word 'n simboliese voorstelling gegee van die Jode se hele verblyf in Egipte, die onderdrukking van die Farao's, die ontsetting deur Moses, die tien plaes en die vertrek uit Egipte (Friedman 1977:15).

### 4.3.3 Shavuot of Pinkster

Shavuot of Pinkster word ook die Fees van die Weke, Fees van die Eerste Vrugte of Oesfees genoem. Tradisioneel was Shavuot (net soos die Joodse Paasfees en Sukkot) 'n pelgrimsfees. Dit het beteken dat die Jode van nabygeleë dorpe of streke na Jerusalem gereis het om die fees daar by te woon (Schlein 1983:g.p.). In Deuteronomium 16 word die redes vir die fees uiteengesit: *Jy moet sewe weke bereken van die dag af dat jy jou graan begin oes. Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God. In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring. (Die Bybel 1994:175).* Die onderliggende rede vir die fees vind ons in vers 12: *Jy moet altyd onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte.* Shavuot word gewoonlik in Mei of Junie gevier.

### 4.3.4 Rosh Hashanah of Joodse Nuwejaar

Die Joodse Nuwejaar word gewoonlik in September gevier. Die vernaamste Rosh Hashanah-rituele is onder meer die blaas van die sjofar (ramshoring) in die sinagoge (Brooks 1980:29) en 'n aantal simboliese gebruike wat met die Rosh Hashanah-maaltye gepaardgaan om daaraan spesiale betekenis te gee (Buurman 1982:21). Van die simbole sluit in die *gallot* of Nuwejaarsbrode wat in 'n verskeidenheid vorms gebak word en elkeen 'n eie betekenis het. 'n Ander gebruik is om 'n lamskop by aandete te eet ter herinnering aan die ram wat deur Abraham geoffer is in die plek van Isak (in die moderne tyd is die lamskop soms met 'n viskop vervang, maar die betekenis bly steeds dieselfde). Daar word beweer dat die simboliese gebruike wat met die Rosh Hashanah-maaltye gepaardgaan,

ontstaan het uit die geloof dat hulle voortekens van geluk sou wees. Met verloop van tyd het hierdie betekenis verdwyn en het dit slegs bygedra om 'n feestelike atmosfeer te skep en geloof en vertroue in die genade van God tydens die nuwe jaar te inspireer (*Buurman* 1982:21).

#### **4.3.5 Joom Kippoer of Dag van Versoening en Oordeel**

Die Dag van Versoening en Oordeel word op die tiende dag na Rosh Hashanah gevier (met ander woorde gewoonlik September of Oktober). Vanaf Rosh Hashanah tot Joom Kippoer berei die Jood hom voor om werklik Godsgerig te wees. Op Joom Kippoer word die mens opnuut bewus van sy eie swakheid en nietigheid en sy gelykheid met alle ander mense. Dit is ook die dag waarop alle skanse afgebreek word en waarop die Jood vir God om genade smeek (Aher 1975:15). Op Joom Kippoer vas alle Joodse volwassenes (Schlein 1983:g.p.)

#### **4.3.6 Soekkot of Fees van die Tabernakels**

Die Fees van die Tabernakels begin vyf dae na Joom Kippoer. Hierdie fees is die mooiste en vreugdevolste van al die Joodse feeste en is ryk aan simbolisme (Aher 1975:15). Tydens die Fees van die Tabernakels word somerhuisies gebou met oop dakke waar maaltye geëet word (Van Waart 1997:61). Daar is vasgestel dat die plattelandse Jode van byvoorbeeld Oudtshoorn (Van Waart 1990:61) en Laingsburg (Mann 1981:16,17) ook somerhuisies gebou het.

#### **4.3.7 Gannoeka, Fees van die Tempelinwyding of Fees van die Ligte**

Die fees staan ook bekend as die Fees van die Ligte op grond van die gebruik om op elk van die ag feesdagaande kerse of lampe aan te steek (Katz 1970:33; Morris 1977:21). Gannoeka is 'n vrolike fees. Daar word gesellig byeengekom en die kinders kry geskenke (Katz 1970:33). Die fees het soos volg ontstaan: In 163 vC het die Siriese koning Antiochus die Tempel in Palestina gebuit en ontheilig. Eers drie jaar later het die Jode onder leiding van Judas die Makkebeër die heidene uitgedryf. Die tempelinwyding is ag dae lank met offerande en sang gevier, en hoewel daar net een kruikie heilige olie oor was, het dit ag dae en nagte gebrand totdat nuwe olie verkry kon word om die heilige lampe vol te maak. Die aansteek van die kerse herdenk dus hierdie deel van die Joodse geskiedenis en verteenwoordig die lig van die herwonne vryheid (Katz 1970:33; Schlein 1983:g.p.). Gannoeka word gewoonlik in Desember gevier.

#### 4.4 Afrikaners se siening van die Jode en hul geloof

Die Woord van God en 'n eerbied vir godsdiens was 'n sterk aanknopingspunt vir die Jode en die Afrikaanssprekendes op die platteland. Die twee groepe het in 'n groot mate dieselfde geestelike perspektief gedeel en daaruit het veral wedersydse respek en agting gespruit (Mocke 1951:9; Van Waart 1990:61). *Die Bybel* (meer spesifiek die Ou Testament) het grootliks die deurslag gegee vir die Afrikaner se siening van die Jode (Van Jaarsveld 1970:19).

#### 4.5 Lewensvorme

##### 4.5.1 Geboorte en besnydenis

Net soos die meeste Afrikaanssprekendes van die tyd, het Joodse vroue ook van vroedvroue gebruik gemaak om te help met die geboorte van hul kinders (Mendelow 1971:37). Daar word ook vertel dat die Jode ná die bevalling die baba in doeke toegedraai het, om die ledemate reguit te hou en sodoende te verseker dat die baba nie bakbene kry nie (Sorgdraer 1972:25). Hierdie gebruik, om die kindjie so styf as moontlik in linne toe te wikkel sodat nog die arms nog die bene beweeg kon word (om bakbene te voorkom), is na bewering 'n ou Nederlandse gebruik wat ook aan die Kaap voorgekom het (Hudson & Van der Merwe 1977:135).

Joodse seuntjies word op die agste dag na hul geboorte besny. Die besnydenis (in Hebreeus "brit") is 'n teken ter herinnering aan die verbond tussen God en Abraham (Kolatch 1981:15). In Genesis 17:11,12 staan daar geskryf: *Julle moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle: elke seun onder julle van ag dae oud moet besny word.* Die besnydenis word deur 'n "mohel" uitgevoer. Dit is iemand wat nie noodwendig 'n mediese dokter is nie, maar wat opgelei is om besnydenisse uit te voer. Ook op die platteland is Joodse seuntjies op die agste dag besny – die "mohel" het gewoonlik van die naaste groot dorp of stad gekom om die seremonie uit te voer (Kolatch 1981:15,16).

Vir die Afrikaanssprekende Christene was hierdie gebruik om die Joodse seuntjies te besny nie regtig vreemd nie. Hulle het nie net daarvan in die Ou Testament van die Bybel gelees



nie, maar daar is ook heelwat Afrikaanssprekendes wat hulle seuntjies om gesondheidsredes laat besny het (Dr FD du Toit 1997:onderhoud; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud).

Die Christelike doop word as 'n heilige sakrament beskou en het die plek van die Ou Testamentiese besnydenis ingeneem. Die doop is reeds sedert die derde eeu ná Christus algemeen gebruik. By die doop bely die dopeling se ouers of peetouers sy Christelike geloof en belowe hulle dat hulle die kind as 'n Christen sal opvoed (Hudson & Van der Merwe 1977:139).

#### **4.5.2 Bar Mitzvah**

'n Joodse seun se Bar Mitzva word gewoonlik gehou wanneer hy ongeveer dertien jaar oud is. Dit is 'n feestelike geleentheid wat die oorgang van kindwees na volwassenheid simboliseer (Mnr D Weil 1999:onderhoud). Vanaf ongeveer 1922 het dit ook algemeen geword dat Joodse meisies 'n Bat Mitzvah op die ouderdom van twaalf jaar vier (Kolatch 1981:23,24). Op die platteland was Bar Mitzvah's baie meer algemeen as Bat Mitzvah's en het dit met groot feesvierings gepaard gegaan. Afrikaanssprekendes is dikwels ook genooi om in die feesvierings te deel (Berger 1976:71).

#### **4.5.3 Huwelik**

In 1844 is die eerste Joodse huwelik in Suid-Afrika deur 'n Anglikaanse priester voltrek, omdat die Joodse gemeenskap eers in 1849 'n eie rabbi gekry het. Voor 1849 moes die Jode dus van ander religieuse instellings gebruik maak om volgens koloniale wetgewing wettig in die huwelik te tree. Volgens bronne was die betrokke instellings sensitief vir die Jode se geloofsoortuigings. Daar word aangevoer dat dié dele van die seremonie wat strydig was met die Joodse geloof (byvoorbeeld enige verwysing na Jesus of die drie-enigheid) en vir hulle daarom aanstootlik kon wees, uitgelaat is (Barlow 1995:22; Herrman 1955:10).

Tydens die tweede immigrasie-beweging en die daaropvolgende jare, met ander woorde vanaf ongeveer 1880 tot 1920, het die meeste Jode in die stad getrou. Voor die tweede immigrasie-beweging het die Jode in elk geval meestal in die groot dorpe en stede gewoon. Alhoewel baie van die mans in die periode 1880-1920 op die platteland gesmous het, was

die meeste vroue daarenteen in die stad woonagtig (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; Mev R Slabbert 1997:onderhoud). Van die smouse wat reeds getroud was se vroue en kinders het in die stad gewoon, terwyl hulle op die platteland gesmous het. Eers toe die smouse winkeltjies begin open het en toe hulle finansiël beter begin vaar het, het hulle hul permanent (met hulle gesinne) op die platteland gevestig.

Die Jode was baie gesteld daarop dat Jode slegs met Jode moes trou. Wyle dr Faffa du Toit van Bredasdorp vertel van die tyd toe hy medies aan die Universiteit van Kaapstad studeer het: *Ons (Afrikaanssprekende mans) het nie daarvan gehou dat Afrikanermeisies met Joodse mans uitgaan nie. Die Afrikaner en Engelse manstudente het nie daarvan gehou om met meisies uit te gaan wat ook met Jode uitgegaan het nie, omdat ons geweet het dat die Joodse geloof nie toelaat dat hulle met iemand van 'n ander geloof trou nie. Die gevoel was dat as 'n Jood 'n meisie van 'n ander geloof uitneem, dan neem hy haar met net een doel voor oë uit. Jy kon maar geweet het, as 'n meisie eers met 'n Jood uitgegaan het, was dit asof haar ander kêrels verdwyn het. Die meisies het baie van die Joodse mans gehou, want hulle het gewoonlik meer geld as die ander studente gehad. Hulle was ook die manne met die grootste en blinkste motors* (Dr FD du Toit 1997:onderhoud).

Tog het daar op die platteland, veral onder die tweede en derde geslag Jode (met ander woorde die immigrante se kinders en kleinkinders), baie van hulle met Afrikaanssprekende mans of vroue getrou (Berger 1976:69; DAKDS CALV A3: Mnr MN Coetzee). Daar is gevind dat daar wel 'n korrelasie is tussen die mate van isolasie van die Jood met betrekking tot ander Jode en die mate van ondertrouery (te wete Jode met Afrikaanssprekendes). Hierdie teorie is nie volkome ondersoek en bewys nie, maar sterk aanduidings daarvan het wel tydens die ondersoek na vore gekom. In die meeste gevalle waar 'n Joodse man met 'n nie-Joodse vrou getrou het, het die vrou haar tot die Joodse geloof bekeer. Daar is wel gevalle gevind waar die vrou haar nie tot die Joodse geloof bekeer het nie, maar steeds die Christelike geloofstradisies onderhou het. Daar is nie baie gevalle teëgekome waar 'n Joodse vrou met 'n nie-Joodse man getrou het nie. Mev Rae Slabbert (nee Abrahams), 'n baie waardevolle informant tydens die ondersoek, is 'n Joodse vrou wat met 'n Afrikaanse Christen getroud is. In haar geval is haar man kort na hul seun se geboorte oorlede, voordat hulle twee jaar getroud was. Sy het voortgegaan om die Joodse geloof te beoefen en het haar seun volgens die Joodse geloof grootgemaak.

Tradisioneel vind die ondertekening van die verlowings- en huwelikskontrakte op die dag van die troue, maar voor die werklike seremonie, plaas. Soms is die verlowingskontrak 'n paar dae voor die troue self onderteken, maar meestal is dit wel op die dag van die troue self onderteken. Die kontrakte sit die bruid en bruidegom se verpligtinge teenoor mekaar uiteen. Die ondertekening van die kontrakte toon dat die huwelik nie net as 'n fisiese en emosionele verbintenis beskou word nie, maar dat dit ook 'n wetlike en morele verpligting is. Die bruidegom aanvaar ook die huweliksvoorwaardes simbolies deur die ander punt van 'n gordel, of vandag gewoonlik 'n sakdoek, wat deur die ampsdraer vasgehou word, te neem (*Buurman* 1984:31,33).

Net voor die eintlike seremonie gaan die bruidegom en die rabbi saam met familie en vriende om die bruid se sluier oor te sit. Die betekenis van dié gebruik dateer uit die Bybelse geskiedenis toe Rebekka haar sluier oor haar gesig getrek het toe sy vir Isak in die veld teëgekomp het terwyl sy oppad was om sy vrou te word. Die woorde van Rebekka se familie: *Ons suster, mag sy duisende van tienduuisende word*, word deur almal teenwoordig herhaal.

Die seremonie self vind verkieslik buite, onder die blote hemel plaas. Hiermee word onthou hoe God vir Abraham beloof het dat sy nageslag talryk soos die sterre van die hemel sal wees. Daar is gewoonlik 'n baldakyn ("chupa") gemaak van sy of fluweel op vier stutpale. Dit is simbolies van die nuwe tuiste wat die bruidspaar gaan skep.

Met die aanvang van die werklike seremonie stap die bruid en albei ouerpare sewe keer om die bruidegom (wat reeds onder die baldakyn staan). Daar is 'n paar verklarings waarom daar sewe maal omgestap word: dit stel die krag van die band tussen die bruid, bruidegom en hulle onderskeie families voor; die getal stem ooreen met die aantal Bybelverse wat lui: *wanneer 'n man 'n vrou neem*. Nadat die bruid die laaste keer om die bruidegom gestap het, gaan staan sy aan sy regterhand (*Buurman* 1984:33).

Die verlowing bevestig dat die vrou aan haar aanstaande beloof word en dat sy van daardie oomblik af verbode is vir enige ander man. Wyn, die tradisionele Joodse simbool van vreugde en oorvloed, speel 'n belangrike rol in hierdie seremonie. Die seremonie begin

met 'n seëning oor die wyn en nadat die laaste seëning uitgespreek is, drink die bruidspaar 'n bietjie wyn.

Die aansteek van die ring, wanneer die bruidegom die bruid tot sy vrou neem, is die kernmoment van die verlowingseremonie. Twee getuies moet teenwoordig wees om dit wettig te maak. Die trouing is 'n eenvoudige goue band en dit simboliseer die volgende: Mag hierdie huwelik soos die ring 'n eenvoudige skoonheid hê, sonder struwelinge of enigiets wat die perfekte "rondheid" sal vernietig.

Die oorgang van die verlowing na die huwelik vind plaas wanneer die huwelikskontrak hardop in die oorspronklike Aramees gelees word. Die trouseremonie bestaan uit die uitspreek van die Sewe Seëninge. Sewe verskillende mense spreek in die teenwoordigheid van 'n minyan, die Joodse kworum van tien mans, die seëninge uit. Nadat die laaste seën uitgespreek is, breek die bruidegom 'n glas deur dit stukkend te trap. Hierdie gebruik is deel van die seremonie sodat elkeen tydens die vreugdevieringe die vernietiging van die tempel van Jerusalem sal onthou (*Buurman* 1984:33; Einfuss 1978a:29; Mev EMJ van Zyl 1997:onderhoud).

Soos in die geval van die meeste Joodse feestelikhede word die afloop van die geleentheid met 'n ete gevier. Na die maaltyd word die dankgebed uitgespreek, 'n tweede beker wyn gevul en die sewe seëninge herhaal (*Buurman* 1984: 33).

Daar is definitief heelwat ooreenkomste tussen die manier waarop die Jode op die platteland (en in die stad) en die Afrikaanssprekende Christene op die platteland huwelike gevier het. Die Jode het ook soos die gebruike was in die Afrikaanse gemeenskap, geskenke ontvang, sjampanje gedrink, gedans en na die tyd wittebrood gaan hou (Friedman-Spitz 1977: 37; Hudson en Van der Merwe 1977:204-211). Die bruid was ook meestal geklee in 'n wit trourok met 'n sluier (Friedman-Spitz 1977:37). Aan die begin van die 19de eeu was Sondae die gebruiklike troudag vir die Afrikaners, soos ook vir die Jode. Daarna het die kerkraad bepaal dat huwelike ook op Dinsdae kon plaasvind en tot diep in die 20ste eeu het Dinsdae 'n belangrike troudag vir die Afrikaner gebly (Hudson & Van der Merwe 1977:202). Die Jode het egter steeds op Sondae getrou. In teenstelling met die Jode wat gewoonlik op dieselfde dag verloof geraak het en getrou het, was die

verlowingstyd onder die Afrikaanssprekende plattelanders ietwat langer. Daar het gewoonlik ongeveer vier weke tussen die verlowing en die huweliksluiting verloop (Hudson en Van der Merwe 1977:200).

Joodse sowel as Afrikanerhuwelike is deur Jode sowel as Afrikaanssprekendes bygewoon (Mev A Ackermann, Dr FD du Toit, Mnr JHN Hanekom 1997: onderhoude). Mev EMJ van Zyl, wat jare lank vir Jode gewerk het, vertel dat sy en haar man selfs aan die bruidstafel gesit het toe haar werkgewer se seun getroud is (1997: onderhoud).

Rondom 1900 was daar 'n baie groot Joodse bruilof in die Kenhardt-distrik gehou, toe een van die Joodse meisies van die omgewing met 'n Joodse man van Johannesburg getrou het. Meer as 400 gaste is na die bruilof genooi, van wie baie met ossewaens van Johannesburg vir die fees gekom. Die huwelikeremonie is op die Sondag voltrek, soos wat die gebruik was onder die Jode. Die onthaal is eers die Maandag gehou uit respek vir die talle Afrikaanssprekende Christene wat ook onder die gaste getel het (Mnr EL Hurwitz 1998:onderhoud). Hierdie verhaal beklemtoon weer eens die wedersydse respek en begrip wat die Jood en die nie-Jood vir mekaar se geloofsoortuigings en -tradisies getoon het.

Daar word baie grappige staaltjies vertel oor hoe van die Joodse mans vrouens gekry het. Mnr JHN Hanekom (1997:onderhoud), boorling van Piketberg, vertel daar was 'n baie lelike Jood wat in die Piketberg omgewing gesmous het. Hy was so lelik dat hy glad nie 'n vrou kon kry nie, daarom laat kom hy toe vir hom een uit Rusland. Toe sy hier aankom was sy nog leliker as hy. Hy stuur haar toe maar dadelik weer terug Rusland toe.

#### **4.5.4 Begrafnis**

Die meeste plattelandse Jode is op die platteland begrawe (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud). Daar was op die meeste dorpe wat 'n sinagoge gehad het, 'n aparte begraafplaas vir Jode (Mev R Slabbert 1998:onderhoud).

Die eerste Jood wat op Oudtshoorn begrawe is, was mev Lipman. Die diens is deur eerwaarde Alfred Morris van die Anglikaanse Kerk gehou. Daar word vertel dat die diens aangepas is omdat die oorledene van Joodse herkoms was. 'n Maand later is haar liggaam na Kaapstad vervoer en daar in die Joodse begraafplaas begrawe (Aschman 1955:122).

Joodse begrafnisse op die platteland is baie maal deur meer Afrikaanssprekende Christene (blank sowel as nie-blank) as Jode bygewoon. Die Jode op die platteland was in die meeste gevalle 'n integrale deel van die gemeenskap en daarom was dit vir die hele gemeenskap 'n groot verlies as een van hulle te sterwe gekom het (Schapera 1981:18; Mnr SPJ de Greeff 1997:onderhoud). Daar word beweer dat Joe Jowell, 'n baie bekende Jood van Namakwaland, se begrafnis een van die grootste begrafnisse was wat ooit in Namakwaland gehou is. Hy is in 1973 oorlede en sy begrafnis is deur 'n groot aantal Afrikaanssprekende nie-Jode bygewoon (Schapera 1981:18) Die draers op Joe Jowell se begrafnis was ag van sy bruin werkers wat baie jare vir hom gewerk het (Kaplan 1973:14).

Volgens SPJ de Greeff, wat, net soos sy vader, jarelank 'n begrafnisondernemer op Moorreesburg was, het hulle hul bes gedoen om aan al die vereistes van 'n Joodse begrafnis te voldoen. Toe ene Katz oorlede is het De Greeff se pa self die kis volgens rabbi Rubenstein se voorskrifte gemaak. Die kis moes van 'n spesifieke houtsoort gemaak word. Daar mag geen spykers in gewees het nie, maar moes net met voë geheg word. Die kis moes ook geen handvatsels hê nie - toue is as handvatsels gebruik. Ook aan die vereiste om die begrafnis so gou as moontlik te hou, is voldoen (Mnr SPJ de Greeff: 1997:onderhoud).

Dit was die gebruik onder die Jode om iemand wat gesterf het op dieselfde dag waarop hy/sy oorlede is of die volgende dag te begrawe. Onder die Afrikaners was die tradisie om 'n gestorwene binne drie dae te begrawe, anders, so is geglo, sou hy nie sy "bestemming" bereik nie (Hudson & Van der Merwe 1977:215).

#### **4.5.5 Bygeloof en volksgeneeskunde**

Alle volksgeloof is eintlik bygeloof, want dit behels gelowe by, of bo en behalwe, die amptelike kerkgeloof. Bygelowe word omskryf as die geloof aan kragte, instellinge en praktyke wat buite die amptelike godsdiens val en nòg deur die godsdiens nòg deur die skoolwetenskap van die tyd as waar aanvaar word (Grobbelaar 1977:94).

Die Jode word nie gekenmerk as 'n groep wat besonder of per definisie baie bygelowig was nie. Tog kan individue uitgesonder word wat aan spoke geglo het en dié wat spoke gesien het (Shandling 1982: 49). Ander vorme van bygeloof het nie na vore gekom tydens die ondersoek nie.

Daar was wel aanduidings dat die Jode van volksgeneeskunde gebruik gemaak het om siekes te behandel. Daar word onder meer vertel van 'n Joodse vrou wat boererate gebruik het om haar kind se koors te breek (Sorgdraer 1972:24). Daar word selfs genoem dat elke moontlik raat van die inboorlinge (inheemse stamme) gevolg is (Mendelow 1971:37). Boererate was 'n algemene term vir volksgeneeskunde. Dit sluit in enige middel, behandeling of rituele handeling wat uitgevoer word as gevolg van volksoorlewering of volkstradisie. Dit word deur leke aangewend met die bewuste doel om siektes te verhoed of te genees en dit gaan meestal gepaard met die vaste vertroue dat dit sal werk (Van der Merwe 1977:117).

PH Nortje maak melding in sy boek, *Matewis se mense*, van die Joodse apteker op Wellington se vertroue in volksgeneesmiddels. Hy haal die volgende woorde van Fogelman aan: *Purgasie, purgasie moet jy saamvat, Mrs Nortje en pille vir galaanval. And let me tell you, there's nothing to beat the real old-fashioned stuff, jamaikagemmer and witdulsies. Jaag hom 'n dop bloubottel in as sy maag 'n bietjie hard is, and vice versa, twee teelepels jamaikagemmer as hy te los is, and leave the rest to him* (1973:10).

#### 4.6 Slot

Die eerste geslag Jode op die platteland was in die meeste gevalle streng godsdienstig en het nougeset gelewe. Dit was ook 'n kenmerk van die Afrikaanssprekende Calviniste van dié tyd. Wedersydse respek en agting vir mekaar se geloofsoortuigings was een van die belangrikste redes wat bygedra het tot die bande van samewerking en vriendskap wat daar tussen die twee groepe bestaan het. Daar is talle gevalle aangeteken waar dit duidelik na vore kom dat die Jode en die Afrikaanssprekende plattelanders mekaar bygestaan en ondersteun het en ook deel was van mekaar se feesvierings, rituele en herdenkings.

## HOOFSTUK 5

### EKONOMIE

#### 5.1 Smouse

Aan die begin van die 20ste eeu was die teenwoordigheid van Jode-smouse 'n instelling of algemene verskynsel oral op die Suid-Afrikaanse platteland (Du Plessis 1984:12; Spies 1984:101). Die woord *smous* is oorspronklik in die Hollandse taal gebruik om op 'n negatiewe wyse na 'n Jood te verwys. In Suid-Afrika is hierdie term egter reeds vanaf 1832 gebruik om na 'n rondreisende Joodse handelaar te verwys (Kaplan 1986:35). Alternatiewe benamings vir smous is ook looper-, sakkie-, of kwansel-Jood en bondel- of pakdraer (Van Waart 1997:60; Serfontein 1971:35). Hierdie benamings verwys meer spesifiek na die vroegste smouse wat met hul negosie op hul rug, in 'n sakkie, bondel of pak, van plaas tot plaas geloop het. Later jare is daar meestal net na smouse verwys.

Die Joodse immigrante het dikwels met nie veel meer as die klere aan hul lyf nie in Suid-Afrika aangekom. Hulle was nie werksku nie en het geen wettige beroep as benede hulle beskou nie (Abrahams 1955:27; Van Waart 1997:60). Die Joodse immigrante het hul dikwels tot smousery gewend, omdat dit byna geen kapitale uitleg vereis het nie en omdat daar 'n behoefte daarvoor was. Dit was merendeels die Oos-Europese Jode wat smouse geword het, omdat Suid-Afrika net soos Litawie nie geïndustrialiseer was nie en daar dus geleentheid was vir die soort handel en smousery waaraan die Litawiese Jode gewoon was (Saron 1979:6). Die meeste plase was ver van die dorp en dit was daarom nie vir die boer en sy gesin moontlik om gereeld dorp toe te gaan vir inkopies nie. Die Jode-smouse het dus in 'n groot behoefte voorsien en 'n groot diens aan die samelewing gelewer (Du Plessis 1984:12). Dit was nie net die Jode wat afhanklik was van die boere om hul goedere te koop nie; die boere was terselfdertyd afhanklik van die Joodse smouse om hul produkte te koop. Volgens JJ Marais, 'n boorling van Ceres, het die Jode alles wat die boere geproduseer het opgekoop (DAKDS CER C3). Die meeste smouse se vrouens het hulle eers later vanaf Oos-Europa by hulle mans aangesluit wanneer dié min of meer gevestig was (Du Plessis 1984:14).



### 5.1.1 Frekwensie en omvang van smoustogte

Elke smous het 'n spesifieke area gehad waarin hy gewerk het. Dr FD du Toit van Bredasdorp is van mening dat die smouse waarskynlik self besluit het wie in watter area werk (1997:onderhoud). Die smouse het hulle gewoonlik op een plek gestasioneer en dan daarvandaan hulle smoustogte aangepak en weer daarheen teruggekeer. Dit was in die meeste gevalle op die plek waar hulle weer hulle voorrade kon aanvul, byvoorbeeld naby 'n stasie of waar moontlik naby 'n groot dorp of stad (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud).

Verskillende bronne toon dat die frekwensie waarvolgens die smouse by die plase aangedoen het, verskil het van streek tot streek. Myns insiens is die afstande tussen die plase van die verskillende streke die belangrikste faktor wat aanleiding gegee het tot dié verskil. In die Piketberg-omgewing het die smous een maal per week by elke plaas aangedoen (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud). Ook in die Wellington-distrik, waar die plase nie so ver uitmekaar geleë was nie, het die smous gereeld aangedoen en was dit nie nodig vir hom (die smous) om oor te bly nie (Prof GG Cillié 1997:onderhoud). In die Tulbagh-area het die smous een maal elke twee weke by die plase aangedoen (DAKDS CER C3: Mnr. JJ Marais ). In die Kenhardt-distrik waar die plase baie groot en dus baie ver uitmekaar is, het 'n smoustog soms tot ses maande geduur. Die smous het dus ongeveer twee maal per jaar by al die plase aangedoen (Du Plessis 1984:12).

Mev Annie Pienaar van Ceres wat in die Koue Bokkeveld grootgeword het, vertel dat die smouse in daardie dae permitte moes hê om in 'n bepaalde gebied te smous. Joseph Kirsch, 'n Jood wat sonder 'n permit in die Bokkeveld gesmous het, het gehoor dat daar 'n polisieman, ene Rossouw, in die omtrek is. Joseph sorg toe dat hy ten alle koste uit die polisieman se pad bly. Na 'n paar dae kom Rossouw moedeloos by tant Annie-hulle op die plaas aan en sê: "Ou Joseph dink ek wil hom vang, maar eintlik wil ek maar net sigarette hê!" (DAKDS CER A11).

Mev Rae Slabbert vertel dat haar moeder, mev. Abrahams, die enigste vrou in Suid-Afrika was wat van plaas tot plaas geloop en smous het. Mev Slabbert se ouers het 'n winkeltjie op Williston gehad, maar omdat haar pa sieklik was, kon hy nie vir 'n verdere inkomste in die distrik gaan smous nie. Haar ma het toe uitgespring en begin smous. Later het sy 'n

motor aangeskaf. Sy het 'n betroubare bruin man gehad wat oral saam met haar gegaan en die motor bestuur het (1997:onderhoud). Daar kon geen verwysing gevind word na enige ander Joodse vrou wat gesmous het nie.

### **5.1.2 Uitgebreide rol van die Joodse smous op die platteland**

Die smous was vir die boer die handelaar by wie hy kon koop en aan wie hy sy produkte kon verkoop. Hy was die bron van die omgewing se nuus en in baie gevalle was die smous ook informant, adviseur, makelaar en die boer se verbinding met die buitewêreld. Party van die smouse was soos "lopende koerante" wat al die plaaslike skinderstories sowel as nuus uit ander dele van die land en die buiteland kon meedeel. Die Jode het in baie gevalle nuwe horisonne vir die Afrikaners oopgemaak (Aschman 1955:136; Du Plessis 1984:12; Hotz 1970:24; Van Waart 1990:61,62). Ou vuil Brenner, 'n smous in die Kenhardt-distrik, was ook iemand wat van alles en almal geweet het. Wanneer hy op die plaas aankom, vertel hy dadelik wie gaan trou, wie het 'n nuwe baba, ensovoorts. Eenkeer het hy met die nuus gekom dat 'n sekere meisie gaan trou. Toe hy gevra word hoe hy dit weet, antwoord hy vinnig: "...maar afsjeloer en afsjeluister" (Du Plessis 1984:14).

Die smous se goedere is gewoonlik per trein na die naaste stasie vervoer. Hy het dit dan daar gekry en in die omgewing gaan verkwansel. Die eerste smouse het te voet, met die negosie op hul rug, van plaas tot plaas geloop. Daarna het hulle soos wat hulle dit kon bekostig 'n donkie- of ossewa of 'n kar en perde aangeskaf. Later, met die koms van die eerste vragmotors, het van die smouse dit ook begin gebruik en 'n mens hoor dikwels van die Jood met sy "smouslorrie". Al hoe meer boere het ook in hierdie tyd motors aangeskaf en daarom het die behoefte aan smouse afgeneem (Du Plessis 1984:12; Spies 1984:101; Mnr CJ Visser 1997:onderhoud; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; DAKDS CER A3: DB Conradie). Die smous het dikwels so baie velle opgekoop dat hy nie plek vir alles op een wa gehad het nie. Daarom het baie van die smouse met twee waens of 'n kar en 'n wa gesmous – een vir sy ware en een om die velle mee te vervoer. Minstens een van die waens was gewoonlik 'n halfentwa om die smous teen die son te beskerm of om in te slaap (Du Plessis 1984:13).

### 5.1.3 Besigheidsmetodes van die Joodse smous

Die meeste smouse het unieke besigheidsmetodes toegepas en 'n baie kenmerkende werkswyse gehad. 'n Groot bokseil is op die grond oopgegooi en daarop is die negosiegoed, wat soort by soort in negosiekaste vervoer word, oopgesit. Gewoonlik is al die goedere afgepak en is dit so uitgestal dat die klante dit kon bykom (Du Plessis 1984:12; DAKDS CALV A1:Mev STW Visagie). Almal kon dan na hartelus koop, eers die blankes en dan die bruin mense. Die materiaal is met 'n jaartstok afgemeet en die suiker, koffie en rys is op 'n skaal gegooi en afgeweeg. Daar is volgens Du Plessis nooit daaraan getwyfel of die jaartstok 'n behoorlike jaart was en of die skaal geyk was nie. Die gekoopte ware is eenkant op 'n bondel gesit en wanneer die kopery verby was, is die bedrag bereken. Die boervrou het gewoonlik velle en soms ook eiers, botter, hoenders, hoendervere, ensovoorts aan die smous verkoop om te betaal vir die ware wat sy wou hê. Die balans is dan in kontant aangesuiwer (Du Plessis 1984:12,13). Die smous het ook dikwels slaggoed geruil vir sy handelsware. Volgens mev Rae Slabbert het haar ma ook soms koring gevat in ruil vir haar ware, en dit dan weer verkoop (1997:onderhoud).

Volgens JHN Hanekom lê die Jood se krag in sy vermoë om te praat. Hy is van mening dat die Jood nie vir jou sal lieg nie, maar hy praat jou 'n gat in die kop. Hy vertel dat David Lipchitz, 'n smous in die Piketberg-distrik, kon praat dat die skuim so staan (1997:onderhoud). Die meeste smouse het vir die boere ook kans gegee om 'n klein profyt te maak. Soms is daar gekibbel oor die prys en dan het die smous dikwels maar 'n trippens of wat afslag gegee. Hulle het dit vir die boere gegun, omdat hulle geweet het dit is die boere se enigste inkomste (Du Plessis 1984:13; Mnr S Engelbrecht 1997:onderhoud).

### 5.1.4 Ware deur smous te koop aangebied

'n Smous se voorraad het bestaan uit feitlik alles wat 'n boer en sy gesin kon nodig kry. Daar was rolle materiaal vir rokke, linne, kamme, spieëls, brille, messegoed, naalde, garing, skêre, alle soorte medisyne, lekkers, horlosies, armbande, juwele, kruie en ander geurmiddels, stroop, sardiens, blinkers vir rokke, afdrukke van skilderye, goedkoop meubels; enigiets waaraan 'n mens kon dink, dit het die smous gehad (Abrahams 1955:27; Du Plessis 1984:12; Van Waart 1990:62; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; DAKDS SPR III:58). Soos iemand tereg opgemerk het, kon jy enigiets van 'n ploegskaar tot 'n naald by die smous kry.

### 5.1.5 Die smous en sy nie-Joodse klante

Saron skryf dat daar eenkeer 'n debat oor die smouse in die parlement was (ongeveer rondom 1900). Kommer is uitgespreek oor die arm Jode wat met pakke of bondels rondgeloop en gesmous het. Een spreker het aangevoer dat die beste manier om die probleem op te los, sou wees dat die boere die smouse hul plase moet belet. In dieselfde asem sê hy toe dat hy die snaaksste tendens tydens nadere ondersoek opgemerk het. Die boere het naamlik die smouse aangemoedig om hul plase te besoek en die boer se vrou en dogters was dikwels die smous se beste klante (1955:87).

Uit bogenoemde blyk dit dat daar 'n baie besondere verhouding tussen die Afrikaanssprekende Boere en die Joodse smouse bestaan het. Die Jode is as die "Mense van die Woord" beskou, en daarom het die meeste Boere geglo dat hulle 'n hartlike ontvangs verdien (Abrahams 1955:27). Van Waart noem ook dat die Jode en die oorwegend Calvinistiese Afrikaners 'n sterk aanknopingspunt in hul gedeelde respek en eerbied vir die Woord van God gekry het. Vir die boer was die Jode die "Ou Testamentiese-Volk" (1997:60). Daar was 'n wesenlike verskil in die verhouding tussen die Afrikaanssprekendes en Jode op die platteland en in die stad, grootliks as gevolg van die wedersydse afhanklikheid in terme van veral ekonomiese bedrywighede wat op die platteland geheers het.

Die Joodse smous het dikwels met die gasvryheid van die Afrikaners te make gekry. Nie alleen is hy bykans altyd vir ete genooi nie, maar dikwels het die smous ook 'n plek gekry om te oornag. Hy het dan saam met die res van die gesin aan tafel geëet en die omgewing se nuus aan almal meegedeel (Spies 1984:101; Mnr JP Carstens 1997:onderhoud; Mev I de Villiers 1997: onderhoud). Mev Rae Slabbert noem dat haar ma altyd met die grootste lof van die Afrikaanssprekende Boere gepraat het. Sy het altyd gesê dat sy nooit sal vergeet wat hulle alles vir haar gedoen het nie. Party van die plaashuise was so klein dat hulle nie ekstra kamers gehad het nie, dan het die baas van die plaas en sy vrou vir haar hulle bed gegee en self op die grond geslaap (1997:onderhoud). Op baie plase was daar 'n buitekamer vir die smous gereed gehou. Die boervrou het ook besef dat van die geloofvaste smouse nie haar kos wou eet nie, en het daarom dikwels ook potte en panne eenkant gehou waarin die smous vir homself kon kook (Van Waart 1990:62). Volgens JP Carstens, voorheen van die Vredendal-distrik en tans woonagtig op Moorreesburg, het

Katzeff ('n eertydse smous in die Piketberg-distrik, wat later geboer het en wie se nageslag vandag nog in die Piketberg-omgewing boer) se oom hom aangeraai om in die Piketberg-Aurora-area te gaan smous, omdat hy geweet het dat die boere daar nie 'n jong seun sou laat hongerly nie. Katziff se oom het dus geweet dat hy (en waarskynlik ook ander Joodse smouse) op die boere se gasvryheid kon staatmaak (1997:onderhoud). Dit is 'n verdere bewys van die besondere verhouding wat daar tussen die Jode en die Afrikaners bestaan het.

Die volgende vertelling, opgeteken in Charles Press se boek *The Light of Israel* (1993), gee weer 'n ander perspektief op die verhoudings wat daar tussen die Jode en die nie-Jode kon bestaan het. Die verhaal word vertel deur David Nelson, 'n Jood wat self vroeër 'n smous in die Paarl-distrik was. Hy het later onder-burgemeester van die Paarl geword. Hy vertel dat hy eendag op 'n plaas in die Franschhoek-omgewing aangekom het en toe die boer hoor dat hy 'n Jood is, het hy 'n helde-ontvangs gekry. Nie alleen het hy die beste kamer in die huis gekry nie, maar sommer ook die beste "kooi." David was nie seker waaraan hy die gulle ontvangs te danke het nie, maar het maar liever doodstil gebly. Later die aand hoor hy die volle verhaal. Die boer vertel dat daar eenmaal twee Joodse smouse op sy plaas aangekom het, Marks en Levine. Hulle het plek gevra om te oornag. Die boer sê toe dat hulle maar in die stal kan slaap. Hulle het vroeg die volgende oggend weer vertrek. Jare daarna het die boer se seun Kimberley toe gegaan om daar werk te soek. Hy moes toe by Marks en Levine aanklop omdat hulle in daardie stadium bykans die hele Kimberley beheer het. Marks (Sammy) en Levine het die seun gevra wie hy is en waarvandaan hy kom. Hulle het dadelik hul nag in die stal op Franschhoek in herinnering geroep en hom toe as stalkneg aangestel. Die seun was nie tevrede daarmee nie en het besluit om met sy werkgewers te gaan praat. Marks het eers aandagtig na die seun se probleme geluister en sê toe: "Nee, jammer ou seun, ons kan niks daaraan doen nie. Toe ons by jou pa slaapplek gevra het, kon hy net vir ons in die stal plek gee. En al wat ons nou hier vir jou kan gee, is 'n plek in die stal." Die seun het aan sy pa geskryf en vir hom alles vertel. Die boer sê hy het toe besef dat hy 'n fout begaan het – hy het vergeet dat die Jode God se uitverkore volk is (Press 1993:19).

Daar was ook 'n baie besondere verhouding tussen die Joodse immigrante wat voor 1881 in Suid-Afrika gevestig was (hoofsaaklik van Wes-Europa) en die nuwe Joodse

immigrante wat vanweë vervolging en onderdrukking uit die Russiese Ryk gevlug het, veral na die sluipmoord op tsaar Alexander II in 1881. Een van die vroegste verslae wat die uittog van Jode uit die Russiese Ryk beskryf, is in 1884 in die koerant *Hamelitz* gepubliseer. Dit is geskryf deur ene ND Hoffman (1860-1928), oorspronklik van Neustadt-Sugind (Sammy Marks se geboortedorp). Hy skryf onder meer: *Die Joodse setlaars ontferm hulle oor die meeste van ons broeders wat daarin slaag om darem hier te kom – nakend soos op die dag van hul geboorte – sodra hulle hul voete aan die kus van Afrika sit. Met behulp van hierdie barmhartigheid kry hulle 'n paar pond se goedere en kleinigheidjies en dan loop hulle van dorp tot dorp met hul handelsware. Die boere aan wie die grond behoort, is van nature baie menslik en mensliewend. Hulle is vriendelik teenoor hierdie ongelukkige mense en koop hul goedere teen die regte pryse selfs al het hulle dit nie nodig nie. Sodra hulle 'n klompie geld bymekaar gemaak het, hoef hulle nie meer rond te smous met 'n pak op die rug nie, en begin hulle op groter skaal handel dryf deur met waens en 'n span van tien osse van plek tot plek te ry* (Saron 1970:17).

Nietemin is baie van die nuweling se verwagtings teleurgestel en moes hulle baie ontberings verduur. Die swaarkry is versag deur die sterk tradisie van liefdadigheid en wedersydse hulp wat die Oos-Europese Jode gekenmerk het (Saron 1979:6). Die Joodse handelaars wat reeds in Suid-Afrika gevestig was, was baie vriendelik en hulpvaardig en het aan jong immigrante goedere op krediet verskaf en geld geleen. In daardie dae het wedersydse vertroue die plek ingeneem van die moderne vereistes van waarborge, verbande en skuldbriewe (Helfet 1977:9).

Daar was nie net 'n besondere verhouding tussen die smouse, die Boere en die ander Jode nie; daar het ook 'n goeie verhouding tussen die smouse en die nie-blankes (inheemse bevolkingsgroepe) bestaan. Isobel Dicoovsky skryf in *Buurman* 'n artikel oor die legendariese Solomon Rabinowitz. Sy skryf: [...] *na die Tweede Vryheidsoorlog [het hy] 'n kar en muile gekoop het, asook 'n voorraadjie goedere om mee te smous en toe daarmee afgesit het in die rigting van Namakwaland, waar daar op daardie stadium nog net Hottentotte en Basters gewoon het. Sy skryf dat hy nie eintlik goed kon kibbel oor pryse nie, en sy goedhartigheid het bly swig voor stories oor swaarkry en sukkel. Die mense was ook so ellendig arm dat hy hulle lang uitstel gegee het sonder om te besef dat die Hottentotte nie eintlik mooi verstaan dat hulle darem êrens vorentoe sal moet betaal nie.*

*Die Hottentotte en die Basters het hom "Meester Rabie" genoem – 'n titel wat volgens Dicosky van veel meer respek getuig as die gewone Suid-Afrikaanse "baas" (1971:35,36).*

### **5.1.7 Einde van die smouskultuur**

Die koms van die motor was waarskynlik die grootste enkele rede vir die verdwyning van die smouskultuur. Die boere kon, na die koms van motors, baie makliker self by die winkels uitkom en so het die behoefte aan die dienste wat die smouse gelewer het, afgeneem. Dr FD du Toit noem dat sy ouers ook aanvanklik al hul goedere by die smous gekoop het. Later, nadat hulle 'n motor gekry het, was dit slegs die arbeiders op die plaas wat nie motors besit het nie, wat nog by die smous gekoop het (1997:onderhoud).

## **5.2 Joodse winkels en winkeliers**

Volgens Berger het die smouse al hul geld gespaar sodat hulle die waardiger en meer stabiele posisie van winkelier of ander besigheidsman kon beklee (1976:69). Ook Van Waart (1990:63) en Coetzee (1961:29) is van mening dat die smouse voortdurend daarna gestreef het om, wanneer hulle voldoende koopkrag ontwikkel het, hul iewers as winkelier of ander sakeman te vestig. Van Waart skryf: *Sodra hulle onderneminkie dit kon dra, het hulle, waar hulle kon, 'n kamer of leë geboutjie gehuur of dikwels gratis op 'n boer se plaas gekry en daar sake gedoen* (1990:63). Hiervan kan dus afgelei word dat die afname in die teenwoordigheid van smouse moontlik nie net as gevolg van die koms van die motor plaasgevind het nie, maar ook as gevolg van die smouse se strewe om 'n eie winkeltjie te begin.

### **5.2.1 Verskillende tipes Joodse winkels**

Die meeste Joodse winkeliers op die platteland was algemene handelaars wat enigiets denkbaar verkoop het. Daar was goingsakke vol rys, suiker, koffiebone en nog meer. Die mure was behang met grawe, emmers, kastrolle, panne en ketels. Kamme en mondfluitjies het langs mekaar op die rak gelê (Van Waart 1990:63). Daar was groot Pyott-blikke met lekker goed soos dadels en stokkielekkers en pienk garingsuiker en groot plat "gaatjie-biscuits" (Blignault 1979:33). Duitse sis, knope, garing, velskoene, hemde, koffie, suiker meliemeel, boermeel, vuurhoutjies en Hartbees-tabak is te koop aangebied (Spies

1984:93). Selfs afdrukke van die “De Breede en de Smalle weg” kon ‘n mens in ‘n Joodse winkel koop (Van Waart 1990:63).

Mev Ina de Villiers, boorling van Moorreesburg, sê Sieper, ‘n Joodse winkelier op Moorreesburg, het altyd iets spesiaals vir vroue in sy winkel gehad. Hy het byvoorbeeld mooi onderklere of mooi materiaal in sy winkel gehad, wat ‘n mens in geen ander winkel op Moorreesburg kon kry nie. Sy sê: “Hy het die stad na die platteland gebring.” (Mev I de Villiers 1997: onderhoud).

Die Joodse winkel was die punt waar primêre produkte soos huide en velle, vere en wol, graan en landbouprodukte ingeruil is en verskeep is na hawens vir buitelandse en ander markte. Dit het dikwels die funksie vervul van poskantoor, hulppos om mediese bystand van ver af te ontbied en plek waar die buurt se mense bymekaar kom om te gesels (Coetzee 1961:29). Benewens handelaar was die Jood ook ‘n welkome bron van nuus, binne- sowel as buitelands. Die Jood kon vertel van die wêreld oorkant die see, wat aan die Afrikaanssprekende platteland totaal onbekend was (Van Waart 1997:60).

Behalwe algemene handelaars was daar ook Jode wat ander soorte besighede op die platteland bedryf het. Daar was aptekers, mediese dokters, hoteleienaars, perde- en eselhandelaars, koeldrankfabriekeienaars, meubelwinkeleienaars, horlosiemakers, spekulante, klerasiehandelaars. Sommige was die eienaars van motorhawens, bioskope, fietswinkels, watermeule ensovoorts (Press 1993:15; Prof GG Cillié, mnr WB Giliomee, mej AM Lategan, mev EMJ van Zyl, mnr CJ Visser 1997:onderhoude). Op Calvinia het Joffe (‘n Jood) selfs nagmaalkamers aan boere verhuur (DAKDS CALV C1:Mnr MJC Lombard).

### **5.2.2 Struktuur en uitleg van die Joodse winkels**

Die meeste van die Joodse winkels op die platteland was klein, donker en het plankvloere gehad (Newman g.d.:116; DAKDS CER B7: Mnr PA Frick). Baie van die winkels was half huis half stoor of winkel (Newman g.d.:64). Die winkel self is ook gewoonlik in twee verdeel. Aan die eenkant is voedsel, klere, skoene ensovoorts gehou, terwyl daar aan die anderkant implemente soos grawe, pikke, emmers ensovoorts geberg is (Newman g.d.:116). Van die winkels het tot half tien saans oop gebly (DAKDS CER B8: Mnr AJ



Stadler). Baie van die Joodse winkeliers het groot agterplase gehad waar hul kliënte kon uitspan (DAKDS CER B9: Mnr A Baardman).

### **5.2.3 Karaktertrekke van die Joodse handelaar**

Die Jode was uitstekende besigheidsmense en die Afrikaanssprekende boere het geweldige respek vir die Joodse besigheidsvernuf gehad (Mnr CJ Visser 1997:onderhoud). Tog was die Afrikaanssprekende boere altyd bedag, want hulle het geweet dat as die Jood jou kon inloop, dan sou hy (Dr FD du Toit 1997:onderhoud). Volgens JHN Hanekom, boorling van Piketberg, was dit nie die geval dat die Jode skelm was nie, hulle was net ervare besigheidsmense in teenstelling met die Afrikaanssprekende plattelanders wat glad nie ten opsigte van besigheid geskool was nie (1997:onderhoud).

Omdat die Jode so besorg was oor hulle besighede en so hardwerkend was, het hulle dikwels die indruk geskep dat daar geen tyd vir ontspanning, sport of politiek was nie. Tog is dit nie heeltemal 'n korrekte aanname nie. In 'n wye verskeidenheid geskrewe bronne sowel as by informante is bewyse gevind dat die Jode graag aan verskillende sportsoorte deelgeneem het. Hulle was ook baie aktief betrokke by die politiek (sien hoofstuk 2.4).

Die Jode was oor die algemeen skerp, fyngvoelige besigheidsmense (Mnr WB Giliomee 1997:onderhoud). Hulle was vriendelik met al hul kliënte en het geweet hoe om die kliënte gelukkig en tevrede te hou (DAKDS TUL B1: Mnr D Mentoor). Hulle was werklik geïnteresseerd in hul kliënte en het dikwels die boere raad en finansiële hulp gegee (Dr FD du Toit 1997:onderhoud; DAKDS CER A10: Mnr HB Swart).

Dat die Jode se sin vir besigheid geneties is, word redelik algemeen aanvaar. Daar word vertel dat daar op Bitterfontein 'n bruin man was, ene Jakob Ogies, 'n basterkind van 'n Jood wat ook die besigheidsin in sy bloed gehad het. Op 16-jarige ouderdom het hy begin werk deur die possak vir die priester vanaf Bitterfontein tot by Rietpol te dra. Later het hy 'n ou vragmotortjie gekoop en met verloop van tyd het hy 'n hele vloot Mercedes-vragmotors besit. Hy het 'n skatryk man geword, wat sekerlik te danke was aan sy Joodse bloed (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud).

Uit sommige vertellings blyk dit duidelik dat die Jode geen steen onaangeraak sou laat om besigheid te doen nie. So byvoorbeeld was daar die Orwin broers van Bredasdorp wat nie kon lees of skryf nie. As hulle 'n tjek moes teken, het hulle net OB geteken. Wanneer hulle by Nasionaliste aan huis gekom het, het hulle gesê die OB staan vir Ossewa-Brandwag en as hulle by Smelters gekom het, het hulle gesê dit staan vir Orwin Brothers (Dr FD du Toit 1997:onderhoud).

Daar was ook wel gevalle waar Jode nie suksesvol was nie. Newman (g.d.:94) vertel van een van die Joodse immigrante wie se besigheid nooit op dreef gekom het nie. Ook mnr Sam Zetler van Stellenbosch sê dat daar tye was wat dit nie goed gegaan het met sy besigheid nie. Hy het vroeër jare 'n algemene handelaarsaak gehad. Diskriminasie teen die Jode het na vore getree met die koms van die Ossewa-Brandwag-beweging. Die Afrikaners het hom baie geld geskuld, en wou later nie meer by hom koop nie, sodat hy bankrot gegaan het (1997:onderhoud). Die tydperk van diskriminasie het nie lank geduur nie. Mnr Zetler het finansiëel herstel en die Zetler-familie is vandag 'n baie welgestelde familie wat 'n hele aantal plase in die Stellenbosch-omgewing besit (Mnr D Weil 1998:onderhoud).

Op Malmesbury was daar 'n Jood wat baie grond besit het. Hy het besluit om 'n deel van sy grond teen £100 000 te verkoop. Dit was egter in die tyd toe Suid-Afrika oorgeskakel het na die desimale stelsel. Hy teken toe die kontrak, sonder om te sien dat daar R100 000 in plaas van £100 000 gestipuleer is. R100 000 was in daardie stadium die helfte van die waarde van £100 000. Die Jood is kort daarna oorlede, want hy kon dit nie verwerk dat hy so bedrieg is nie (Mnr D Weil 1998:onderhoud).

#### **5.2.4 Die Jood se besigheidsmetodes**

Geld was skaars, maar die winkelier het negosie verruil vir pampoene, sakke koring, stringe pruimtwak, droëvrugte, veevoer, varke, hoenders en hoender- en eendvere (Van Waart 1990:63). In moeilike tye het die Jood gehelp met krediet (Dr FD du Toit 1997:onderhoud), omdat hy geweet het dat die boer afhanklik is van hom om sy produkte te verruil (Lückhoff 1932:87). Die Jode het nie onderskeid getref tussen die blanke boere en die bruin mense nie, want laasgenoemde kon ook krediet kry (DAKDS TUL B1: Mnr D Mentoer).

Die boer maak skuld by die Jood en moet dan sy produkte verruil tot vereffening daarvan teen die Jood se prys. Hy ruil sy surplus produkte by die Jood vir benodigdhede, ook teen die Jood se prys. By so 'n transaksie maak die Jood dus 'n dubbele profyt (Lückhoff 1932:86).

Die Jood het bepaalde bemarkingstegnieke gebruik: *Mnr X net vir jou of Hierdie ding verkoop ek teen onder kosprys aan jou of Ons is mos ou vriende of Moenie vir ander van hierdie bargain vertel nie, want dan kan ek dit nie doen nie* (Lückhoff 1932:87). Die boer het op sy beurt daarvan gehou om by die Jood te koop, omdat hy tuis gevoel het daar. Die Jood noem hom op sy naam en wil hom byna omhels as hy by die winkel inkom. Hy bied sy kliënt 'n stoel en 'n koppie tee aan, en gesels oor dinge waarin die boer belangstel en wat vir hom belangrik is (Lückhoff 1932:86). Navorsing wat in die 1920's gedoen is, het ook getoon dat die bruin mense van die Paarl verkies het om by die Jode te koop, eerstens omdat hulle gevoel het hulle kan met die Jode onderhandel of kibbel oor die prys en tweedens het hulle dikwels geskenke van die handelaars of winkeliers ontvang (Press 1993:60).

Die Jood was in staat, weens sy klein winkeltjie en die feit dat hy nie streng volgens besigheidsbeginsels werk nie, om die lokaas- en afslagsisteem op groot skaal toe te pas. Hy sal volgens hierdie sisteem byvoorbeeld 'n graaf of kombuisware waaroor die boer 'n oordeel kan vel, uiters goedkoop aanbied. Die onervare boer word só gelei om duur negosieware te koop onder die indruk dat dit ook goedkoop is (Lückhoff 1932:87).

### **5.2.5 Die Joodse winkelier en sy werknemers**

In die meeste gevalle het die hele gesin in die winkel gewerk en dit was veral naweke en vakansies dat die kinders in die winkel moes werk (Mej G Lazarus 1997:onderhoud). In baie besighede het Jode en Afrikaners saamgewerk. Die Jood was eintlik die brein agter die besigheid en die Afrikaner het die werk gedoen (Mnr AS Bellgrove 1997:onderhoud). Daar was ook gevalle waar Jode vennote was, soos byvoorbeeld die Segals en die Luries van Stellenbosch (Mej AM Lategan 1997:onderhoud).

Die Jode het baie goed na hul werknemers gekyk. Joe Jowell van Namakwaland het byvoorbeeld beter salarisse aangebied as enige ander transportbesigheid, maar terselfdertyd

was hy ontsettend streng met sy werknemers (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud). Manie Swart het baie jare vir Cohen, 'n Jood op Ceres, gewerk. Volgens Swart het Cohen hom die geleentheid gegee om elke moontlike aspek van besigheid te leer (DAKDS CER A10).

### **5.2.6 Die Jood en sy nie-Joodse klant**

Die Afrikaners het altyd by die Jode gekoop, sonder om twee maal te dink (Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud). Die Jode en die Afrikaners was nie eintlik huisvriende nie, maar daar was altyd 'n baie goeie verskaffer-klant-verhouding tussen die twee partye (Mnr CJ Visser 1997:onderhoud).

Simon Noll het rondom 1888 'n winkeltjie in die Oudtshoorn-distrik gehad. Die nie-Jode het geweet dat hy elke aand sy winkel sluit om sy aandgebede te doen. Sy klante sou geduldig buite wag, want hulle het geweet dat hy onmiddellik weer sal oopsluit as hy klaar is (Aschman 1955:126). Die nie-Joodse klante het dus begrip getoon vir die Joodse winkelier se geloofstradisies. Dan is daar ook voorbeelde waar die Jood weer begrip en ondersteuning teenoor die Afrikaanssprekendes getoon het. Op Lutzville was daar 'n Joodse brilmaker wat altyd sy klante wat van ver af gekom het, genooi het om middagete saam met hom te geniet (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud). Die Jood het ook gewoonlik sy klante se vermoëns geken en daarvolgens gehandel. Die bywoner sou soms 'n bietjie meer vir sy pluksel hoendervere kry as die baas van die plaas vir syne (Van Waart 1990:64).

### **5.3 Joodse hulp tydens die Depressie**

Daar is baie gevalle gevind waar melding gemaak word van die hulp wat Jode tydens die Depressie aan die boere verleen het. Spies (1984:93) skryf byvoorbeeld: *Dit was 'n wonderlike ou mens, dié ou Boere-Jood (oubaas Charney op Mariental) wat ons mense van die omgewing so te sê deur die depressie gedra het.*

Die Jode het nie onderskeid getref tussen ryk en arm mense nie. Deur die Depressie het die Jode baie van die boere gedra (DAKDS CALV A3: Mev MN Coetzee). Op Fraserburg het die enigste twee besighede aan twee Jode, ene Herschen en Goldblatt, behoort. In die

Depressie het hulle 'n groot deel van die gemeenskap gedra. Jare na die Depressie het mense nog hul skuld afbetaal (Mev AdeW Pauw 1997:onderhoud).

Van die boere het hul plaas as borg geteken en moes dan later die grond aan die Joodse handelaar gee omdat hulle hul nie kon terugbetaal nie. Van die ander boere wat nie hul plaas as borg geteken het nie, was in elk geval later so diep in die skuld dat hulle noodgedwonge hul grond moes verkoop om hul skulde te delg. So het boere dus hul plase verloor en omdat die Jode die enigste mense met geld was het hulle dikwels die plase gekoop (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud). Daar word gesê dat die Jode die enigste mense met geld was wat bereid was om te waag om vir ander geld te leen (DAKDS POR V:16). Tog het van die Jode ook tydens die Depressie groot skades gely, omdat hulle die boere gehelp het en dié hulle dan nie kon terugbetaal nie (Mev R Slabbert 1997:onderhoud).

Cecile Cilliers, bekende Afrikaanse skrywer, vertel die aangrypende verhaal van ene Jopie Fourie en die Jood, ene Rabinowitz. Jopie was maar net negentien jaar oud toe hy besef dat die grond waarop hy boer te min is. Sy oom het hom aangeraai om by Rabinowitz om hulp aan te klop. Hy en Rabinowitz beding toe 'n lening waarvolgens hy £8000 – 'n plaas se geld in 1939 - leen. Hoewel dit broekskeur gegaan het, het Jopie dit reggekry om die rente en die volle lening betyds, volgens die kontrak, terug te betaal. Toe hy die dag die laaste skuld terugbetaal vra hy die Jood waarom hy bereid was om vir hom, 'n bogsnuiter, soveel geld te leen. Rabinowitz vertel toe dat Jopie se pa een keer met sy beste hoogland toe getrek het ter wille van goeie weiding. Rabinowitz het hom gevra om sy (Rabinowitz) se beste saam te neem. Laasgenoemde sou die werksmense betaal en van kos voorsien. Later laat weet Jopie se pa vir Rabinowitz dat hy gaan terugkom en dat hy 'n goeie prys vir die beste kan kry, indien hy wil verkoop. Rabinowitz laat weet toe terug dat hy moet verkoop. Jopie se pa het 'n groot som geld vir Rabinowitz gebring sonder om 'n pennie terug te hou vir eie onkoste. Rabinowitz sê toe vir Jopie dat hy nooit die geleentheid gehad het om vir hom ordentlik dankie te sê nie, vanweë sy skielike dood, en voeg by: *Deur jou sê ek dankie. Ek het ook geweet ek kan jou pa se seun vertrou...*(Cilliers 1995:83).

#### 5.4 Die Jood en boerdery

Die Jode het 'n baie belangrike rol as koringhandelaars vervul. Elke area het hul eie handelaar gehad wat al die koring van die boere opgekoop het. Dikwels was die Jood wat die winkel in die kontrei gehad het ook die koringhandelaar van die area. Die handelaar het na die plaas gekom en saam met die boer die gehalte van die koringoes bespreek en dan vir die boer 'n prys aangebied. Die "Jodekopers" (soos daar na hulle verwys is) het in die groot sentra (soos Kaapstad, Johannesburg en Bloemfontein) pakhuisse gehad waar hulle die koring gestoor het. Die koring is dan later meestal aan fabriekse verkoop (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud).

Rondom 1940 het die Koringraad die rol van die Jodekopers oorgeneem. Die meeste van dié Jode het toe agentskappe by die Koringraad gekry. Eers jare later toe die Koöperasies tot stand gekom het, het die Jode nie meer die funksie van koringhandelaars vervul nie (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud).

Daar was ook Jode wat geboer het en self baie grond besit het. Baie van hulle het die grond in die hande gekry omdat die boere tydens die Depressie hulle plase as borge moes bied, en dit so verloor het, of later moes verkoop (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud).

Die volgende verhaal word in die Vredendal-omgewing vertel en illustreer die sensitiewe kwessie van die boere se grond wat in die Jode se hande geval het. 'n Prokureur van Vredendal, ene Van Wyk, en Louis Lazarus ('n Jood wat baie plase in Namakwaland en die Boesmanland besit het), het nooit langs dieselfde vuur gesit nie. Eendag vra hy toe baie neerhalend vir Louis voor 'n hele klomp mense: "Hoe het jou pa dit reggekry om so baie grond in die hande te kry?" Dié Van Wyk se pa was destyds 'n prokureur op Vanrhynsdorp. Louis antwoord toe: "Nee, dit was eintlik baie maklik. My pa het die boere laat aanskryf by jou pa. Hy het hulle bankrot gemaak en so het my pa die grond in die hande gekry. Hulle het hand-aan-hand gewerk. Met ander woorde jou pa was maar net so skelm soos my pa!" (Mnr JP Carstens 1997:onderhoud).

Volgens JHN Hanekom, boorling van die Piketberg-omgewing, het die Afrikaners baie van die Jode geleer, maar die Jode het definitief by die Afrikaners geleer om te boer (1997:onderhoud).

Daar is talle gevalle opgeteken waar Jode uiters suksesvolle en vooruitstrewende boere geword het. Hulle het dikwels wetenskaplike boerderymetodes toegepas, soos grootskaalse besproeiing en het groot bedrae geld spandeer om byvoorbeeld water aan te lê (Aschman 1955:132). Daar is talle voorbeelde van Joodse boere wat die voortou geneem het in bepaalde landbouontwikkelings. Die Ginsbergs (Jode van die Clanwilliam-distrik) word beskou as die grondleggers van die rooibosteebedryf. In 1964 het Ginsberg 40% van al die tee wat in die wêreld geproduseer is, hanteer (*Die Landbouweekblad* 18/8/64:28). Cohen, 'n Jood van Ceres, was een van die eerste boere (indien nie die heel eerste nie) wat aartappels in die Ceres-omgewing begin plant het. Hy het aartappelmoere vanaf Skotland ingevoer (DAKDS CER A10: Mnr HB Swart).

Daar is nog talle voorbeelde in hierdie verband wat nie in detail bespreek gaan word nie. So byvoorbeeld het die Jode 'n baie besondere rol in die volstruisveerbedryf gespeel. Die bemerking van die volstruisvere was bykans heeltemal in die hande van die Jodekopers (Aschman 1955:133). Dit was hulle bemerkingsvaardighede en –bronne, die finansiële hulp wat hulle verleen het en hulle breër belangstelling in die industrie wat gehelp het om die volstruisbedryf uit te bou tot die reuse-sukses wat dit was (Aschman 1955:133).

## 5.5 Slot

Die Jode het ook op 'n meer formele vlak 'n belangrike bydrae tot die ekonomie van Suid-Afrika gelewer. Die Joodse gemeenskap was bykans by elke belangrike ontwikkeling in Suid-Afrika betrokke (Coetzee 1961:29). Daar was letterlik honderde Joodse individue wat op verskillende ekonomiese terreine die voortou geneem het en uitstaande leiers op hul onderskeie terreine was (Kaplan 1986:382).

Aanvanklik het die Anglo-Duitse Joodse immigrante, met ander woorde dié immigrante afkomstig uit Wes-Europa, die voortou geneem op die gebied van ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang. Die grootste rede waarom hulle hul geloofsgenote van Oos-

Europa en Rusland voor was, was omdat hulle minder probleme met die taal ondervind het en ook omdat hulle nie soos in die geval van die “Russiese Jode” ‘n uitsluitlik religieuse opvoeding in hul lande van oorsprong gekry het nie (Kaplan 1986:382).

Die Joodse immigrante van Oos-Europa het ‘n geslag of wat geneem om hulle by die lewe in hul nuwe land aan te pas. Dit was eers met die ontwikkeling van sekondêre nywerhede en met die groei van die handel dat hierdie meerderheid ‘n vastrapplek in hulle nuwe tuisland gekry het. Die feit dat hulle hulle later op ligte vervaardigingsbedrywe, die handel en die geldwese toegespits het, is eerder toe te skryf aan die behoefte daaraan om uiting te gee aan hulle individualiteit op gebiede waar aanvanklik min kapitaal nodig was, as aan ‘n inherente aanleg in ‘n bepaalde rigting. Die Joodse kinders wat die geleentheid tot formele opleiding gehad het, het eweredig versprei geraak deur die ekonomiese en kultuurgemeenskap in Suid-Afrika. Hulle het verskillende professies bekleed en was ook teenwoordig in die domein van die kunste en wetenskap (Kaplan 1976:28).



## HOOFSTUK 6

### ARGITEKTUUR EN MEUBELS, VERVOERMIDDELS EN KLEREDRAG

Argitektuur en meubels, vervoermiddels en kleredrag word in een hoofstuk behandel, omdat baie min inligting daarvoor gevind kon word. Daarom sal daar net enkele verwysings gegee word om aan te dui tot watter mate die gebruike van die Jode en die Afrikaanssprekendes ten opsigte hiervan ooreengestem of verskil het.

#### 6.1 Argitektuur en meubels

Argitektuur is die kuns en die wetenskap van die ontwerp van 'n struktuur wat ten beste ruimte en omgewing verskaf vir 'n bepaalde bedrywigheid wat daarbinne plaasvind (Ziskind 1980:18).

##### 6.1.1 Woning-argitektuur

Die Jode op die platteland het in gewone huise gewoon, net soos dié waarin die Afrikaanssprekendes van die daardie tyd gewoon het. Die enigste merkbare verskil was dikwels slegs die teenwoordigheid van twee of meer "mezzuzots". 'n "Mezzuzot" is 'n klein rolletjie papier in 'n versierde omhulsel wat teen 'n deurkosyn vasgespyker word. Die "mezzuzot" bevat die eerste twee paragrawe van die "Sjma Yisrael", die Joodse geloofsverklaring. Tradisioneel is die "mezzuzot" aan al die kosyne van die huis vasgespyker, maar later is dit slegs aan die kosyne van die voor- en agterdeur aangebring. Die vorm het ook mettertyd verander en later was die "mezzuzot" dikwels net 'n plat metaal plaatjie met Hebreeuse skrif daarop (Abramowitz 1981:43).

Gedurende die verebloeytydperk van 1882 het baie ryk Oudtshoornse Joodse verekopers en Joodse boere na Europa gereis. Hulle het Londen, Parys, Berlyn en Wenen besoek en soms het hulle hul vroue en oudste kinders saamgeneem. Hulle het na Oudtshoorn teruggekeer met 'n

nuwe lewenstandaard en 'n nuut ontwikkelde sin vir luukse artikels en indrukwekkende klere, meubels en huise (Aschman 1955:133; Van Waart 1990:21).

Hulle het teruggekom en Eduardiaanse “volstruisveerpaleise” van sandsteen gebou. Hulle het nuwighele soos gepaneelde mure, geteëde badkamers en handgeskilderde fresko's bekendgestel. Elegante mahonie-, okkerneut- en eikehoutmeubels is vanaf Engeland en ander Europese lande ingevoer. Vergulde spieëls, silwer- en glasware en linne is ingevoer. Sommige van die families het ook teruggekeer met 'n Engelse goewernante om die kinders te onderrig. Daar was selfs dié wat met 'n Engelse geselskapdame of diensmeisie vir die vrou van die huis teruggekom het (Aschman 1955:133).

Net soos die geval was met die gewone middelklashuise is ook hierdie rykmanswonings deur Jode sowel as Afrikaners gebou. Baie van die Afrikaanssprekende volstruisboere van die Oudtshoorn-omgewing het dieselfde tipe welvaart beleef as die Jode (Van Waart 1990:42-48).

### 6.1.2 Sinagoge-argitektuur

Sinagoge-argitektuur is die uitvloeisel van die gesindheid en aspirasie van bepaalde Joodse gemeenskappe. Ook in die Suid-Afrikaanse konteks is die sinagoge-argitektuur dus die fisiese weerspieëling van die rigting waarin die Suid-Afrikaanse Jood se gesindheid teenoor, en sy waardering van sy godsdienstige rol en doel in die lewe ontwikkel het (Ziskind 1980:18).

Die woord “sinagoge” is afgelei van die Grieks “synagoge” wat samekoms of saamwees beteken. Dit dui op die historiese rol van die sinagoge as die middelpunt van die Joodse lewe. Baie Suid-Afrikaanse Jode is feitlik heeltemal op die sinagoge aangewese vir die onderhouding van hul Joodse voorskrifte (Ziskind 1980:18).

Die Litouse Joodse immigrante het die gees van hul tuisdorpse huise van Torah-studie (genoem *sjuls* en *Batei midrasj*) na Suid-Afrika saamgebring. Op die tydstip toe hulle geëmigreer het, was bepaalde Oosterse eienskappe in sinagoge-argitektuur deeglik gevestig en aanvaar in Oos-Europa. Ook in Suid-Afrika was 'n sterk Oosterse invloed in Suid-Afrikaanse sinagoges waarneembaar. Daar is 'n paar voorbeelde van sinagoges wat of in die geheel

volgens die Bisantynse styl gebou is of ander wat kenmerkende elemente van Oosterse boustyle toon (Ziskind 1980:18).

Mettertyd het funksionalisme die ontwerp van 'n sinagoge bepaal. Die meeste sinagoges in Suid-Afrika is volgens 'n standaardplan ontwerp (Ziskind 1980:19). 'n Belangrike aspek van die ontwerp is dat die mans en vroue apart moet sit, maar dat daar so min afsondering as moontlik tussen hulle moet wees. Die vroue moet ewe goed kan sien en hoor en moet ten volle aan die diens kan deelneem. In die meeste Suid-Afrikaanse sinagoges is die sitplekke so gerangskik dat die mans in die gemeente na mekaar kyk aan albei kante van die middeskip wat van die Bimah tot by die Ark strek. Die middeskip is 'n oop gedeelte waar geen stoele is nie. Dit herinner aan 'n breërige paadjie. Die vroue sit gewoonlik op 'n galery wat om drie kante van die gebou opgerig is (Ziskind 1980:21). Op sommige plattelandse dorpe was die sinagoge so klein, dat daar nie 'n aparte galery vir die vroue was nie. Hulle het dan agter in die sinagoge, steeds apart van die mans, gesit (Mnr D Weil 1999:onderhoud).

Die Torah is die heiligste voorwerp in die sinagoge en dit word in die Heilige Ark gehou. Dit is wenslik dat die Ark (en dus ook die sinagoge) in die rigting van Israel kyk. Die Ark is die fokuspunt van gebed in die sinagoge en gemeentelede moet gedurende die sentrale lofgebed van die erediens daarheen kyk (Ziskind 1980:21).

Die Bimah is 'n groot kateder op 'n platform vir gebruik van die kantor en die lede van die gemeente wat beurte neem om uit die Torah voor te lees (Ziskind 1980:19). Die Bimah is gewoonlik in die middel van die sinagoge, sodat die lees van die Torah vir almal maklik hoorbaar is (Ziskind 1980:21).

Bogenoemde elemente en funksies in die sinagoge het meegebring dat die gebou gewoonlik reghoekig is. Gewoonlik het die gebou 'n versiering by die ingang in die vorm van 'n "menorah" (Joodse kandelare) of 'n "magen david" (ster van Dawid) (Ziskind 1980:19). Van die klein sinagoges op die platteland was eenvoudige geboue waarin die Ark die belangrikste element van die ontwerp was en die ster van Dawid die belangrikste versieringsmotief.

Die Jode en die Afrikaners het wel per geleentheid in mekaar se Godshuise gekom. Dit was vir elk van hierdie groepe 'n vreemde ervaring vanweë die strukturele en praktiese verskille tussen die twee plekke van aanbidding. Die Afrikaners was nie daaraan gewoond dat die mans en vrouens apart sit nie. In die Afrikaanse NG Kerk was dit ook vroeër jare die gebruik dat die vrouens hoede dra, terwyl die Joodse mans volgens hulle geloof hoofbedekkings tydens die erediens moes dra. In die sinagoge is daar, anders as in die Afrikaners se kerk, ook slegs kerse gebrand en is daar glad nie van elektriese lig gebruik gemaak nie. Daar word ook nie geldelike bydraes of kollektes in die Joodse sinagoge opgeneem soos in die NG Kerk nie. Die Jode verklaar mondelings tydens die erediens wat hulle gaan bydra, maar dit word eers later ingevorder. 'n Ander verskil is dat daar glad nie van orrel- of enige ander musiekbegeleiding gebruik gemaak word in die sinagoge nie. Die orrel wat 'n sentrale rol in die Afrikanerkerk speel is glad nie aanwesig in die Joodse sinagoge nie (Mev AC Weil 1999:onderhoud; Mnr D Weil 1999:onderhoud).

Oral op die platteland is daar vandag nog van die eertydse Joodse sinagoges te sien. In baie gevalle huisves dit tans die plaaslike museum of is dit omskep in 'n winkel of 'n stoorplek. Meestal is die enigste oorblywende teken dat dit voorheen 'n Joodse sinagoge was die ster van Dawid-versieringsmotief in die venster en soms 'n gedenkplaat teen die muur. Op sommige van die plattelandse dorpe, soos byvoorbeeld Moorreesburg, is die Joodse sinagoge afgebreek.

### **6.1.3 Meubels**

Baie min inligting kon tydens die ondersoek oor meubels (wat spesifiek deur Jode gemaak of slegs deur Jode gebruik is) gevind word. Die enigste verwysing wat wel gevind is, noem dat een van die opsieners van die Kaapstadse Sinagoge in 1873, David Isaacs, meubels van 'n baie goeie gehalte op groot skaal vervaardig het (Abrahams 1955:21).

Dit het geblyk dat die plattelandse Jode net soos al die ander inwoners van 'n bepaalde dorp óf meubels van die plaaslike meubelmaker gekoop óf dit self gemaak óf dit van die groot stede bestel het.

## 6.2 Vervoermiddels

Die eerste plattelandse Jode het by uitstek bekendheid verwerf met hul smouskarretjies. Dit was gewoonlik 'n karretjie wat deur 'n donkie of donkies en/of 'n perd of perde getrek is. Die karretjie is vol gelaai en die smous het daarmee van plaas tot plaas gery om hul ware te verkoop. Die smous het dikwels nie net met een wa of karretjie gesmous nie – soms het hy twee waens gehad. Een vir sy ware en 'n ander een om die huide en velle wat hy geruil het mee te vervoer. Die een wa was gewoonlik 'n halftentwa, sodat die smous snags daarin kon slaap. Met die koms van motors en vragmotors het die smoukarretjie of –waentjie verdwyn en plek gemaak vir die “smouslorrie” (Du Plessis 1984:12,13; Spies 1984:101; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud; Mnr CJ Visser 1997:onderhoud).

Net soos die Afrikaanssprekende plattelanders het die Jode ook verskillende tipe vervoermiddels gehad – op grond van die bepaalde era en die individu se welvarendheid al dan nie. Verwysings (met betrekking tot Jode) is gevind van ossewaens, donkiekarre, perdekarre, perderuiters en later motors en vragmotors. Jossel Einfuss, wat geskryf het oor die Jode van die Klein Karoo, skryf: *Of die vervoermiddel perdekar of motorkar was, dit was windmaker!* (Einfuss 1981:23).

Joepie Carstens, wat voorheen in die Vredendal-omgewing geboer het, sê die Jode was van die eerstes in Namakwaland wat motors besit het (1997:onderhoud). Volgens SPJ de Greeff, boorling van Moorreesburg, was daar egter baie Jode op Moorreesburg wat nooit motors besit het nie (1997:onderhoud). Dit dui daarop dat die Jode op die platteland net soos die Afrikaners in bepaalde ekonomiese klasse verdeel kon word. Sommige kon spoggerige motors bekostig en ander het nooit 'n motor besit nie.

## 6.3 Kleredrag

Wat kleredrag betref, het die Jode op die platteland nie veel van hul Afrikaanssprekende dorpsgenote verskil nie. Die rabbi het altyd 'n donker pak klere met 'n swart hoed gedra (Mnr SPJ de Greeff 1997:onderhoud; Mev I de Villiers 1997:onderhoud).

Die deursnee Jood op die platteland het maar meestal dieselfde tipe klere as die Afrikaanssprekendes gedra (Berger 1976:69; Mnr JHN Hanekom 1997:onderhoud). Uit een van Jan Spies se verhale blyk dit dat die Jode ook dieselfde tipe nagklere as die ander mense van daardie tyd gedra het. Hy skryf die volgende oor 'n sekere Joodse smous: *Hy loop trek by sy skotskar uit en steek sy klere in die karkis en trek sy nagklere aan. Dis toe soos darie tyd die gebruik was, g'n slaapbaadjie en broek nie, maar 'n – wat die oumense genoem het – naghemp, nagrok of nagjurk* (Spies 1984:101).

FA van Jaarsveld, bekende historikus, maak die volgende stelling: *Terwyl die Afrikaner meer konserwatief is in sy benadering van sake, sien die Jood sake meer uit 'n liberale standpunt. Dit word soms in die kleredrag opgemerk...* (Van Jaarsveld 1970:20). Ongelukkig brei hy glad nie hierop uit nie en haal geen bewyse of voorbeelde aan nie.

#### 6.4 Slot

Dit wil voorkom of die Jode op die platteland wat stoflike kultuuruitinge betref, nie werklik van die Afrikaanssprekendes verskil het nie. Hulle het nie juis ander huise, klere of vervoermiddels as hul dorpsgenote gehad nie. Myns insiens was daar 'n groter verskil in die tipe huise, klere en vervoermiddels van individue of gesinne uit verskillende “ekonomiese klasse”, ongeag of hulle Joods of nie-Joods was. Van die meer welaf Jode en nie-Jode het in deftige huise gewoon, 'n motor besit en baie deftige klere en ander luukshede besit, terwyl die armer Jode en nie-Jode glad nie hierdie tipe luukshede gehad het nie.

## HOOFSTUK 7

### EVALUERING

Rondom die begin van die 20ste eeu was daar op bykans elke plattelandse dorp in Suid-Afrika een of meer Joodse gesinne. In verreweg die meeste gevalle het die Jode een of ander besigheid bedryf – meestal 'n algemene handelaarsaak. Daar het sonder enige twyfel 'n baie besondere verhouding tussen die Jode en die Afrikaanssprekende plattelanders bestaan.

#### 7.1 Identiteit

Die Jode was in elke gemeenskap die minderheidsgroep. Tog het hulle hul identiteit behou en hul stempel op die betrokke gemeenskappe afgedruk. Dit is baie belangrik om daarop te let dat hoewel daar interaksie en samewerking tussen die groepe was, daar weinig samesmelting of assimilasië plaasgevind het.

Elke groep, te wete die Jode en die Afrikaners, het hulle eie identiteit behou. 'n Eie identiteit dui op 'n eie-aard. Volgens Marié van Heerden, 'n kultuurhistorikus, dui die identiteit van 'n volk min of meer op die totaal van die wesenskenmerke van daardie volk (1989:22).

Die Jode op die platteland het op 'n unieke wyse daarin geslaag om aan die een kant hulle Joodse identiteit te behou en aan die ander kant by die plaaslike Afrikaanssprekende gemeenskap in te skakel. Hulle was as't ware ambassadeurs vir die platteland wat albei se belange op die hart gedra het.

#### 7.2 Die Jode se inskakeling by en bydrae tot die Afrikaanssprekende gemeenskap

Die Judaïsme is nie slegs 'n religie of geloof nie. Dit omsluit ook elemente soos 'n sosiale identiteit, 'n taal, literatuur, musiek, kuns, volksgebruike en folklore, instellings en etiese waarde (Rappaport 1984:17). Die Jode op die platteland het ook gedeel in die uitlewing,

bevordering en behoud van hierdie elemente. Terselfdertyd het hulle ook 'n betekenisvolle bydrae tot die Afrikaanse kultuurskat gelewer. Die Jode het dus in twee hoedanighede 'n bydrae gelewer, eerstens as lede van hulle eie religieuse groep en tweedens as lede van die bepaalde gemeenskap waarin hulle woonagtig was.

Dit was egter nie net die Jode wat 'n bydrae tot die Afrikaanse kultuur gelewer het nie. Die Afrikaners het definitief ook daartoe bygedra dat die Jode op die platteland op 'n unieke wyse ontwikkel het en 'n bepaalde kultuur van hulle eie gevorm het. Die plattelandse Jode was "anders" - anders as die Jode in die stad, wat nie die sterk Afrikaanse invloed gehad het nie, en definitief ook anders as die Afrikaners op die platteland, omdat hulle steeds hulle Joodse identiteit behou het. Hulle het dikwels Afrikaans gepraat en was betrokke by al die aangeleenthede van die dorp – die politiek, sosiale geleenthede, ontspanning en selfs by die NG Kerk-aktiwiteite. Die Jode op die platteland het dus 'n Suid-Afrikaanse plattelandse karakter verkry, maar tog het hulle hul eie besondere identiteit en lewenswyse as 'n groep bewaar.

Dit was veral op die ekonomiese terrein dat die Jode 'n groot bydrae gelewer het. In die groter ekonomie van Suid-Afrika het hulle ook 'n leidende en betekenisvolle rol gespeel. Aan die einde van die 19de eeu was die plattelandse Jood die belangrikste skakel in die ekonomiese bedrywighede van 'n betrokke area. Die Jood het dikwels alle handelsgoedere in 'n gebied hanteer, óf as koper óf as verkoper. Tussen die boere en die Joodse sakemanne op die platteland was daar altyd 'n baie goeie verstandhouding. FA van Jaarsveld beskryf dié verhouding soos volg: *Die plattelandse Jood ken die Afrikaners en weet hoe om hulle te verstaan. In die stad daarenteen, is die verhoudinge meer onpersoonlik* (1970:19).

Die Joods-Afrikaanse betrekkinge toon variasies en veranderinge oor die jare. Daar was tye van onderlinge meegevoel en welwillendheid wat afgewissel is met tye van misverstande en selfs openlike botsings. Aan die een kant het die Afrikaner die Jood in die ou dae met gasvryheid verwelkom, omdat hy hom gesien het as lid van die uitverkore volk van die Bybel. Daar is volop getuienis in die studie van die goeie betrekkinge tussen die Jode en die Afrikaners op die platteland op elke moontlike terrein. Hierteenoor was daar dikwels kritiek,



veral in tye van krisis of politieke spanning, dat die Jood hom nie genoeg geïdentifiseer het met die Afrikaner se stryd om sy taal, kultuur en groepsidentiteit te behou nie. Daar is ook beweer dat die Jode saam met die Britte (daar is daarna verwys as die Joods-Britse geldmag) in die pad gestaan het van die Afrikaner se ekonomiese opgang (Saron 1970:18).

Ten spyte van periodieke verskille en selfs struwelinge, het die gevoel van gemeenskaplike belange tussen die Jode en hulle Afrikaanssprekende bure op die platteland gehelp om die gees van verdraagsaamheid te bevorder.

Dit was nie net op die ekonomiese terrein waar die Jode by die Afrikaanssprekende gemeenskap ingeskakel het nie. Hulle het ook dikwels 'n belangrike rol in die plaaslike dorpspolitiek gespeel deur byvoorbeeld op die dorpsrade te dien en het hulle bydrae gelewer op die gebied van sport en ontspanning. Van die Joodse jongmans was deel van die dorp se rugbyspan – 'n sportsoort wat onbekend was aan die Joodse immigrante en wat hulle kinders hier geleer het.

Die eerste geslag kinders van die Joodse immigrante wat in Suid-Afrika en veral op die platteland gebore is, het vanselfsprekend 'n baie beter kans gehad om in te skakel by die Afrikaanse gemeenskap. Hulle was meer blootgestel aan die Afrikaanse invloed, omdat hulle vanaf 'n vroeër ouderdom en dikwels in 'n groter mate betrokke was by die Afrikaanssprekende nie-Joodse gemeenskap, veral deur middel van skoolaktiwiteite.

Op die gebied van geloof en geloofstradisies is die verskille tussen die Jode en hul nie-Joodse bure sekerlik die duidelikste waarneembaar. Tog is daar selfs op hierdie gebied getuienis van wedersydse beïnvloeding of wedersydse betrekking by mekaar se aktiwiteite gevind.

Wat taal en woordkuns betref het sommige Joodse individue as skrywers baie waardevolle bydraes tot die Afrikaanse taal en letterkunde gelewer. Behalwe bogenoemde het die Jode ook dikwels as onderwerp of temamateriaal vir Afrikaanse nie-Joodse skrywers, storievertellers of grapmakers gedien.

In terme van stoflike kultuuruitinge is dit nie so maklik om die Jode se bydrae uit te sonder nie. Waarskynlik is dit juis vanweë die groot mate van inskakeling by die nie-Joodse gemeenskap dat dit die geval is. Hulle het dieselfde tipe vervoermiddels gehad, in dieselfde tipe huise gewoon en dieselfde soort klere gedra. Die heersende modes van 'n gegewe tyd is deur die Jode sowel as die Afrikaanssprekende nie-Jode nagevolg.

### **7.3 Wedersydse beïnvloeding**

Die Jode het dus op verskillende wyses en terreine by die Afrikaanssprekende gemeenskap op die platteland ingeskakel. Albei groepe is deur die teenwoordigheid van die ander groep en die wisselwerking of interaksie wat daar tussen hulle plaasgevind het, beïnvloed. Albei groepe het steeds hulle eie identiteit behou en daar was weinig sprake van samesmelting.

Op kulturele gebied is die Jode sowel as die Afrikaanssprekende nie-Jode definitief verryk deur die interaksie wat daar plaasgevind het. Die grootskaalse verstedeliking van die Jode rondom ongeveer die middel van die 20ste eeu, het 'n einde gebring aan 'n besondere tydperk in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse platteland. Die verhouding tussen die Jode en die Afrikaanssprekende plattelanders, asook die besondere karakter wat die Jode aan die plattelandse dorpie verleen het, was grootliks verby. Vandag is daar slegs 'n paar Joodse gesinne op die platteland oor.

## BRONNELYS

## AFKORTINGS

DAKDS	Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis Dokumentesentrum: Universiteit van Stellenbosch
JSGDS	JS Gericke-biblioteek Dokumentesentrum: Universiteit van Stellenbosch
SABW	Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek
WAT	Woordeboek van die Afrikaanse Taal

## LITERATUUR

Abrahams, I	1955	Cape Jewry before 1870 (In G Saron en L Hotz: <i>The Jews in South Africa – A history</i> , Oxford University Press: Kaapstad).
Abramowitz, L	1981	Skryf dit op die deurposte... ( <i>Buurman</i> , 12(1), September-November).
Aher, HA	1975	Die heilige maand Tisjrei ( <i>Buurman</i> , 5(4), September-November).
Anoniem	1964	Sewe uur by die Ginsbergs ( <i>Die Landbouweekblad</i> , 18/8/1964).
Anoniem	1982	Joodse Nuwejaarskos ( <i>Buurman</i> , 13(1), September-November).
Anoniem	1984	Die Joodse huwelikeremonie ( <i>Buurman</i> , 14(4), Junie-

Augustus).

- |              |      |   |
|--------------|------|---|
| Aschman, G   | 1955 | Oudtshoorn in the early days (In G Saron en L Hotz: <i>The Jews in South Africa – A history</i> , Oxford University Press: Kaapstad). |
| Aschman, G   | 1969 | A childhood in Oudtshoorn ( <i>Jewish Affairs</i> , 24(5), Mei).  |
| Babrow, L    | 1984 | Joodse spelers in die WP se rugbyspanne ( <i>Buurman</i> , 14(2), Desember – Februarie).  |
| Berger, N    | 1976 | <i>Jewish trails through South Africa</i> , Kayor: Johannesburg.  |
| Bernstein, E | 1957 | The warm-hearted Jews of the platteland ( <i>Jewish Affairs</i> 12(7), Julie).  |
| Blignault, A | 1979 | <i>Pasop vir Jantatarat</i> , Tafelberg: Kaapstad.  |
| Blignault, A | 1992 | Onvergeetlike karakters ( <i>Die Kultuurhistorikus</i> , 7(2), Oktober).  |
| Bradlow, FR  | 1970 | Profile of a community: Cape Town Jewry ( <i>Jewish Affairs</i> 25(9), September).  |
| Bradlow, E   | 1995 | Tikvath Israel ( <i>VUKU SA</i> , 1(1), November).  |
| Brauer, J    | 1980 | Hulle het die ou Vrystaatse Republiek gedien ( <i>Buurman</i> , 10(4), Junie – Augustus).   |
| Brooks, H    | 1980 | Die Sjofar ( <i>Buurman</i> , 11(1), September-November).   |
| Burden, M    | 1996 | <i>Yzerfontein – Weskuswonder</i> , Yzerfontein Belasting-  |

betalersvereniging: Yzerfontein.

- Burger, J            1960    The Jew as portrayed in Afrikaans (*Jewish Affairs*, 15(8), Augustus).
- Cilliers, C           1995    *Reënboogmense Reënboogland*, Lux Verbi: Kaapstad.
- Coetzee, A           1948    Byname van plekke en hul bewoners (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, jg. 4, Mei).
- Coetzee, A           1953    *Die Afrikaanse Volkskultuur*, AA Balkema: Kaapstad.
- Coetzee, A           1959    Die slim Jood (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, xv(4), Oktober).
- Coetzee, A           1960    Bydrae van die Joodse gemeenskap tot die Afrikanervolk (*Jewish Affairs*, 15(5), Mei).
- Coetzee, A           1961    *Woeling en wording*, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie: Johannesburg.
- Coetzee, A           1994    Naamgewing (in PW Grobbelaar (red.) *Abel Coetzee en sy rubriek: Waar die volk skep*, Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Stellenbosch).
- Coetzee, AJ          1975    'n Haggada in Afrikaans (*Buurman*, 4(2), Maart-Mei).
- Cooper, LL           1952    Jewish sports clubs (*Jewish Affairs*, 7(11), November).
- Cronje, G            1974    Die sosiale ordening van die Afrikaner (in PW Grobbelaar (red.): *Mens en land*, Tafelberg: Kaapstad).
- Cussons, S           1980    *Die somerjood*, Tafelberg: Kaapstad.

- De Kiewiet, CW      1937      *The imperial factor in South Africa*, Cambridge University Press: Cambridge.
- De Lange, N      1997      *The illustrated history of the Jewish people*, Harcourt Brace: New York.
- De Roubaix, E      1928      *Boesmanlandse sketse en verhale*, Van Schaik: Pretoria.
- Diamond, D      1971      Wat is jy – Jood of Suid-Afrikaner? (*Buurman*, 1(3), Maart).
- Dicovsky, I      1971      “Meester Rabie” was ‘n Jood, ‘n baanbreker en eienaar van ‘n kerk! (*Buurman*,1(4), Junie).
- Die Bybel (Nuwe 1994      Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Goodwood.  
Vertaling)
- Du Plessis, E      1984      Die Jode-smouse van weleer (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 40(1), Januarie).
- Du Plessis, EJ      1973      *’n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername*, Tafelberg: Kaapstad.
- Einfuss, J      1978a      Old buildings (*Jewish Affairs*, 33(1), Januarie).
- Einfuss, J      1978b      Boerejood (*Jewish Affairs*, 33(5), Mei).
- Einfuss, J      1981      Die Jode van die Klein Karoo (*Buurman*,11 (3), Maart-Mei).
- Eksteen, L      1969      *Verse van ‘n landloper*, Voortrekkerpers: Johannesburg.

- Engelbrecht, B      1971      Jood, Christen en die Ou Testament (*Buurman*, 1(3), Maart).
- Ferreira, N      1982      Oudtshoorn se Museum-Sinagoge (*Buurman*, 13(2), Desember-Februarie).
- Fleisher, T      1994      An early Jewish vision of South Africa (*Jewish Affairs*, 49(2), Winter).
- Foxcroft, E      1981      The devided Jewish loyalties to the South African War (*Jewish Affairs*, 36 (9), September).
- Friedman, N      1977      Die Jood in die weermag en die invloed van sy godsdiens daarop (*Buurman*, 8(2), Desember-Februarie).
- Friedman-Spitz, C      1977      A Jewish wedding 70 years ago (*Jewish Affairs*, 32(11), November).
- Gershater, C      1955      From Lithuania to South Africa (in G Saron en L Hotz: *The Jews in South Africa – A history*, Oxford University Press).
- Ginsberg, C      1985      Die Joodse gemeenskap van King William's Town (*Buurman*, 15(2), Desember – Februarie).
- Goldberg, A      1975      Die Torah in die Joodse Lewe (*Buurman*, 5(5), Desember-Februarie).
- Goldberg, A      1980      Die kroniek van twee families (*Buurman*, 10(3), Maart – Mei).
- Goudvis, B      1956      Some early reminiscences of South African Jewish life

(*Jewish Affairs*, 11(4), April).

- Grobbelaar, PW 1969 *Trippe trappe trone: Die groot Afrikaanse Volksrympieboek*, Tafelberg: Kaapstad.
- Grobbelaar, PW 1973 *Varkies in die bone: Die groot Afrikaanse Volksrympieboek*, Tafelberg: Kaapstad.
- Grobbelaar, PW 1974 *Mens en land*, Tafelberg: Kaapstad.  
(red.)
- Grobbelaar, PW 1975 *Families familiename en familiewapens*, Tafelberg: Kaapstad.  
(red.)
- Grobbelaar, PW 1977 *Volksgeloof* (in PW Grobbelaar (red.): *Boerewysheid*, Tafelberg: Kaapstad).
- Grobbelaar, PW 1981 *Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans* (Ongepubiseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- Grobbelaar, PW 1994 *Abel Coetzee en sy rubriek: Waar die volk skep*, Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Stellenbosch.  
(red.)
- Grobbelaar, PW 1997 *Die rooi lappieskombers*, Human & Rousseau: Kaapstad.
- Grosskopf, HJ 1971 *Afrikaans-Jewish relationship* (*Jewish Affairs*, 26(5), Mei).
- Helfet, A 1977 *Van "Uitlanders" tot Calvinia se Boerejode* (*Buurman*, 7(3), Maart – Mei).



- Herrman, L                    1952      Jews and the Dutch East India Company (*Jewish Affairs*, 7(3), Maart).
- Herrman, L                    1955      Cape Jewry before 1870 (in G Saron en L Hotz: *The Jews in South Africa – A history*, Oxford University Press: Kaapstad).
- Herrman, L                    1970      The sea route to India (*Jewish Affairs*, 25(9), September).
- Hotz, L                         1970      So het ek “Stoffel” Malherbe geken (*Buurman*, 1(1), September).
- Hudson, CW en  
H van der Merwe            1977      Hofmaak, verlowing en huwelik (in PW Grobbelaar (red.): *Boerewysheid*, Tafelberg: Kaapstad).
- Hugo, D                        1993      *Storie-konsertina*, Klipbok-uitgewery: Kaapstad.
- Hugo, D                        1994      *Nou spreek ek weer bekendes aan*, Human & Rousseau: Kaapstad.
- Johnson, P                    1987      *A history of the Jews*, Orion: Londen.
- Joubert, F (vers.)            1995      *'n Sport vir manne*, Human & Rousseau: Kaapstad.
- Kannemeyer, JC              1975      *Letterkunde en beweging voor 1900*, Academica: Pretoria.
- Kannemeyer, JC              1995      *Langenhoven: 'n Lewe*, Tafelberg: Kaapstad.
- Kaplan, M                     1973      Joe Jowell van Namakwaland (*Buurman*, 3(4), Junie).
- Kaplan, M                     1976      Joodse baanbrekers en die vroeë ekonomiese

ontwikkeling van Suid-Afrika (*Buurman*, 7(1), September).

- Kaplan, M                    1986     *Jewish roots in the South African economy*, Struik: Kaapstad.
- Kapp, PH                    1985     *Geskiedenis van die Westerse beskawing*, deel 1, HAUM: Pretoria.
- Katz, M                      1982     Studie is 'n móét vir die Jood (*Buurman*, 12(4), Junie – Augustus).
- Kolatch, AJ                1981     *The Jewish book of why*, Jonathan David Publishers: New York.
- Kriel, IJ                    1975     Hoe leer ons hulle Afrikaans? (*Buurman*, 5(3), Junie).
- Kruger, J                    1967     Afrikaners and Jews (*Jewish Affairs*, 22(6), Junie).
- Kruger, J                    1970     As dit goed gaan, is hy op sy swakste (*Buurman*, 1(1), September).
- Langenhoven, CJ         1972     Skaduwees van Nasaret (in *Versamelde werke*, deel 1, Tafelberg: Kaapstad).
- Langenhoven, CJ         1972     Sonde met die bure (in *Versamelde werke*, deel 2, Tafelberg: Kaapstad).
- Leroux, E                    1962     *Sewe dae by die Silbersteins*, Human & Rousseau: Kaapstad.
- Leroux, E                    1982     *Onse Hymie*, Human & Rousseau: Kaapstad.

- Levine, A                    1969        What I owe as a Jew to Vryheid (*Jewish Affairs*, 24(9),  
September).
- Levine, IH                   1959        The “Joden Tempel” at Paarl (*Jewish Affairs*, 14(7),  
Julie).
- Levinson, O                1979        Die Jode van Suidwes-Afrika (*Buurman*, 10(1),  
September – Desember).
- Lückhoff, JR              1932        *Oor die mentaliteit van die Vleiboer* (Ongepubliseerde  
MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Magnus, L                 1958        *Outlines of Jewish history*, Valentine & Mitchell:  
Londen.
- Mann, R                    1981        Memories of Laingsburg (*Jewish Affairs*, 36(2),  
Februarie).
- McCormick, K             1993        Yiddish in District Six (*Jewish Affairs*, 48(3), Lente).
- Medallie, N                1963        Die gebruik van Afrikaans in die Joodse huisgesin  
(*Jewish Affairs*, 18(2), Februarie).
- Mendelow, A              1971        Die sielkunde van Joodse humor (*Buurman*, 1(4),  
Junie).
- Mendelsohn, R            1991        *Sammy Marks*, David Philip: Kaapstad.
- Mocke, IS                 1951        Histories-kulturele bande tussen Jood en Afrikaner  
(*Jewish Affairs*, 6(6), Junie).
- Morris, B                 1977        Gannoeka – Fees van die ligte (*Buurman*, 8(2),  
Desember-Februarie).

- Müller, P 1995 *In die omtes van die hart*, Tafelberg: Kaapstad.
- Nel, PG (red.) 1979 *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* HAUM: Pretoria.
- Newman, A 1962 The Talmud from A to Z (*Jewish Affairs*, 17 (4), April).
- Newman, J 1952 A Rabbi's impressions of Platteland Jewry (*Jewish Affairs*, 7(1), Januarie).
- Newman, J g.d. *With ink in the book – A collection of stories and sketches of Jewish life in rural centres in South Africa*, Rubin: Kaapstad.
- Nienaber, GS 1975 Afrikaanse familiename (in PW Grobbelaar (red.): *Families familiename en familiewapens*, Tafelberg: Kaapstad).
- Nienaber, PJ 1971 *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek*, deel 1, Tafelberg: Kaapstad.
- Nortje, PH 1970 *Nuut onder die son*, Tafelberg: Kaapstad.
- Nortje, PH 1971 *Aan die sonkant*, Tafelberg: Kaapstad.
- Nortje, PH 1973 *Matewis se mense*, Tafelberg: Kaapstad.
- Nortje, PH 1989 *Korsies van growwebrood*, Tafelberg: Kaapstad.
- Odendal, FF e.a. 1965 *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, Perskor: Johannesburg.
- Palmer, AW 1962 *A dictionary of modern history 1789 – 1945*, Penguin:

Londen.

- Pheiffer, R                    1970      Cohen en Van der Merwe word dalk vennote – rol van die Jood in Afrikaanse letterkunde (*Buurman*, 1(1), September).
- Pienaar, M                    1988      *Afrikaanse byname met spesifieke verwysing na die Suidwes-Kaap* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Pienaar, PdV                 1968      *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad.
- Pinshaw, I                    1974      Die setlaar-Jode het veel tot stand gebring (*Buurman*, 5(1), September).
- Pinshaw, I                    1975      Afrikaner-Jode of Joodse Afrikaners? – oor die Jode se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde (*Buurman*, 5(3), Junie).
- Potgieter, FJ                 1974      *Mens en land*, Tafelberg: Kaapstad.
- Preller, GS (red.)            1918      *Voortrekkermense*, De Nasionale Pers: Kaapstad.
- Press, S                        1981      Die Paarlse Zederbergers (*Buurman*, 11(4), Junie – Augustus).
- Press, C                        1993      *The Light of Israel*, Jubilee: Paarl.
- Rabinowitz, LI                1953      What the Jews believe (*Jewish Affairs*, 8(2), Februarie).
- Raper, PE                     1987      *Dictionary of Southern African place names*, Lowry Publishers: Johannesburg.

- Rappaport, S            1984      Die handhawing van die Joodse volksidentiteit buite Israel (*Buurman*, 14(4), Junie – Augustus).
- Rosenthal, E            1972      Joodse helde van 1899-1902: Was dit 'n oorlog tussen broers? (*Buurman*, 2(3), Maart).
- Rowe, D                 1968      There were Jews among the 1820 Settlers (*Jewish Affairs*, 23(7), Julie).
- Sachs, J                 1952      Holland's Jews in the days of Van Riebeeck (*Jewish Affairs*, 7(3), Maart).
- Saron, G                 1970      Die Joodse storie: nuwe benadering is nodig (*Buurman*, 1(1), September).
- Saron, G                 1976      From immigrants to South Africans (*Jewish Affairs*, 36(11), November).
- Saron, G                 1979      Van immigrante tot Suid-Afrikaners (*Buurman*, 10(2), Desember – Februarie).
- Saron, G en L            1955      *The Jews in South Africa – A history*, Oxford University Press: Kaapstad.  
Hotz (reds.)
- Schapera, A             1981      The Jews of Namaqualand (*Jewish Affairs*, 36(1), Januarie).
- Schlein, M              1983a     *Rosh Hashanah and Yom Kippur*, Behrman House: New Jersey.
- Schlein, M              1983b     *Purim*, Behrman House: New Jersey.

- Schlein, M            1983c    *Shabbat*, Behrman House: New Jersey.
- Schlein, M            1983d    *Hanukkah*, Behrman House: New Jersey.
- Schlein, M            1983e    *Shavuot*, Behrman House: New Jersey.
- Scholtz, AHM        1995     *Vatmaar*, Kwela Boeke: Kaapstad.
- Schumann, CGW     1940     *Die ekonomiese posisie van die Afrikaner* (Tweede Trek Reeks no vi), Nasionale Pers: Bloemfontein.
- Serfontein, D        1971     My goeie Jood (*Buurman*, 2(1), September).
- Shandling, A        1982     Karroo Memories (*Jewish Affairs*, 37(1), Januarie).
- Slotow, M            1982a    Africana – Judaïca 1 (*Buurman*, 13(1), September – November).
- Slotow, M            1982b    Africana-Judaïca 2 (*Buurman*, 13(2), Desember-Februarie).
- Sorgdraer, A        1972     Ons buurvrou, tant Saar (*Buurman*, 2(4), Junie).
- Spies, J              1984     *Poort deur die koue* (*Vertellings* 2), Tafelberg: Kaapstad.
- Spies, L              1987     *Van sjofar tot sjalom*, Human & Rousseau: Kaapstad.
- Steinberg, M        1975     Die wese van Judaïsme (*Buurman*, 5(2), Maart-Mei).
- Suid-Afrikaanse Bio-* 1968     Deel I, Pretoria.  
*grafiese Woordeboek*

- Tannenbaum, E      1951      Jewish Characters in Afrikaans fiction (*Jewish Affairs*, 6(5), Mei).
- Terreblanche, S      1983      Interaksie tussen die Afrikaner- en Joodse gemeenskappe (*Buurman*, 13(4), Junie – Augustus).
- Van der Merwe, H      1977      Volkswetenskap (in PW Grobbelaar (red.): *Boerewysheid*, Tafelberg: Kaapstad).
- Van Heerden, M      1989      Die stand van die Afrikanerkultuur (*Die Kultuurhistorikus*, 4(1), Junie).
- Van Jaarsveld, FA      1970      Is een geskiedenis vir SA moontlik? (*Buurman*, 1(1), September).
- Van Niekerk, AAJ      1974      *Bittergousblom*, Tafelberg: Kaapstad.
- Van Niekerk, AAJ      1993      Danksy die vlieë (in D Hugo: *Storie-konsertina*, Klipbok-uitgewery: Kaapstad).
- Van Rensburg, FIJ      1980      Die Jood as digterlike simbool (*Buurman*, 11(1), September – November).
- Van Waart, S      1990      *Paleise van die pluime*, JP van der Walt: Pretoria.
- Van Waart, S      1997      Die invloed van die Jode op die Klein Karoo, 1880-1913 (*Die Kultuurhistorikus*, 12(2), November).
- Van Wyk, AC      1999      Jode se belewenis van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902 (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 13(2), November).



- Von Rauch, G            1970    *The Baltic States*, Hurst: Londen.
- Wilcocks, RW            1968    Bestendigheid en verandering in die lewenshouding van die Afrikaner (in P de V Pienaar (red.): *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad).
- Woordeboek van die Afrikaanse taal*    1956    Deel II, Pretoria.
- Yellin, S                1985    Die pad van Clocolan na Jerusalem (*Buurman*, 15(3), Maart – Mei).
- Ziskind                 1980    Sinagoge-argitektuur in Suid-Afrika (*Buurman*, 10(3), Maart-Mei).

#### TYDSKRIFTE

<i>Buurman</i>	1970-1986
<i>Die Huisgenoot</i>	1918-1935
<i>Die Kulturhistorikus</i>	1989, 1992, 1997
<i>Die Landbouweekblad</i>	1964
<i>Jewish Affairs</i>	1952-1994
<i>Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis</i>	1999
<i>Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal</i>	1948, 1959

#### ARGIVALE BRONNE:

**Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis Dokumentesentrum: Universiteit van Stellenbosch**

***Klankassette***

DAKDS CER A9: Bester, S  
 DAKDS CALV A2: Boltman, JC  
 DAKDS CALV D1: Brynard, J  
 DAKDS CALV A3: Coetzee, WA  
 DAKDS CER A3: Conradie, DB  
 DAKDS CER B9: Du Plessis, PdT  
 DAKDS TUL C3: Langenhoven, CJM  
 DAKDS CER C3: Marais, JJ  
 DAKDS CER A 11: Pienaar, A  
 DAKDS CER A10: Swart, HB  
 DAKDS TUL B1: Theron, DS  
 DAKDS CALV A1: Visagie, SWT

***Werkstukke***

DAKDS CALV VI	1986
DAKDS PAR II	1979
DAKDS POR V	g.d.
DAKDS RIV i	g.d.
DAKDS STE i	1979
DAKDS STEL XXXVIII	1991
DAKDS SPR III	1984
DAKDS VIC IV	1978

**JS Gericke-biblioteek Dokumentesentrum: Universiteit van Stellenbosch**

VER PAM 17 Pamflet van die Vereniging van Jode en Christene

**INFORMANTE**

Ackermann, A (mev) 1997 Malika 1

		Seepunt 8001 Huisvrou Geb: 31/12/1912
Adonis, C (mev)	1997	Rivierstraat Moorreesburg 7310 Geb: 12/09/1926
Belgrove, AS (mnr)	1997	P/a AS Belgrove Algemene Handelaar Lambertsbaai 8130 Winkelier Geb: 02/09/1917
Carstens, JP (mnr)	1997	Hoopvolstraat Moorreesburg 7310 Afgetrede boer Geb: 12/01/1927
Cillié, GG (prof)	1997	Minseriestraat 4 Stellenbosch 7600 Akademikus Geb: 13/07/1910
De Greeff, SPJ (mnr)	1997	Chrismarwoonstelle 12 Moorreesburg 7310 Afgetrede begrafnisondernemer Geb: 19/05/1930
De Villiers, I (mev)	1997	Trustbank-woonstelle no. 1 Langstraat Moorreesburg

		7310
		Afgetrede boervrou
		Geb: 03/02/1924
Du Toit, FD (dr)	1997	Dorpsigstraat
		Bredasdorp
		7280
		Mediese dokter
		Geb: 27/11/1925 (oorlede)
Du Toit, S (mev)	1997	Suideroord
		Bredasdorp
		7280
		Pensionaris
		Geb: 02/11/1916
Engelbrecht, AM (mev)	1997	Kerkstraat 60
		Lambertsbaai
		8130
		Afgetrede boervrou
		Geb: 08/07/1932
Engelbrecht, SA (mnr)	1997	Kerkstraat 60
		Lambertsbaai
		8130
		Afgetrede Boer
		Geb: 24/09/1931
Giliomee, WB (mnr)	1997	Firlane
		Bredasdorp
		7280
		Afgetrede sakeman
		Geb:
Hanekom, JHN (mnr)	1997	Moorreesstraat 29
		Moorreesburg
		7310
		Afgetrede Sakeman
		Geb: 30/12/1908

Hanekom, ME (mev)	1997	Tuinstraat 6 Moorreesburg 7310 Huisvrou Geb: 20/02/1943
Hurwitz, EL (mnr)	1998	Orchardheights 26, Nuweland 7700 Sakeman Geb: 30/11/1940
Katz, I (mnr)	1997 1998 1999	P/a Samoa Hotel Moorreesburg 7310 Sakeman/Hotelier Geb: 13/02/1952
Lategan, AM (me)	1997 1998	East Lynne 15 Die Laan Stellenbosch 7600 Afgetrede klerk Geb: 15/07/1921
Lazarus, E (me)	1997	Suideroord Bredasdorp 7280 Afgetrede sakevrou Geb: 19/09/1910
Lazarus, G (me)	1997	Suideroord Bredasdorp 7280 Afgetrede sakevrou Geb: 12/08/1912 (oorlede)
Leith, A (mev)	1997	P/a Samoa Hotel Moorreesburg 7310

		Geb: 26/10/1928
Pauw, AdW (mev)	1997	Weseindestraat Moorreesburg 7310 Afgetrede onderwyseres
		Geb: 12/09/1934
Slabbert, R (mev)	1997	Disa Place
	1998	Oranjestraat Tamboerskloof 8001 Afgetrede Winkelier
		Geb: 19/03/1913
Van Zyl, EMJ (mev)	1997	East Lynne 21
	1998	Die Laan Stellenbosch 7600 Afgetree
		Geb: 09/04/1928
Visser, CJ (mnr)	1997	Rivierstraat Moorreesburg 7310 Afgetrede Winkelier
		Geb: 10/10/1921
Weil, AC (mev)	1996	Tuinstraat 39
	1997	Moorreesburg
	1998	7310
	1999	Sakevrou
		Geb:09/01/1948
Weil, D (mnr)	1996	Tuinstraat 39
	1997	Moorreesburg
	1998	7310
	1999	Slagter
		Geb: 30/09/1946

Zetler, S (mnr)	1997	Mooiberge Stellenbosch 7600 Boer Geb: 1910
Zieff, C (mnr)	1997	P/a The Friendly Groser Bredasdorp 7280 Sakeman Geb: 21/08/1966

## Bylaag 1:

### Danksy die vlieë – AAJ van Niekerk (1993)

David Shapiro het as jong seun in 1918 saam met sy ouers uit Litaue gevlug. Die Bolsjewistiese Revolusie het met 'n onverbiddelike haat nie alleen teen die tsaar nie, maar ook teen alle Jode en Jodegenote losgebars. Hul handelsake en ondernemings is geplunder, en die meeste van die vlugtelingte het net met die klere aan hul lyf weggekomen met 'n paar persoonlike besittinkies wat hulle self kon dra of in 'n handkarretjie kon trek. In Pole en Duitsland, verpletter deur die Groot Oorlog, was daar nie sprake van 'n nuwe begin maak nie. Dus verder aan na die "nuwe lande": Amerika, Kanada, Australië en Suid-Afrika.

Wat David se ouers laat besluit het om na die Unie van Suid-Afrika te kom, sal 'n mens nie maklik kan vasstel nie. Familie het hulle nie hier gehad nie; om die waarheid te sê, het hulle as kleinhandelaars met weinig geleentheid tot skoolgeleerdheid in 'n land waar feitlik alles behalwe die tsaar se belange baie jare verwaarloos is, skaars geweet waar die land presies lê. Waar hulle skeepgegaan het, weet ek ook nie, maar dat hulle tog iewers die geld vir die oortog gevind het en in Kaapstad aan wal gekom het, dit was 'n feit.

Die drang tot voortbestaan en die wil om vooruit te kom en onafhanklik te wees, is seker by geen nasie so sterk soos juis by die Jode nie. Daarom dat die ou beskawings gekom en gegaan het, maar die Jode, die diaspora ten spyte, bly voortbestaan het. Dit was met die Shapiro-gesin nie anders gesteld nie. Hier te lande moes hulle met niks 'n begin maak, maar 'n begin het hulle gemaak.

Ou Israel Shapiro het iewers in die Boland met 'n sakkie begin en David moes van soggens vieruur tot saans donker inklim en sy uiterste doen om die gesin aan die lewe te help hou. Hy was al 'n hardebaardman, toe het hy nog geen salaris of soldy van sy pa ontvang nie. Die oubaas het net later, toe hy op die been begin kom het, self 'n paar pond elke maand vir sy seun op 'n spaarrekening by 'n bank inbetaal. Die boekie het David net



gesien, maar nooit self hanteer nie. Sy klere, dié wat hy nie afgeslyt van sy pa geërf het nie, het sy ma self vir hom gekoop, selfs die wit flanelbroek waarop hy aangedring het toe hy Sondagaande by die meisie van sy keuse gaan vlerksleep het.

Daar was al 'n kind of drie toe David uiteindelik toegelaat is om die familiesaak te verlaat en sy eie te begin. Teen daardie tyd was hy nog 'n volkome analfabeet. Hy moes elke dag die donkiewerk doen, en die boekhouding, bestellings, ensovoorts, het die oubaas op sy eie besondere manier behartig – met geradbraakte Afrikaans, Duits en Engels alles deurmekaar geklits, maar vir homself heel duidelik en verstaanbaar. Oor David se onkunde oor die skryfkuns, het sy pa hom nie bekommer nie. Sy seun sal wel weet hoe om die mas op te kom. As hy vir hom 'n eerlike boekhouer kan kry, is alles reg, want die spaarrekening het teen hierdie tyd genoeg gehad om hom in staat te stel om 'n eie begin te maak. So beland die skraal jong man met sy gesinnetjie op die dorpie Onderstedorings en huur 'n gebou langs die stalle van die dorp se melkerytjie, waar hy 'n algemene handelaarsaak begin. Hy het lank gesoek vir 'n eerlike boekhouer, en hy het 'n Afrikaner-kêrel, wat eintlik die plaaslike skoolraadsekretaris was en ook deelyds die skoolkoshuis se boeke gedoen het, gekry om teen 'n onnoembare geringe bedraggie en met die belofte van volkome geheimhouding van sy geldsake, vir hom dié werk te doen. Vir die res sou hy self sorg.

Met die merk van die eerste besending ware wat hy ontvang het, het ook die eerste probleem sy kop uitgesteek. Die groothandelaars was bedagsaam genoeg om vir die nuwe klant 'n goeie voorraad klein, harde, wit, vierkantige papierstrokies, 'n voorraad knoppiespelde en 'n pers potlood saam te stuur. Hy het sy boekhouer gevra om vir hom die “ienwoises” te bring en die koopprys van die verskillende artikels af te lees. Terwyl die boekhouer onder die swak lig van die enkele geel gloeilampie sonder skerm in die middel van die winkel by 'n tafeltjie gesit het, was David mompel-mompel by die kartondose met hul ware besig.

“Flênnel trousers,” sou David dan sê, “sieks.”

“Een pond vyf sjieling,” het die sekretaris geantwoord nadat hy deur die papiere gevroetel en die item afgemerk het.

Dan het die voornemende handelaar sy ses strokies wit papier op ‘n kartondoos voor hom uitgetel, die talle vet vlieë van die aangrensende melkery met die hand weggewaai, sy nuwe potlood agter sy oor uitgehaal, die puntjie behoorlik natgelek en begin konsentreer. “Jy sê een pond vyf sjieling. Mm, lat ek sien. Ja, so, so, so.” En met groot konsentrasie het hy pers dotjies op die papiertjies gemaak, kompleet so netjies soos ‘n punt aan die einde van ‘n sin.

En so het die gebeurtenis hom herhaal totdat eers sy vrou, opgelei in die werk deur die sekretaris, en later sy oudste seun, opgelei deur sy getroue Afrikaanse meester in die skool, kon help wanneer daar nuwe “stock” met die trein opdaag. ‘n Klein, ronde, pers kolletjie vir ‘n pond, so ook vir ‘n sjieling, want wat ‘n pond in daardie dae gekos het, het so grootliks verskil van wat net sjielings kos, dat die twee eenhede vir enige intelligente handelaar maar dieselfde simbool op ‘n pryskaartjie kon hê.

Later het David, nadat hy hom tog ‘n keer of wat met kleiner artikels misreken het, slim geword en op sy stelsel uitgebrei. Toe het hy ‘n kommatjie begin gebruik vir ‘n sikspens en ‘n kort strepie, amper soos ‘n koppelteken, vir ‘n tiekie. Die pennies was te maklik - daarvoor was daar geen teken nodig nie. ‘n Mens het sommerso na skatting en gedagte bygesit; net gesorg dat dit méér is en nie minder nie.

Toe kom die boekhouer een middag net voor sluitingstyd baie bekommerd daar aan. Hy het ‘n sekere rekening aan ‘n groothandelaar in negosie betaal en hier kom dieselfde rekening dan nou weer aan met ‘n aanmaningsbrief daarby aangeheg. As die rekening nie voor of teen dié en dié datum betaal word nie, sal geregtelike stappe gedoen word.

Daar is die aand beraadslag en geredeneer en arms geswaai. Die sekretaris het tot laatnag toe sit en beplan en skryf aan ‘n brief om vir die groothandelaars te beduie dat hulle ‘n fout gemaak het. David self het die nag nie ‘n oog toegemaak nie. Hierdie kant toe en

daardie kant toe het hy gerol terwyl sy gedagtes rondmaal. Tweehonderd pond is baie geld om te verloor. Hy sal 'n plan moet maak.

'n Week later kom die antwoord op die sekretaris se brief: 'n aanskrywing van die prokureur van die Kaapstadse firma. Betaal of hof toe.

David Shapiro het 'n tas vol boeke en bewysstukke by die boekhouer gaan haal en 'n retoerkaartjie Kaap toe by die stasie gaan koop. Toe het hy sy oudste seun geroep – deur sy skoolmaats en later ook deur sy huisgenote sommer Seppie genoem – en het hom behoorlik les gegee in sy punt-kommatjie-strepie-stelsel. Soveel en soveel kan hy afslaan, maar nie meer nie, en hoe minder hoe beter. Begin maar om die ding nog 'n ietsie hoër in te sit as die getal kolletjies. Hy moet onthou daar is nog ryloon om te betaal en hulle moet tog lewe ook. Waarvoor hou hy dan die winkel aan as hy nie sy profyt kan maak nie? Oupa het tog altyd gesê “charity” is 'n goeie ding, maar hy begin by jou eie huis. Seppie moet maar 'n dag of twee uit die skool bly en die winkel oop hou. Sy ma kon dit nou doen, maar een van die dae verwag sy 'n boetie of 'n sussie vir hom en sy sal nooit die lange dag agter die toonbank kan staan nie. Honderd en tien opdragte en vermanings om tog nie te laat slap lê nie, het die afskeid op die stasie voorafgegaan.

Die volgende oggend nog voor agtuur het die dubbele winkeldeure wawyd oop gestaan. Boere-klante het gekom en gegaan en hulle verwonder aan die seuntjie se behendigheid om hulle “af te help”. Ander mense het gekom om die een of ander kontant te koop, en as een belangstellend vra of mister Shapiro dan vandag siek is, het Seppie geantwoord: “Pa is Kaap toe; biesnies...groot biesnies.”

Volle twee dae lank hou klein Seppie die fort met klandisie wat kom en gaan. Sy naaspinkie is later seer soos hy die “till” se klawers druk en geld bêre.

Kort na toemaaktyd die tweede dag daag David met sy koffer in die hand daar op. Hy groet en glimlag van oor tot oor. Die fout was by die groothandelaar se boekhouer, wat 'n kans met hom wou waag. Hy het hulle alles uit sy boeke bewys, wat hy voor hulle

oopgegooi het. En toe hulle erken, toe het hy oorgeneem, sy reisgeld teruggekry, geld vir die boekhouer se oortydwerk aan hulle “nonsies”, geld vir die moontlike verliese wat hy kon ly as gevolg van sy afwesigheid van sy winkel, en les bes, in die toekoms vyf present “discount” op al sy verdere aankope...

En buitendien, dit was “’n outing, holiday, sports en so aan...” En hier het hy ‘n gebreide pakkie vir die kleinding wat aan’t kom is, ‘n hangertjie vir Ma, ‘n blou pet vir Seppie, en lekkers, van die soort wat te duur is om in sy winkel aan te hou, vir die ander kleingood. Na die aanvanklike opgewonde vertellery en ‘n koppie tee, is David en Seppie na die voorste gedeelte van die gebou, waar die winkel gehuisves is. Die geel liggie word aangeskakel en die seun moet onder streng oë in die ou vertroude omgewing verslag doen van alles wat die afgelope twee dae gebeur het.

David begin later instemmend knik. Alles wat hy hoor, is goeie nuus. En toe onthou Seppie iets wat hy nog nie vertel het nie.

“Daddy, darie blue suit wat al so lank daar bo-op die rak sonder ‘n boks lê, ek het hom ook verkoop.”

“Waarvôr? Waar’s sy papiertjie? Jy weet mos hy kos vier pond en jy kon nie meer as een afslaan nie.”

“Hier, Daddy.” Seppie neem die papierjie waar dit langs die geldlaai lê. En oorhandig dit aan sy pa.

“Vôr hoeveel?” vra David onrustig terwyl hy daarmee nader onder die lig beweeg.

“Ag pond,” antwoord Seppie pront.

David draai sy kop skeef terwyl hy stip na die stowwerige klein wit papiertjie kyk. Hy sit ‘n klein, ovaalvormige goueraam-brillettjie op.

“Vôr hoeveel, sê jy?” vra hy weer.

“Ag pond,” kom die antwoord weer.

Hy tel weer oor. Toe verhelder sy gesig en met ‘n gelukkige glimlag sê hy aan sy seun: “Thanks for die flies” (Van Niekerk 1993:46-50).

**Bylaag 2:**  
**Ditto –AAJ van Niekerk (1993)**

Oom Niklaas en tant Lenie het redelik gelukkig saamgelewe. Redelik, sê ek, want daar was tog dingetjies waarvan oom Niklaas nie gehou het nie. Soos wanneer die oom honderd vetsterthamels wil verkoop en die tante hou aan dis nie nou die tyd om so baie te verkoop nie, want die prys is te laag. En dan word die prys skielik laer en oom Niklaas wens dat hy maar nie na sy vrou geluister het nie en liever tweehonderd verkoop het. En omdat hulle al meer as ‘n kwarteeu lank man en vrou was, moet ‘n mens nou darem bysê dat daar ook dingetjies was wat gemaak het dat tant Lenie net redelik gelukkig was. Oom Niklaas was na haar sin te saf, te goedertrou, nie harde man-van-die-daad nie. En dit was teen haar sin. Elke keer dat sy hom gewaarsku het hy sal “geverneuk” raak, is hy “geverneuk”.

Dorp-toe-ry-dae het oom Niklaas al voordag ingespan en met sy twee veldperde en perdekar op die dertig kilometer lange tweespoorpad vertrek. As jy op hierdie dae nie vroeg roer nie, het jy skaars tyd om iets op die dorp te doen, en jy wil darem nog sonstaan op die plaas aankom om na jou boerdery om te sien.

So vertrek die oom dan ook een oggend van Struisplaas af net toe die dagster tweevinger bokant die vaal rant in die ooste sit en hy darem twee koppies koffie en ‘n stukkie beskuit weggesit het. Meer as tien keer het hy van tant Lenie gehoor dat hy hom nie “van die handelaar moet laat verneuk nie” en dat hy self moet bystaan wanneer die goed afgeweë word. Die lysie is in sy binnesak.

“Maak tog seker dat jy dit het. Nee, moenie net voel nie, haal dit uit lat ek dit sien, en as jy dit insteek, maak seker jy het nie die sak misgesteek nie. En sorg dat jy nie ingeloop word met die velle en botter en eiers nie. Sannie hier anderkant het nou die dag twee sjielings die dosyn vir haar eiers gekry, maar ons wat nie praat of kla nie, kry nooit meer as ‘n daler nie”.

“Wag tog, Vrou, ek sal...” het oom Niklaas geprotesteer.

“Ja, maar jy weet hoe dit altyd met jou gaan. Ek stel jou maar op jou hoede,” gooi tant Lenie die laaste woorde in.

Ná ‘n wangsoentjie is die oom in sy dorpspak en –hoed by die agterdeur uit, want hy weet Koopman staan al en ongeduldig raak voor die perde.

Op die lang pad het hy en Koopman min gepraat, maar die een keer dat hulle ‘n gesprekkie gevoer het, was dit interessant en aangenaam.

“Koopman,” het oom Niklaas gesê-vra, “jy hou van dorp toe gaan.”

“Nie min nie,” het Koopman stilweg geantwoord en ingedagte sy oë doer ver op ‘n swartbult laat rus, waar die pad weer dofweg in die dynserigheid ‘n vaalstrepie gewys het. En toe sê hy ná ‘n tydjie onverwags: “As ‘n mens nou net iets meer gehad het om daar te verkwansel. Ek sal ‘n handelaar so ondersit dat hy enige tyd die slegste daarvan sal afkom.”

“Nou waarmee wil jy nou met ‘n handelaar so danig kwansel?” vra die oom.

“Enige ding,” antwoord Koopman vol selfvertroue, “van hoendereiers af tot by kougoed. Ek het juis ‘n xtaim (bondel) kougoed hier agter op die kar vasgemaak, en hy sal my harde sillergjeld betaal of dit kom net so t’rug huis toe en ek gebruik dit self.”

“Jy sal geverneuk raak, man: en jy moet liever ophou om my goeie skaapkos te pluk, te sweet en vir kougoed te verkoop. Die ding smaak tog na niks.”

‘n Rukkie stilte.

“Maar hy maak lekker,” kom dit sag en droogweg van die hekoopmaker en perdeversorger.

Op die dorp aangekom, is die twee reguit na die uitspanning onder die peperbome reg voor die oog. Toe die perde versorg is, was oom Niklaas nog besig om sy handelsgoedjies met een draggie onder die arms en in die hande te probeer kry, toe Koopman met sy halwe streepsakkie kougoed daar weg is.

Toe kry die oom ook koers na Suburski se winkel oorkant die straat.

Die ontvangs was vriendelik en hartlik soos altyd.

“Moge, moge, miesteg Stgauss, mag eik hat vig jou ‘n láááng tyd nie gesien. Welkom, welkom! En hoe gaan dit?”

Voor oom Niklaas kon sê hoe dit gaan en van die droogte kon vertel, het Suburski die emmertjie eiers – sorgvuldig elkeen apart toegedraai in koerantpapier – uit sy hande geneem en op sy dik beentjies vooruit gewaggel om dit op die toonbank te gaan sit, en die volgende oomblik was hy by die skaal voor die sydeur.

“Skud mag die ogige sout goed af en da’ goi miesteg Stgauss die hieg op die skaal. Dis dgoog en die goed se velle wys dit en nou’s die magk vig velle ook so baie sleg. Og, ek moet eentlik die goed nie meeg neem; ek vegloog net da’gop. Mak dit mag vieg en ‘n sikspens vig hiegie twee skaapvelle en vig die bokvel sal ek djie sjielings gee...og, al vegloog ek ook da’gop. Met die dgoogte kan ‘n mens nie net vig jouself lewe nie, né, miesteg Stgauss. Ek sê mos altyd: lewe en laat lewe. Dies my wagwoord; of hoe sê hulle boege!”

Van die velle af is Suburski agter die toonbank in en tel die ponde botter af. “Sê tog vig die miesies... goeie, liewe vgaauw...sy moet die botter nou so twee keeg oog uitwas. Hieg was van my kastommegs wat gekla het die oumiesies se botteg gaak bietjie gou galstgig. Nou ja, tien pond...baie goed vir vig hiegie dgoogte. Dgie en ‘n sikspens die pond...” Hy haal ‘n pers potloodjie agter sy oor uit om te begin opskryf.

Die winkelmeisietjie het intussen die eiers uitgepak.

“Hoevil aaiëgs, mies We-Zaail?” vra Suburski.

“Ses dosyn, miester Suburski, antwoord die stil boerenooientjie van waar sy by ‘n rak hurk om die ware af te stof.

“Hoevil stukkend?” vra die handelaar. “Jy weet ons kan nie stukkende aaiëgs verkoop.”

“E...ek dink net een...” antwoord sy huiwerig.

Blitsvinnig vir sy plompe lyfie buk hy na die eierrak en kyk daarin.

“Dgie stukkend, mies We-Zaail,” en toe met ‘n glimlaggie na oom Niklaas, “dies ‘n skade, miesteg.”

Hy is hard besig met sy potloodjie: “Dgie af van ‘n daleg van ses maal twaalf is twee en sestig...” en so gaan dit mompelend verder tot hy, nadat hy die potloodjie se punt natgelek het, met ‘n dik dwarsstreep onder sy gekrabbel op die stukkie karton die finale syfer gekry het.

Iets in sy binneste sê vir oom Niklaas (of was dit tant Lenie se stemmetjie?): vat die stukkie “kaartbord”, leen sy potloodjie en loop staan daar by die deur se lig en maak die sommetjie oor – maar hy huiwer. Hy wil nie aanstoot gee nie. Hy sal self nooit ‘n mens met iets te kort doen nie en ‘n ander mens sal dit nie met hom doen nie. Hy staan nog met hierdie gedagtes toe Suburski regop kom, sy arms sywaart strek en met ‘n blink glimlag vra: “En wat kan ek van môge vig miesteg Stgauss doen? Tee, koffie, suikeg, mooi kabbagdien...Sê net en ek het hom vig die laagste pgyse. Las week nog in die Kap gewees; hulle kan net nie daag beteg doen nie...hulle kan nie.”

Oom Niklaas steek sy hand in sy binnesak en oorhandig die lysie aan die winkelier.

“Sit maar die goedjies uit. Ek wil nog poskantoor toe en so voort. Sal dit later hier kom kry,” sê hy met ‘n gewete wat hom aankla, en met dié is hy daar weg poskantoor toe om ook ‘n draaitjie by die bank en die magistraatskantoor te gaan maak. Anders as gewoonlik loop hy vanmôre geen bekende sterfling of ou vriend raak nie. En hy brand so vir ‘n lekker geselsie in die middel van die straat. Later maar Voortrekker-kafee toe gestap en ‘n koppie flou koffie daar gedrink en toe terug winkel toe.

Nee, sy goed is alles reeds op sy kar gelaai en hier is die rekening. Suburski sal dit op die boek sit, maar as die droogte verby is, moet hy darem die eerste man wees wat betaal word. Oom Niklaas het die rekening geneem en in sy binnesak gesteek waar dit sou bly tot hy by die huis kom.



Toe hy halfpad ingespan het, kom Koopman daar aan met sy leë suikersakkie wat hy versigtig in die karkis plaas. Daarna help hy onhandig om klaar in te span. Toe hulle op pad terug is, dreun dit soos hy gesels. Vertel van die klomp geld wat hy vir die kougoed gekry het; van die drops wat hy vasgelê het solank die winkelier die goed staan en afweë het – en hy trek ‘n lang, taaierige, swart stuk half uit sy baadjiesak om te wys dat hy nie spekskiet nie – hoe hy die kougoed, toe hy nie sy prys kon kry nie, weer alles terug in die sak gegooi het en gemaak het of hy daarmee wil loop; hoe die winkelier toe gesoebat het; hoe hy uiteindelik vir sy prys gekry het. Hy hoef nie vir oom Niklaas te vertel wat hy daarna met die geld gemaak het nie. Dis het sy slap tong al gedoen.

Oom Niklaas het Koopman interessant gevind en heerlik na al die slimstories van sy plaasman sit en luister. Koopman is ook maar meestal sonder geselskap en kom hy vanaand by die huis, sal hy dit weer goed ontgeld onder Grietjie. Nee, vir oom Niklaas is dit meer as ‘n gelate aanvaarding; hy kry selfs ‘n glimlag by die gedagte dat Grietjie met haar kwaai skreeustem vanaand net ‘n stuk droplekker sal kry as soenoffer vir haar man se toestand en vir die feit dat hy nie ‘n pennie geld of enige ware saamgebring het nie; ook nie eens iets om te drink nie.

Koopman het later so praat-praat skeef omgekantel en aan die slaap geraak. Eers toe die plaashuis in sig was, het oom Niklaas hom wakker geskud. Toe hulle stilhou, is hy taamlik deurmekaar, nors en half befoeterd. Maar hy help tog uitspan.

Tant Lenie kom later groet, maar is ook dadelik aan die beveel: “Koopman, los die uitspanner en laai vir my die winkelgoed af. Ou man, waar is die lysie lat ek kan sien of die handelaar jou nie weer geveer het nie. Hoevil het my botter toe gegaan? En die eiers?”

Oom Niklaas voel in sy binnesak. “Nee, Suburski het die lysie gehou, maar hier is die rekening.” “Pak af, Koopman, pak af! Hoe het ek dit met jou! Lyk my, as jy dorp toe was, is jy net goed om te stuur om die dood te loop haal. Waar kry jy die geld vir die drank

vandaan? Niklaas...! Kyk hoe rooi is sy oë. Vanaand bars jy as Grietjie jou sien. Toe, haal af darie sak suiker.”

Oom Niklaas het in stilte klaar uitgespan en ongemerk die perde na die stal gelei. Ná so ‘n dag het die diere ‘n bietjie voer en water verdien. Hy was nog in die stal besig om ‘n konfytblik hawer oor die droë kaf in die krip te gooi, toe Koopman hom kom roep. Dié het sy sakkie oor sy skouer, en oom Niklaas merk nou eers dat dit nie leeg is nie. ‘n Langerige, ronde voorwerp lê onderin, onmiskenbaar ‘n bottel. Toe hy huis se kant toe stryk om te hoor wat dit dan nou is, vat Koopman die pad in die rigting van sy sinkhuisie. ‘n Entjie verder op pad na die huis kyk hy toevallig om en sien hoe Koopman aan die duskant van ‘n kraalbos met sy sakkie op die grond hurk. Verder teen die rantjie sien hy Grietjie kersregop op ‘n lampolieblik teen die skadukant van hul sinkhuisie sit en wag. Toe loop hy huis toe en kry sy vrou nog altyd langs die uitgespande kar tussen die negosie besig. Hy kom nog aan, toe praat sy al.

“Niklaas Struis, as ek nie vanmôre so mooi, só mooi, uit die diepte van my hart, vir jou gewaarsku het dat jy moet pas op dat Suburski jou nie verneuk nie, da’ het ek nou niks gesê nie, my man, glo my, niks nie. Maar kyk nou hier hoe’t hy jou verneuk met nie minder as een pond vyf sjieling nie. Kyk hier.” En met dié druk sy die rekening onder sy oë.

Hy vat dit bedaard en hou dit teen die namiddagson: “Twee pond koffie, een blikkie bakpoeier,” begin hy moeisaam lees. “Lees verder, lees verder – tot daar by die ditto en da’ praat ons weer.”

Oom Niklaas kyk ‘n lang ruk aandagtig na die rekening. Toe frons hy sy ruie wenkbroue. “Ditto, ditto?” wonder hy en kyk sy vrou woordeloos aan.

“Óf Suburski het jou verneuk, óf jy het iets gekoop wat ek nie ken nie...Niklaas Struis, jy moet vir my sta’ draaie loop... kom uit daarmee! Moenie nie net daar staan en frons nie. Het Suburski jou verneuk of is dit ‘n ding waarmee jy my verneuk? Uit daarmee!”

En so het dit gegaan hierdie kant toe en daardie kant toe, tot oom Niklaas om vredesonthalwe, en omdat so 'n saak nie langer as hierdie heden se dag kan wag nie, moeg, hartseer, en diep in sy hart veronreg die twee gedane perde uit die stal gaan haal en hulle stil-stil ingespan het. Toe hy wegtrek, weer terug dorp toe, verskyn tant Lenie op die stoep. "Vat jy nie vir Koopman saam nie?" vra sy met 'n tikkie besorgdheid in haar stem.

Hy het net skuins na haar gekyk en niks gesê nie.

Die aandster het al hoog gesit en Koopman en Grietjie se lawaai van die onderplaas af was al lankal stil toe tant Lenie uit haar voorslaap deur die getok-tok van die perdekar se disselboom wakker gemaak word. Onder die sterlig het oom Niklaas begin uitspan, en hy was byna klaar toe sy daar met 'n lantern aangesit kom.

"Het jy toe die winkel nog oop gekry?" vra sy half huiwerig.

"Ja, net toe hulle toemaak, was ek daar," kom die antwoord stilweg.

"En het jy hom toe kortgevat en die geld uit hom gekry?" vra sy met meer selfvertroue.

"Nee, vrou, maar ek het 'n groot les geleer vandag. Jy het vanaand in jou spens 'n sakkie witsuiker vir een pond tien en 'n sakkie ditto, 'n sakkie bruinsuiker, vir een pond vyf. So die les wat ek geleer het is: jy's 'n bleddie fool en ek is ditto."

### Bylaag 3:

#### Dito (sic) is met Do getroud – J Spies (1984)

...op 'n goeie môre val die kêrel weer met sy kar en donkies in die pad na oubaas Charney se winkel op Mariental.

Dit was 'n wonderlike mens, dié ou Boere-Jood, wat ons mense van die omgewing so te sê deur die depressie gedra het.

Maar in elk geval, die man kom ry met die kar en donkies daar op Mariental aan en hy span uit en stap met sy notisietjie na oubaas Charney toe.

Daar gekom, word daar gegroet en na die welstand verneem en toe begin die kopery.

Dis 'n jaart Duitse sis, ses knope, 'n tolletjie garing, 'n paar velskoene, twee hemde, vier pond koffie, 'n halvesak suiker, 'n sak mieliemeel, 'n halvesak boermeel, twee pakkies vuurhoutjies, vyf sakkies Hartbees-tabak, en nog 'n paar goedjies.

Ná die kopery en die afrekenry gaan span hy in en kom laat sak die draaghout voor die winkel, sodat die donkies nie met die kar op loop kan sit nie. En hy laai op.

Met die terugryery gaan dit sommer flink, al het die kar ietwat van 'n vraggie op, want 'n donkie is mos nou eenmaal 'n ding wat op sy manier nogal fluks kan wees wanneer sy kop huis se kant toe gedraai word.

Sommer met die stilhou begin die uitspannery en met die loop vir 'n koppie koffie word die eerste pak winkelgoed ook saamgedra. Toe alles afgelaai is, begeef die man hom krip en kraal toe vir die aandwerk met sy klompie vee.

En die vrou pak alles wat hy gekoop het uit en sorg dat elke ding sy bestemming bereik – in haar kombuisrakke van op mekaar gepakte lampoliekiste, of in die slaapkamer.

Een vir een merk sy af op die rekening om seker te maak dat daar nie êrens fout gekom het nie.

En dis hier waar sy vassteek.

Daar is 'n ding opgeskrywe wat sy nêrens tussen die ander goed kry nie. En die een hemp is glad en geheel nie opgeskryf vir die afrekening nie.

Toe die man teen skemer die kombuis van buite af instap, is die vrou al vuurwarm. En in die lanternlig gaan sy vir die soveelste keer die klompie goed na waar sy hulle weggepak het.

Die hemp wat nie opgeskrywe is nie, lê nog op die kombuistafel.

“’n Mens kan die bleddie winkelmense darem ook nie vertrou nie!” sê sy. “Jy moet wragtag keer vir elke pennie wat jy het, of hulle verneuk jou. Kyk nou hier.”

En sy beduie waarop sy afgekom het.

Alles wat hy gekoop het en wat van die lys afgeskryf is, is daar, behalwe vir die liederlike fout: Van die twee hemde is net bloot een opgeskrywe – met prys en al – maar van die ander een staan daar nie ‘n letter nie.

En dan is daar ‘n ding opgeskrywe, wat g’n mens sal weet wat dit is nie – ‘n “do”. En hy kos nogal soveel as die ander hemp, en dis dêm duur. ‘n Hele vyf sjielings en ‘n sikspens. “Ek los hierdie hemp nou net so toegevou soos hy in die winkel was en dan vra jy wat vir ‘n ding hierie ‘do’ is. Só kan dit nie gaan nie; ‘n mens sal uitgeroei word.

Die man voel self ook nie lekker oor die verneukery nie, en hy help maak die pap dik aan oor hoe skelm die besigheidsmense sommer in die algemeen is.

‘n Paar dae later spring hy in die pad Mariental toe. Reg is reg en verkeerd was nog nooit reg gewees nie.

Die hemp, die rekening en die lysie gaan saam.

In die winkel groet hy sonder om die geringste teken van onraad te laat deurskemer.

Kort-kort voel hy of hy nog die rekening en die oorspronklike lysie in sy sak het. Die hemp is in ‘n stuk bruinpapier toegevou – vir die groot oomblik eenkant op die toonbank neergesit.

En toe is dit sulke tyd.

“Wat sal dit vandag vir jou wees?” vra oubaas Charney ewe vriendelik en bedaard.

“Gee my asseblief ‘n do,” antwoord die kêrel sonder om ‘n oog verkeerd te knip.

“’n Wát?”

“’n Do”

“Ek het nie so ‘n ding nie. Wat maak ‘n mens daarmee?”

“Man, meneer Charney, ek weet self nie, maar hulle noem dit ‘n ‘do’ en ek wil een hê.”

“Nee, so ‘n ding het ek nog nooit gesien nie, of daarvan gehoor nie.”

“Wel, verlede keer het jy een aan my verkoop – ongevraagd. En vandag weet jy kwansuis niks daarvan nie.

Teen hierdie tyd begin loop die gesprek in ‘n verkeerde rigting en die twee manne word onlekker vir mekaar.

“Maar man, dis nonsens. Ek weet wat in my winkel is. Ek het nie hier so ‘n ding nie,” sê oubaas Charney ergerlik.

“Wel, ek dink ook nie jy het so ‘n ding hier nie, maar laaskeer het jy een aan my verkoop, en ek het jou nog boonop daarvoor betaal ook. Dis mos die louterste verneukery waar jy om kan dink.”

Oubaas Charney ontplof amper oor dié beskuldiging.

En toe speel die kêrel sy troef en hy vou sy rekeningstaatjie voor die deurlugtige ou winkelier oop. En hy wys met sy vinger.

“Wat staan altemit hiér geskrywe? En kyk net wat kos dit!”

Oubaas Charney neem die rekeninkie en staan en kyk verslae na die klant met wie hy al so baie besigheid gedoen het.

“Ek het gedink jy sal nie weet wat om te sê nie,” gaffel die boer in sy groot oomblik op ‘n manier wat bedoel was om seer te maak.

“My liewe vriend, jy verstaan die ding heeltmal verkeerd,” antwoord oubaas Charney, wetend dat die laaste woord syne is.

“Nou maar lat ek hoor!” kom die antwoord nog steeds van ‘n man wat glo dat hy gewen het.

“Man, ‘do’ is hier ‘n hemp. Jy het ‘n hemp gekoop. Dáár staan dit. En toe het jy nog ‘n hemp gekoop. En dáár staan sy prys...”

“Nou van wanners af word ‘n hemp ‘n ‘do’ genoem?”

“Jy verstaan nog nie...”

“Nou ja, vir wat skryf jy dan ‘do’ as dit nie hemp beteken nie?”

Tydsam lê die ou winkelier die storie uit: “Do” is ‘n afkorting vir “dito” (sic) en dit beteken min of meer “dieselfde”.

“Hier op die rekening staan dus jy het ‘n hemp gekoop en toe het jy nóg ‘n hemp gekoop.”

“Nou vir wat skryf jy so snaaks?”

“Man, ons skryf almal so in die besigheid. Dit skryf maklik en vinnig omdat dit ‘n kort woordjie is.

“O,” sê die kêrel bedremmeld. “En dan het ek nog die hemp saamgebring om te raas oor hy nie opgeskrywe is nie.”

En hy haal die oorbodige bewysstuk uit die papier waarin dit toegevoeg was.

En daar kom vrede op die twee gesigte. En toe twee glimlagte.

Toe hy later die namiddag by die huis kom, het die stomme man nog kwalik sy sit vir koffie gekry, toe wil die vrou weet hoe die skermutseling verloop het.

“En wat het ou Charney toe te sê?”

Die man hou sy lyf Charney en verduidelik haarfyn hoe die ingewikkelde ding werk dat “dito” niks anders as “dieselfde” beteken nie en dat dit op die rekening vir die tweede hemp staan.

Die vrou begryp nog nie heeltemal mooi nie.

“Maar hoe kan dié do-affêring ‘n hemp wees wat dieselfde is as die ander hemp, maar ‘do’, sê jy, is darem ‘dito’ ook?”

En toe vat die kêrel die saak só saam:

“Man, dit beteken kortom ek is ‘n bleddie fool en jy’s dito (sic).”

### Bylaag 4:

#### Smous uit die dode – AAJ van Niekerk (1974)

Vroeër dae was 'n smous geen snaaksigheid nie. Winkels was skaars en die smouse het 'n goeie bestaan gemaak deur die land met hulle karre of waens of pakesels te deurkruis. En wat het hulle glo nie alles met hulle saamkarwei nie – horlosies, krale, skêre, rolle materiaal, eetgoed en nog allerlei anner soort goed. En op naastenby elke plaas het 'n smous – soos elke ander reisiger – gasvryheid en onderdak gehad: 'n buitekamer, 'n skuur, 'n stal... selde hóé, maar 'n lêplek kon hy kry.

En so was daar 'n bekende smous wat altyd sy draai in Loeriesfontein se wêreld kom maak het. Voëlman was sy naam. En een van sy slaapplekke was op Kamnannie, so omtrent sestig kilometer van Loeriesfontein af. Daar het Therons gewoon; arm mense. En hulle huis was nie groot nie. Daarom het hulle vir besoekers 'n kapwaentjie langs die huis getrek, met 'n katel in die watent. En hierin het ou Voëlman baiekeer geslaap. Snags of nie snags nie, en of daar mense by die huis was of nie by die huis was nie, as ou Voëlman daar opdaag, knoop hy die agterklap van die tent oop, klim in en loop lê en slaap lekker uit in die watent. En dié ou Voëlman kón glo so vreeslik slaap.

Een nag daag hy weer daar op – so teen tienuur die aand. En hoewel dit vir die Therons nog vroegerig was, slaap die hele huis; daar's g'n lig in 'n venster nie. En ou Voëlman span uit en gee die donkies water en gaan jaag hulle in die kraal. En so in die donkerte sien hy daar is nog trekdier in een van die krale, maar hy steur hom nie daaraan nie. Hy loop trek by sy skotskar uit en steek sy klere in die karkis en trek sy nagklere aan. Dis toe soos darie tyd die gebruik was, g'n slaapbaadjie en broek nie, maar 'n – wat die oumense genoem het – naghemp, nagrok of nagjurk.

En ou Voëlman het nooit sonder sy mus geslaap nie. Dié trek hy oor sy kop. Net sy neus en oë is oop. En die ou los sy dagklere in die karkis; hy vergeet skoon van die volgende môre se aantrek. En hy stap kapwa toe en hy knoop die agterklap los en hy klim in om te slaap.



Wat Voëlman nie geweet het nie, is dat daar dié dag toevallig op Kamnannie 'n verbyganger dood is. Dit was 'n Nel van die plaas Troye in Loeriesfontein se omgewing. En om hulle nie ander plek gehad het nie, lê Kamnannie se mense toe die lyk in die kapwa op die bed neer. En teen die aand was alles gereël dat die Theron-broers, Piet en Johannes, so teen middernag se stryk sou opstaan en sou inspan en dan met die kapwa en ses muile die pad sou vat Loeriesfontein toe. Dan sou hulle ten minste deur die koelte van die nag kon ry. En op Loeriesfontein sou Nel gekis kon word en dan sou hulle die pad verder pak na Troye toe, waar die Nels volgens die boodskap moes klaarstaan vir die begrafnis.

Nou ja, ou Voëlman klim agter by die watent in en hy voel hier lê nog iemand en slaap. En hy dink: Dis dié se trekdier wat in die een kraal gejaag is. Seker maar nog 'n reisiger wie se kar of wa êrens in die donker op die werf staan. En hy kruip versigtig langs die kêrel in, solat hy hom nie dalk steur nie. En hy dommel weg.

Teen middernag staan die twee Theron-broers op en span die muile in en gryp die stuk pad Loeriesfontein toe.

En soos vroeër dae se ou mense van ingesteldheid was, sit die twee Therons toe nie met hulle-se rûe na die watent se kant toe nie. Nee, dit sou neerkom op minagting. Uit respekke vir die man wat dood is, sit hulle skuins op die wa se bankie voor die kap, solat hulle-se rûe nie na die dode toe wys nie. So ry hulle nag-deur op pad na Loeriesfontein.

Maar voordag skrik ou Voëlman wonder bo wonder wakker. En hy voel, maar dié wa, wat gisteraand laans die huis gestaan het, loop mos nou. En hy kyk na die ander man in die kooi, maar dié slaap nog. En ou Voëlman knoop die voorklap van die watent oop om te sien wat gaande is. En hy steek sy kop met die mus op omtrent tussen Piet en Johannes Theron uit. En toe dié twee in die halfdonker sien hier loer so 'n snaakse wese uit, toe dog hulle dis oorlede Nel wat om die een of anner rede begint geselskap soek. En hulle

spring weerskant toe van die wa af en hulle hol die veld in, en die esels sit van die doenigheid agter hulle op loop.

Voëlman dag: Dis nooit anders nie – dis twee diewe wat die wa gesteel het waarop hy en die ander kêrel doodluiters lê en slaap het. En hy bring die muilesels tot bedaring, en hy hou stil, en hy eien in die skemerte die pad, en hy draai om, en hy ry kordaat terug Kamnannie toe.

\

Later kom die son uit. En Voëlman loer van voor af in die watent in. Ja, die ander kêrel lê nog en slaap salig. En Voëlman dag dié vent slaap net so vas soos hy self; hy gaan vandag kyk wanneer die man wakker skrik. En dan sal hy by hom sy storie uithoor. En hom vertel van die diewe.

Later gebeur daar vir hom ‘n snaaks ding. Daar kom van voor af kort-kort ‘n kar of kuierwa by hom verby. En hulle wa word getrek deur vinnige, spoggerige goed soos perde of muile – g’n donkie nie. En die mense is aangetrek lat jy sou sweer hulle gaan bruilof of begrafnis toe. Telkens trek Voëlman die wa eenkant toe uit die pad dat die mense kan verbykom op hulle-se vername reis.

Later kom daar weer ‘n ryding van voor af, en Voëlman sien dis van Kamnannie se mense. En hy hou stil om van sy kordaatstuk te vertel. En die oom, wat die drywer is, eien van sy kant af sy kapwa. En hy sê vir die ander by hom daar’s fout. Piet en Johannes kon so waaragtig waar nog nie die lyk op Troye besorg het, of daarmee maar net tot op Loeriesfontein gekom het en toe om die een of ander rede omgedraai het en al weer so ‘n ver ent pad afgelê het nie. Daar’s fout.

En buitendien sit daar dié eienaardige mens met iets soos ‘n lykkleed aan en ‘n dodemus op sy kop voor op die wa.

“Wie’s jy?” vra die oom daar voor van sy ryding af.

“Ek is tog Vogelman,” kom die antwoord.

“Ja, ek het jou kar by my huis sien staan, maar wat maak jy hiér?”

En toe vertel Voëlman sy storie en lat die drywers weggehol het en lat hy dink dis diewe.

“Nou waar’s die lyk?” vra die oom.

“Waffer lyk?” vra Voëlman.

“Nel s’n wat op die katel in die watent gelê het.”

En toe maak Voëlman soos die twee drywers voordag gemaak het. Hy’s die wa daar af en in die veld in – kaalvoet en met net sy nagjurk aan sy lyf en sy slaapmus oor sy kop. Die Kamnannie-mense gaan kyk in die watent, en ja: daar lê die lyk nog. Van hulle pak toe die wa en hulle draai om Loeriesfontein toe. Langs die pad leen hulle ‘n span vars trekdier. Want hulle moet die begrafnisgangers haastig agternasit – almal sou al op Troye wees vir die begrafnis, behalwe die belangrike kêrel in die watent.

Intussen het die twee Therons tot verhaal gekom en truggeloop pad toe om daar vir ‘n geleentheid te wag – selde watter kant toe. En daar kom die begrafnisgangers op ‘n streep aan. En Piet en Johannes keer voor. En hulle vertel die raaisel. Dit lyk nie vir hulle of daar ‘n begrafnis sal kan wees nie, want die lyk het met die kapwa die pad teruggevat Kamnannie toe. Begrawe wil hy nie word nie.

En die mense sê die een met die ander: Ja hulle het voor op die wa ‘n man sien sit in iets soos ‘n lykkleed en met ‘n dodemus op sy kop. En hy het nogal eerbiedwaardig vir hulle kans gegee om verby te kom...

Nou ja, almal draai om – verslae van gees – en keer ook dié om wat nog aan’t kom was. En elkeen vertel dieselfde storie oor die wa met die eienaardige drywer.

Toe almal behoorlik omgedraai het en verwonderd op die terugpad is, kom die wa met die Kamnannie-drywers hulle natuurlik van voor af teë. En toe sal hulle maar die storie hoor. En weer moet hulle omdraai – Loeriesfontein toe en daarvandaan Troye toe. Amper

sononder die volgende namiddag kom Voëlman gehawend op Kamnannie aan. Hy kon deur die veld nêrens by 'n nabygeleë huis aangaan vir hulp nie, omdat hy gevoel het hy nie daarvoor geklee was nie. En naby die pad durf hy ook nie helder oordag kom nie. Hy kon uiteindelik amper nie meer loop nie.

En die Kamnannie-mense, wat toe al vergete van die begrafnis af trug by die huis was, sê vir hom: "Daar staan die wa; jy's sommer nog reg vir die kooi. Kom eet en loop kruip in." Maar Voëlman sê: "Nee, in 'n watent slaap ek nóóit weer nie. Want dit sal vir my smaak ek en die dood lê onder dieselfde kombers. En dan sal die kooi te klein wees vir ons".

## Bylaag 5

### Variasie op AAJ van Niekerk se verhaal: Smous uit die dode

Die ou Jood wat so met sy kar en perde van plaas tot plaas gery het en met sy ware gesmous het, was welbekend onder die boere van die omtrek.

Een aand laat kom hy op boer Van der Merwe se plaas aan. Omdat dit so laat was, besluit hy om nie die huismense te steur nie.

Voor die huis het 'n verewaentjie met strooi op gestaan. Hy versorg toe sy perde en besluit om sommer in die waentjie te slaap. In dié waentjie was egter ook 'n lyk wat die volgende môre na die bure moes gaan. Maar hieraan het die Jood hom nie gesteur nie. Hy het hom gerieflik gemaak en heerlik geslaap.

Die volgende môre, douvoordag, het die boer ingespan, sy plek op die voorkissie ingeneem en daar trek hy – oppad na die bure om die lyk “af te lewer”.

Die waentjie se ysterbande het nie veel geluid gemaak deur die sandformasie nie, ook nie veel geskud nie en die Jood het rustig voortgeslaap.

Maar toe kom die harde grondformasies en die waentjie begin spring en skud. Met al dié dinge, word die Jood toe wakker. Van der Merwe gewaar skielik die beweging agter hom en gooi amper die waentjie om. Die lyk...! “ Toe maar, miester van der Merwe, dis oraait, dis net ek – Isaac” (DAKDS VIC IV)

**Bylaag 6**  
**Die Afrikaanse Taal – J Lion Cachet**

Ek is 'n arme Boerenôi,  
By vele min geag;  
Maar tog is ek van edel bloed,  
En van 'n hoog geslag.  
Uit Holland het myn pa gekom  
Na sonnig Afrika;  
Uit Frankryk, waar die druiftrós swel,  
Myn liewe, mooie Ma.

Hul skel my uit vir Hotnotsmeid,  
Maar ek gee daar nie om;  
Want aan myn lippies kan jy sien  
Van wat geslag ek kom.  
Soet vloei die woordjies uit myn mond,  
Dit het van my ma;  
Maar as ek bid, dan hoor jy wel,  
Ek is 'n kind van pa.

Myn sussie wat uit Holland kom,  
Die hou verniet haar groot;  
Die lug is al te skerp vir haar,  
Sy is al amper dood.

Die dokters kom nou bymekaar,  
Hul maak tesaam 'n "Bond";  
Maar tog met al die doktery  
Word sy nooit weer gesond.

Myn niggie met haar stywe nek,  
Die loop in rooi satyn,  
En baing jonkmans loop haar na;  
Maar as die awendurtjie kom,  
Vat ek hom by die hand,  
En maak ek hom, hoe swak ek skyn,  
Nog koning in die land.

Want ek het onder in myn kis  
'n Ware towerstaf  
Wat ek nog van myn ouma het,  
En niemand weet daaraf.  
Hef ek die staf op: "Moedertaal",  
Dan volg die land my na,  
En is netnou koningin  
Van heel Suid-Afrika (Kannemeyer 1975: 29,30).